UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

# VAN SENDINGKERK TOT VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA (1960 - 1997)

DEUR

WILLIAM JULIUS DANIELS

VOORGELê TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE

VEREISTES VIR DIE GRAAD M TH IN DIE

DEPARTMENT VAN CHRISTELIKE STUDIES

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

STUDIELEIER: PROF JC ADONIS

NOVEMBER 1998

Ek verklaar hiermee dat **VAN SENDINGKERK TOT VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA: DIE GESKIEDENIS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK IN NAMIBIë (1960 -1997)** my eie werk is en dat ek all bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui of erken het.

WJ DANIELS

NOVEMBER 1998

## BEDANKINGS/VOORWAARD

Met die voltooiing van 'n taak pluk 'n mens die vrugte van opoffering en volharding, asook 'n gevoel van tevredenheid. Maar hierdie gevoel kan 'n mens onmoontlik nie alleen hanteer nie, omdat daar soveel faktore is wat meegewerk het tot die uiteindelike sukses.

Ek wil graag by wyse van die volgende bedankings erkenning verleen aan dié persone en instansies wat 'n bydrae gelewer het tot die suksesvolle voltooiing van hierdie taak. Hierdie bedankings, kan ek verseker, kom uit die diepte van my hart.

Reeds aan die begin wil ek my Hemelse Vader dank vir veilige bewaring oor die lang afstande wat ek moes aflê, asook vir wysheid, kennis en insig aan my toebedeel.

My vrou en kinders het gereeld by tye van moedeloosheid 'n belangrike motiveringsrol vervul, waarvoor ek veral my vrou van harte bedank.

Aanvanklik het verskeie N.G. Sendinggemeentes in Namibië finansiële bydraes gemaak en hul bronne beskikbaar gestel wat my instaat gestel het om op 'n redelike gesonde basis te kon begin. Hiervoor dank ek hulle.

'n Persoonlike woord van dank aan Professor Christo Lombard vir sy intense belangstelling en motivering en Antonia Goliath wat met die tikwerk gehelp het.

Ek kan ook nie nalaat om vir Professor JC Adonis, my studieleier, vir raad en leiding te bedank nie, sowel as Mev Nicia Smith wat met die afronding van my taak hulp verleen het nie.

Daar was ook baie gemeentelede in Namibië wat intense belangstelling getoon het vir wie ek 'n woord van dank wil oordra.

Ek hoop van harte dat hierdie studiestuk daartoe sal bydra dat die kerke van gereformeerde belydenis in Namibië nader na mekaar sal beweeg en die hemelse opdrag tot eenheid sal laat realiseer in Namibië.

Aan God alle eer!

**WILLIAM JULIUS DANIELS**
November 1998.

# INHOUDSOPGAWE

TITELBLAD

VERKLARING

BEDANKINGS/VOORWOORD

**Bladsy No.**

**HOOFSTUK 1**

1. Doelstellings 1
2. Fokuspunte 2
3. Metodiek 3
4. Struktuur 4

**HOOFSTUK 2** 7

Die historiese agtergrond vir die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika

1. Inleiding 7
   Vroeë Sendingpogings 7
   1.1 Die Wesleyaanse Sendinggenootskap 9
   1.2 Die Rynse Sendinggenootskap 10

2. Die Godsdienstige situasie tydens die Nederduitse Gereformeerde Kerk se koms na Suidwes-Afrika 13

3. Die Sosio-maatskaplike omstandighede waarmee die sending gekonfronteer is 15
   3.1 Maatskaplik 15
   3.2 Kommunikasie en Handel 18
   3.3 Polities 20
   3.4 Onderwys 25

4. Die eerste georganiseerde sendingpogings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 26

4.1 Die rol van die Federale Sendingraad in die daarstelling van 'n sendingbeleid vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.A. 31

4.2 Die Federale Sendingraad: Die beleid ten opsigte van die rassevraagstuk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 34

4.3 Die sendingbeleid van die Federale Sendingraad wat ook in Suidwes-Afrika/Namibië toegepas is 38

5. Die rol van die Sendingkommissie in die implementering van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 44

5.1 Die Algemene Sinodale Sendingkommissie 44

5.2 Skakelkommissies van Suidwes-Afrika 45

6. Sendingsamewerking: Die Drie-hoek-Ooreenkoms 46

7. Die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 1935 50

8. Kritiese beoordeling van die sendingmotiewe van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 53

8.1 Sendingmotiewe 53

8.1.1 Interne motiewe 54

- Doksologiese motief 54
- Koninkryksmotief 56
- Ekklesiologiese motief 57
- Gehoorsaamheidsmotief 59

8.1.2 Eksterne motiewe 60

- Imperialisme 61
- Paternalisme 61
- Kulturele 63
- Selfbehoud 64

**HOOFSTUK 3** 65

Die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en verdere ontwikkeling tot 1994

1. Inleiding 65

2. Faktore wat die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika in eie kerkverband beïnvloed het 68
   - Aanleidende faktore 70
   - Die posisie van die Basters 71
   - Sinode van 1857 72

3. Inskakeling by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 73

   3.1 Die inskakeling van die oorblywende twee gemeentes by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 82

   3.1.1 Nederduitse Gereformeerde Gemeente Rehoboth 82

   3.1.2 Mariental 85

   4.1 Verdere ontwikkeling van die Kerk in Suidwes-Afrika 86

   4.2 Raadpleging ten opsigte van sake van gemeenskaplike belang 88

   4.3 Die verhouding en skakeling met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika 89

   4.4 Die verhouding met en inskakeling van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika en die Alfa-Gemeente 94

   4.5 Die inskakeling van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika by die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 97

5. Die Ring van Suidwes-Afrika 103

   5.1 Die San Gemeenskap 103

   5.2 Ekumeniese betrekkinge 105

5.3 Die siening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië in verband met die uitbreiding van ekumeniese betrekkinge 107

5.4 Teologiese regverdiging van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika/Namibië 109

**HOOFSTUK 4** 110

Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika tot en met die stigting van 'n eie streeksinode in gereformeerde perspektief

1. Inleiding 110
   - Mariental Gemeente 112
   - Windhoek Gemeente 112

2. Kenmerke van die kerk volgens Gereformeerde kerkreg wat verwaarloos is in die totstandkoming en kerkregtelike ontwikkeling van afsonderlike Nederduitse Gereformeerde Dogterkerke 113
   - Eenheid 113
   - Heiligheid 114
   - Algemeenheid 115
   - Apostolisiteit 115

3. Beoordeling 116

4. - Jesus Christus is die Hoof van die kerk 120
   - Christus regeer sy kerk deur sy Woord en Gees 122

5. Lidmaatskap van die kerk 124

6. Kerkregtelike besluite rondom die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika en ander Dogterkerke 125
6.1 Die besluit van 1880 en relevante artikels in die eerste Grondwet 126
6.2 Die Grondwet 1915 126
6.3 Ongereformeerde aspekte rondom tugtoepassing 127
- Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika 128

7. Die verklaring van 'n Status Confessionis 128

8. Die rol wat die Belydenis van Belhar onder andere ook in Namibië gespeel het 130

9. Die Kerkregtelike perspektief op die Kerkorde van 1978 136
9.1 Opheffing van die Grondwet 1975 137
9.2 Ontleding van sommige artikels van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk soos in 1978 aanvaar is 138

**HOOFSTUK 5** 141

Die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika met inbegrip van die gemeentes in Namibië

1. Apartheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 141

2. Belydenisgrondslag vir kerkvereniging: Belydenis van Belhar (1986) 145

3. Die Beraad van Nederduitse Gereformeerde Kerke 147

4. Die eenwording in 1994 as 'n korreksie op die Sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (kerklike apartheid) 149

5. Inskakeling van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika by die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 150

6. Die pad verder 152

BIBLIOGRAFIE 153

NOTULES VAN VERSKEIE KERKVERGADERINGS 157

ACTAS/HANDELINGE VAN VERSKEIE SINODES/RAAD VAN KERKE 158

VERSLAE 159

KERKORDES, BEPALINGE EN REGLEMENTE 159

GESPREKKE 159

TYDSKRIF ARTIKELS EN REFERAAT 160

BYLAAG 2 161

BYLAAG 7 168

SUMMARY 185

OPSOMMING 187

TIEN SLEUTEL WOORDE 189

# HOOFSTUK 1

## DOELSTELLINGS, FOKUSPUNTE, METODIEK EN STRUKTUUR VAN DIE STUDIE

### 1. DOELSTELLINGS

Hierdie studie, oor die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Namibië, is aangepak om 'n duidelike beeld vanaf die kant van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk te kry sodat die toekoms vanuit hierdie perspektief benader kan word.

Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk vir Suidwes-Afrika/Namibië leen dit daartoe dat 'n studie gedoen word sodat die rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika ten opsigte van die stigting van aparte kerke nagegaan kan word.

1.1 Die aanvanklike doel vir hierdie skrywe is dat die skrywer self deel uitgemaak het van die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (vir ruim elf jaar waarin belangrike ontwikkelings plaasgevind het).

Daar sal dus op die pad teruggegaan word sodat die invloed van veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbenadering van naderby beskou word.

Teen die agtergrond van hierdie sendingmotiewe sal die optrede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geëvalueer word om sodoende die toekomspad aan te dui.

1.2 Daar sal ook krities gekyk word na hoe die apartheidsbeleid 'n rol gespeel het in die stigting van aparte kerke vir die kleurling en die inheemse bevolking, op 'n etniese grondslag.

1.3 Gepaardgaande hiermee sal ingegaan word op die historiese agtergronde vir die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika asook die stigting van die Evangliese Gereformeerde Kerk in Afrika.

1.4 Omdat daar sekere kerkregtelike ongeruimdhede in die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika was, is dit ook noodsaaklik om die klem te laat val op die kerkregtelike aspek soos deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika op die stigting van aparte kerke van krag gemaak is.

1.5 Met die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in 1994 is daar bewys dat die kerk nie ongehoorsaam kon bly aan die opdrag van die Here: "En hulle sal een wees", nie. Hierdie opdrag van die Here is ook ingesluit in die Belydenis van Belhar. In die Belydenis is die kerk verbind tot eenheid veral in kerke van gereformeerde belydenis.

## 2. FOKUSPUNTE

Daar sal kortliks op enkele raakpunte gefokus word om sodoende die studie nader te verklaar deur te wys op die onderstaande uitstaande gebeure.

2.1 Die Driehoekooreenkoms. Hierdie was 'n ekumeniese poging wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangegaan het met die Rynse en Finse Sending in die land. Maar toe dit blyk dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk sy finansiële bydraes wou misbruik om etniese en ander ideologiese faktore te bevorder is hierdie ooreenkoms eensydig verbreek.

2.2 Die hele proses rondom die stigting van 'n afsonderlike Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Kleurlinge was bepaal deur die onregverdige, praktyke van afsonderlikheid.

2.3 Hoe die ekumeniese betrekkinge tussen die sogenaamde "Moeder" en "dogterkerke" deurgaans in die hande van sogenaamde Sendingkommissies of 'n

Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke geplaas is om die apartheid van die kerke te waarborg.

2.4 Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika het in 1975 tot stand gekom. Hierdeur word etniese groepering gehandhaaf in kerkstigting. Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika was gebruik as 'n "opvangkerk" vir soldate van die Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag. Dus kan die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika ook beskryf word as 'n "Army Kerk". 'n Kerklike tuiste moes ook gevind word vir hawelose vlugtelinge. So is die "United Church of the Conquerer" gestig. Hierdie lede moes later deur die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika opgeneem word.

## 3. METODIEK

Vanweë die feit dat daar so min bronne, behalwe sinodale sowel as ringsnotules, beskikbaar is, is baie swaar geleun op die bestudering van Argivale bronne. Dit het noodwendig tot gevolg gehad dat hierdie bronne die basis vir die studie gevorm het.

Die studie moes noodwendig konsentreer op die kerkregtelike en teologiese refleksie rondom wat die Nederduitse Gereformeerde kerk se verstaan en interpretasie van wat sending is, betreffende die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wat hulle in die land gevestig het.

Die beleid van apartheid wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk wortel geskied het, het veroorsaak dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk sterk gekant was daarteen. Die Belydenis van Belhar wat in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk ontstaan het, was 'n sterk reaksie teen die apartheidsdenke van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die Ring van Namibië - Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk - kon hom nie losmaak, soos die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië - van die besluite

in Suid-Afrika nie en daarom vanuit die grondslag van die Belydenis van Belhar eenwording met die Evangliese Gereformeerde Kerk in Afrika nagestreef en verwesenlik het. Hierdie alternatiewe visie ten opsigte van die kerk en kerkeenheid is bepalend vir die ontplooiing van hierdie studie. Die kritiese beoordeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbeleid, soos vervat in die Algemene Sendingbeleid van 1935 en soos geïmplimenteer deur die gemeentes, ringe en van sinodes deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is noodsaaklik vir die verloop van die studie.

## 4. STRUKTUUR

Die verhandeling is verdeel in vyf hoofstukke waarin 'n kerkregtelike en teologiese studie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-afrika se bemoeienis met die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die land gemaak is.

In **hoofstuk 1** word die doel, metodiek, fokuspunte en struktuur kortliks uiteengesit. In **hoofstuk 2** word daar hoofsaaklik gefokus op die historiese agtergrond sowel as die werk van veral die sendinggenootskappe wat die land binnegekom het vanaf 1905. Dit het gelei tot die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika. Die historiese agtergronde vir die totstandkoming van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika as afsonderlike kerk vir Kleurlinge en Baster-lidmate word geskets.

Die historiese agtergrond sluit veral in die uiteensetting en die beoordeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbeleid, soos gereflekteer in die Sendingreglement, en soos konsekwent toegepas in Suidwes-Afrika deur middel van Sendingkommissies as 'n federale kerkstruktuur. In **hoofstuk 3** word die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika in detail bespreek. Die klem val veral op die agtergronde, motiewe, praktiese en prinsipiële aspekte. In **hoofstuk 4** word die verdere kerkregtelike ontwikkelinge tot en met die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika,

nagegaan. Belangrike aspekte wat aandag geniet, is die verstewiging van bande met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, en die moeilike weg wat die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika, die afsonderlike "army kerk", wat in die oorlogstyd uit 'n mengsel van sending- en ideologiese motiewe vir "swart lidmate" as 'n teenvoeter vir kerke van die sogenaamde bevrydingsteologie gestig is, moes wandel. **Hoofstuk 5** rond die studie af met 'n hoopvolle perspektief, van 'n eenwordende kerk binne die verdeelde Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie: die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Namibië, as 'n streeksinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. In 'n wesenlike sin beskryf die studie dus eintlik die effek wat die Belhar Belydenis óók in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie in Namibië gehad het: die ernstige strewe na eenheid, versoening en geregtigheid.

Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika is ook misbruik om die konserwatiewe Evangeliese beweging in Namibië tot stand te bring. Die evangeliese beweging se teologie sou met Suid-Afrikaanse geld by NETS[1] geformuleer en bevorder word as teenvoeter vir die sogenaamde Bevrydingsteologie van die ekumeniese kerke verbonde aan die Namibiese Raad van kerke.

2.5 In die geskiedenis van kerkregtelike manuevers moes daar tot 'n punt kom. In hoofstuk 5 word aangetoon hoe die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, waarvan die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, Ring van Namibië deel was, op die basis van die Status Confessionis en die Belydenis van Belhar rondom apartheid in kerk en samelewing afgekondig het en hoe die proses tot die stigting van 'n nuwe Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika gekom het. 'n Proses wat in Namibië tot 'n krisis gelei het met die eenwording van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika en die Ring van Namibië en gevolg deur 'n eie Streeksinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika.

---

[1] *NETS: Namibiese Evangeliese Teologiese Seminarie*

2.6 Die eintlike besondere bydrae deur die studie van kerkregtelike prosesse van bykans veertig jaar is om aan te toon hoe onmoontlik dit teologies is om vas te hou aan 'n ongereformeerde skeuring van die eenheid van die kerk van Jesus Christus wat nie gebou is op die eenvoudige waarheid van die Woord van God nie.

# HOOFSTUK 2

## DIE HISTORIESE AGTERGROND VIR DIE STIGTING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VIR SUIDWES-AFRIKA

### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar hoofsaaklik gefokus word op die historiese agtergrond, sowel as die werk van veral die sendinggenootskappe wat die land binnegekom het vanaf 1805, en hoe hierdie geskiedenis van die sendinggenootskappe as agtergrond gedien het vir die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika.

Daar sal ook gelet word op hulle bydrae op gebiede soos vroeë sendingpogings in Suidwes-Afrika/Namibië, sosio-maatskaplike omstandighede waarmee die sending gekonfronteer is, die vroeë sendingwerk vanuit die Nederduitse Gereformeerde Kerk sendingbeleid van die Federale Sendingraad.

Hierdie voorbereidende werk het dit veral vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika moontlik gemaak om later in te skakel by die sendingwerk in die land.

Vervolgens sal daar ingegaan word op die praktiese oorweginge wat die werk van die sendinggenootskappe beïnvloed het.

### Vroeë Sendingpogings

Die eerste sendingpogings deur veral die Londense Sendinggenootskap was nie baie suksesvol nie. Die heersende omstandighede soos die onbestendigheid van die Namas, het die sendeling gedwing om ook 'n nomadiese bestaan te voer. Hulle was genoodsaak om van plek tot plek saam met die groep te trek.

Daar was die gevoel wat later posgevat het dat alle sendingwerk tevergeefs was.

Die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was gereël deur 'n Sendingbeleid wat reeds in 1935 opgestel en aanvaar is. Hierdie beleid het te midde van vele verandering, na die opstelling en aanvaarding, die basis gebly selfs waarop latere onderhandelinge tussen ander kerke van gereformeerde belydenis gevoer is. Hierdie sendingbeleid het basies bepaal dat: "elke volk in sy eie taal afsonderlik moes ontwikkel". Die gedagte aan inheemse kerk is sterk beklemtoon en is ook prakties uitgevoer.

Die feit dat die sendelinge nie die taal (Nama) magtig was nie het ook nadelig ingewerk. En aan die ander kant was daar die gevoel van die Namas dat die sendelinge standpunte van die land van herkoms wou kom oorplant. Krönlein het hierop die standpunt gehuldig dat sendingwerk bestaan nie net om net vir die mense se siele te sorg nie en hulle op te voed nie, maar ook om die gunstige oomblik in die geskiedenis van hulle ontwikkeling waar te neem en dan daarop voort te bou."[2]

Daar moes na oplossings gesoek word om te verseker dat die sendingwerk suksesvol bedryf kon word. Die mees praktiese weg oop was om 'n geskikte plek, rondom 'n waterbron te soek en dan om die stamme daar te vestig. Die probleem wat hier kon ontstaan was dat hulle later, veral gedurende droogtes sou trek, maar dat hulle weer in gunstige tye sou terugkeer. 'n Voorbeeld hiervan was die geval toe sendeling Schmelen moes terugval op 'n waterbron te Pella waar hy 'n groepie Bondelswarts met hom saamgeneem het.

Daar was egter nie baie sukses op die werk van die Londense Sendinggenootskap nie en rondom 1830 het die Genootskap besluit om die

Heese, C.P. Ongedateerd. Sendingonderwys in Suidwes-Afrika 1806 - 1870. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery, p. 103.

gebied noord van die Oranjerivier te verlaat en hulle toe te spits op hulle snelgroeiende werk elders in Suid-Afrika. Alhoewel daar nie baie sukses op hulle werk was nie, is die fondamente gelê vir die meer duursame werk wat later sou volg.[3]

## 1.1 Die Weslyaanse Sendinggenootskap

Deur die bemoeienis van J. Schmelen aanvaar B. Shaw in September 1819 sy uitnodiging om Bethanie te besoek. Hulle bereik Bethanie op 25 Maart 1820.

B. Shaw en J. Archbell, na hulle ontmoeting met verskeie Namakapteins, en hulle versoek om sendelinge te stuur, het oorgegaan om 'n sendingstasie in Groot-Namakwaland te stig. Die goewerneur in die Kaap, Rufane Donkin, was hulle goedgesind en het verklaar: "Gentlemen, your are far more important than that of any colonial governor, and though my predecessor, in some measure, opposed missionaries going to those distant tribes, yet I will not, if you wish to go, do so, and I wish you every possible success".[4]

Na hierdie goedkeuring van die goewerneur kon die Weslyaanse Sendinggenootskap wel voortgaan om hulle eerste sendingstasie noord van die Oranjerivier op te rig.

Die Weslyaanse sendelinge het hulle veral toegespits op die onderwys. Sendeling E. Cook het op 16 Julie 1834 begin met skoolsessies en later met die ondersteuning van die vooraanstaande manne ook regulasies opgestel om die skoolbesoek te verbeter.[5]

Die skoolbedrywighede in Warmbad se omgewing het geleidelik toegeneem

---

[3] Buys, G.L. en Kritzinger, J.J. 1989. Salig die Vredemakers. Silverton: ISWEN, UP. p. 7.

[4] Shaw, B. 1970. Memorials of South Africa. Cape Town: Struik.

[5] Bruwer, J.P. van S. 1966. South West Africa; The Disputed Land. Elsiesriver: Nasionale Boekhandel, p.125.

totdat agt katkisasiemeesters en vier onderwysers uit inboorlinggeleerde in 1843 aangestel en besoldig moes word om 760 leerlinge om Warmbad en al die buiteposte te onderrig.

Die Weslyaanse sendelinge het tussen 1844 en 1851 'n sendingstasie onder Amraal Lamberts se groep op Naosanabis en Gobabis gestig en die werk oorgeneem wat die Rynse sendelinge onder Jonker Afrikaner se mense op Windhoek aangevoer het.

R. Haddy het in Windhoek 'n begin gemaak om boeke in die Namataal op te stel. Hierdie werk kon nie vorder nie as gevolg van gebrek aan fondse. Die Weslyane moes egter hul werk in Windhoek prysgee en terugkeur na Warmbad waarna die werk in Windhoek deur die Rynse Sendinggenootskap oorgeneem is.

## 1.2 Die Rynse Sendinggenootskap

Die Rynse Sendinggenootskap is gestig in 1828 as gevolg van toenemende belangstelling in sendingwerk. 'n Paar klein Duitse sendingverenigings het hul kragte saamgevoer en die "Verenigte Rheinische Missions Gesellschaft" gestig.[6] Die doel was om sendelinge op te lei en na die heidense volkere uit te stuur.

Dit was juis in hierdie tyd dat 'n berig in 'n Berlynse koerant verskyn het (1829) dat dr. Phillip met 'n groep sendelinge na Suid-Afrika sou vertrek. Die sendingkomitee het in 'n skrywe dr. Phillip versoek om die eerste sendelinge onder sy beskerming na Suid-Afrika te neem. Hy willig in en vier sendelinge, Von Wurmb, Leipoldt, Zahn en Lückhoff vergesel hom. Von Wurmb het eers vir Leipoldt gehelp met die aankoop van grond en met die stigting van Wupperthal en daarna die sendingstasie Ebenezer, naby die mond van die Olifantsrivier,

---

6 Du Plessis, H. 1976. Gaan dan Heen. Potchefstroom: Pro Rege, p. 200 -201.

aangelê.[7]

Verskillende Rynse sendelinge het die land binne gekom, maar vir hierdie studie sal daar veral ingegaan word op die bydraes van Carl Hugo Hahn met enkele verwysings na sy tydgenote.

Die behoefte aan geestelike versorging van sy volgelinge het baie swaar geweeg by Jonker Afrikaner, omdat hy vanuit so 'n situasie in Suid-Afrika afkomstig was. Jonker Afrikaner het dan ook versoek dat 'n sendeling vir sy mense beskikbaar gestel word. Schmelen het hierdie versoek wat aan hom gerig was op 4 Desember 1838 van Kommagas af skriftelik aan die Direksie van die Rynse Sendinggenootskap in Barmen voorgelê en hulle in dieselfde skrywe gevra om die begin van evangelisasiewerk onder die Namas te oorweeg. Op grond van hierdie versoek het die sendingdireksie op 17 Junie 1839 besluit om F.H. Kleinschmidt as voorloper van die Namasending na Suid-Afrika te stuur.

'n Verdere ontwikkeling was dat daar op 'n algemene vergadering gehou op 4 Maart 1841 die direksie besluit dat Hugo Hahn en Knudsen na Suid-Afrika moes gaan om by Kleinschmidt aan te sluit en ook die moontlikheid van 'n sendingstasie in Damaraland te ondersoek.[8]

Sendingpogings is gekortwiek deur gedurige botsings tussen die Nama en Hereros. Hierdie botsings het later oorgegaan tot 'n volskaalse oorlog. Ten spyte van die oorlog het die Rynse sendelinge altyd gepoog om nie die evangelisasiewerk te laat vaar nie, maar gedurigdeur voortgegaan. Soveel so dat prof. J. du Plessis gesê het: "Indeed the work of the Rhenish Mission in Namaqualand, and especially in Damaraland, arouses astonishment and couples admiration.[9]

---

7 Du Plessis, H. 1976. Gaan dan Heen. Potchefstroom: Pro Rege, p. 200 - 201.

8 Heese, C.P. Ongedateerd. Sendingonderwys in Suidwes-Afrika 1806 - 1870. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery, p. 76.

9 Du Plessis, J. 1932. Wie sal Gaan? Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, p. 340.

Om doeltreffende sendingwerk te verrig was dit van die uiterste belang dat vrede tussen die strydende partye bewerkstellig moes word. Vrede is op 9 Desember 1842 tussen Jonker Afrikaner en die Herero kapteins op Eberfield gesluit. Na die vredesooreenkoms het daar byna probleme opgeduik toe Jonker Afrikaner geweier het om as 'n welwillendheids-gebaar ook 'n besoek aan die Hereros op Okahandja te bring. Hy wou ook nie vir Hugo Hahn en Bain toelaat om na hulle te gaan nie. Hahn en Kleinschmidt het as gevolg van die teenkanting eers in Februarie 1843 kans gekry om 'n besoek af te lê.

Die sendingwerk waarvoor H. Hahn geveg het, het baie teenkanting gehad, maar nogtans het hy aangehou. Sy werk het ingesluit dat hy by verskeie geleenthede van nuuts af moes begin. So vind ons dat hy in 1844 vir Samuel Gertze en Dawid Cloete, twee Kaapse Basters moes gebruik om die werk te Neu-Barmen aan die gang te hou. Die omstandighede het so versleg dat teen 1853 al die sendingstasies ontruim is.

Gedurende 1854 het J. Rath teruggekeur na Otjimbingwe en die plek weer opgebou. Dronkenskap aan die kant van die koperprospekteerders het sy werk benadeel. In die tussentyd het Jonker Afrikaner ook homself aan drank oorgegee.[10]

Die werk wat die sendelinge en veral Hugo Hahn gedoen het, was nie waardeer nie. Die Herero's het gevoel dat hy hulle wou oorheers. Hy wou hulle nie 'n kans gun om op eie inisiatief te ontwikkel nie. Hulle was ook van oordeel dat hy aan die kant van die regering was en hierdie houding was die oorsaak dat hy met 'n teleurgestelde sending Hereroland verlaat het.

Tydens die vredesluiting het dit ook van die kant van die Namakapteins duidelik geword dat H. Hahn verdeeldheid onder die Namas wou saai en dus het hy

---

10 Heese, C.P. Ongedateerd. Sendingonderwys in Suidwes-Afrika 1806 - 1870. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery, p. 157.

onder verdenking gestaan by die ander groep Namakapteins. Tydens die vredeskonferensie te Hoachanas het dit dan ook duidelik geblyk dat hy die Namakapteins wou verdeel.

## 2. DIE GODSDIENSTIGE SITUASIE TYDENS DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SE KOMS NA SUIDWES-AFRIKA

Die situasie voordat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika op die sendinggebied inbeweeg het, was tot 'n mate baie gunstig.

- In 1845 het Kleinschmidt na die Swartbooistam in Rehoboth gegaan. Kaptein Willem Swartbooi se vrou, Annatjie, was reeds deur J.H. Schmelen gedoop. Die werk te Rehoboth het as aansporing vir ander Namastamme gedien. Hiervandaan het die werk na die Oorlamskaptein Amraal Lambert uitgebrei. Sendeling H.C. Knudsen het met die organisasie van 'n Christelike staat, begin. Die gevolg hiervan was dat Dawid Christiaan gedoop was en dat Knudsen 'n "Ryksboek" opgestel het wat die optredes van die leiers en volgelinge in besonderhede vervat het.

- Die sendeling Samuel Hahn het hom in 1850 by Paul Goliath aangesluit en in 1851 is hy deur Johann George Krönlein by Berseba opgevolg. Krönlein was veral verantwoordelik vir die opstel van skoolboeke, woordeboeke en vertalings van die Nuwe Testament, Psalms, Ou Testamentiese geskiedenis en nog baie ander boeke.

- Die Nederduits Gereformeerde Kerk het aanvanklik net finansiële hulp verleen aan die Rynse en Finse sending luidens 'n brief van Wim Nicol van die Christenraad van Suid-Afrika. Hy doen 'n beroep op die kerklike en burgerlike publiek om die Finse sending in Owambo te ondersteun. Hy meld: "Sedert Desember 11 is salaris betalinge met vyftig persent verminder, en selfs op hierdie karige berekening sien die Finse Sending

nie kans om langer as tot die middel van 1940 uitbetalinge van salarisse te maak nie."

'n Volgende oproep ten opsigte van finansiële ondersteuning het gekom van die kant van ds. P.K. Albertyn. Finansiële hulp het veral gedurende die oorlog ingestroom selfs toe hulle gebuk gegaan het onder die las van die oorlogskuld wat moes betaal word. Gepaardgaande hiermee is reëlings getref dat sommige van die sendingwerkers uit Finland aan die Sending Instituut, die Volkshospitaal en Friedenheim opleiding in veral die studie van Afrikaans ontvang.

- Die Rynse Kerk het ook finansiële hulp ontvang. Verskeie verslae dui op bydraes teenoor die Rynse Sendinggenootskap. Daar was 'n diepe bekommernis van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaapprovinsie, na die eerste Wêreldoorlog, oor die Duitse sendelinge wat in konsentrasiekampe hulle bevind het. Die brief van ds. P.K. Albertyn lui soos volg: "Soos u weet is Finland, ondanks sy heldhaftige weerstand, deur Rusland, die ongelowige reus, oorrompel. Interessant is dat gedurende die oorlog die leër van Rusland - nie met bomme bestook is nie - maar met Christelike lektuur en dele van Gods Woord wat hulle op die Russiese soldate laat neer reën het."[11]

Op hierdie stadium in die kerkgeskiedenis (1940) was die Nederduitse Gereformeerde Kerk toe reeds al bekommerd oor die nie-blankes in Suidwes wat deur die internerings getref is. Die Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het baie probeer om die saak te beredder en toe dit blyk dat hulle nie kon slaag nie, is die hulp van die Moderatuur ingeroep.[12] Die sinode van 1945 het ten spyte van hierdie terugslag maar weer besluit om met die Eerste Minister van

---

[11] Die Kerkbode, 19 Maart 1941, p. 382. Kerkargief, Kaapstad.

[12] Die Kerkbode, 19 Maart 1941, p. 382. Kerkargief, Kaapstad.

Suid-Afrika te skakel om die saak van hierdie sendelinge te bepleit. Maar die sendelinge moes in aanhouding bly tot na die oorlog.[13]

Die tyd vir georganiseerde sendingwerk deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk het al hoe meer gunstiger begin lyk. Die aanvoerwerk is deur die verskeie sendinggenootskappe gedoen; die finansiële hulp soos verleen aan die Rynse en Finse sendelinge het die pad aangedui wat later gevolg sou word. Die uiteindelike oorname van die sendingwerk deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika sal later in die hoofstuk bespreek en van naderby beskou word.

Die sending in Suidwes-Afrika/Namibië kan nie as vanselfsprekend beskou word nie. Daar was verskeie terreine wat verken moes word alvorens die werk die regte inslag kon kry. Hierdie terreine of te wel gebiede word voorts behandel. Die terreine wat op ingegaan sal word is die volgende.

## 3. DIE SOSIO-MAATSKAPLIKE OMSTANDIGHEDE WAARMEE DIE SENDING GEKONFRONTEER IS

### 3.1 Maatskaplik

Die sendelinge was genoodsaak om eers die fondamente reg te lê alvorens daar met hul sendingwerk begin kan word. Van belang hier is die posisie van die vrou en die inrigting van die huwelik. Hier het die sending groot invloed op uitgeoefen.

Volgens G. Tötemeyer het daar veral onder die Duitse regering 'n probleem

[13] Handelinge van die Dertigste Vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1945, p. 504. Kerkargief, Kaapstad.

ontstaan wat aan rassisme gegrens het. Hierdie probleem moes oorkom word omdat die inheemse bevolking ook kerklik ingeskakel moes word. Sake rakende die maatskaplike ordening het deel gevorm van die "Landesrat" se bevoegdheid.[14]

Sake wat verwys was, moes deur die Raad behandel word en sy menings moes bekend gemaak word.Die Raad het egter soms op eie inisiatief menings oor sake gelug in belang van die goeie orde binne die gemeenskap.

Hierdie Raad was veral besorg oor gemengde huwelike tussen Duitsers en die plaaslike bevolking. Die sendelinge het daarop gewys dat kinders uit sodanige huwelike geensins verwerp behoort te word nie en dat daar met sulke huwelike niks verkeerd was nie. Die huwelik van J. Schmelen het die Reichskommissar in Suidwes-Afrika geensins beïndruk nie en het aangevoer dat hierdie huwelik 'n geïsoleerde geval was. In 1877 het die kantoor van Buitelandse Aangeleenthede bepaal dat kinders uit gemengde huwelike as Duitsers geregistreer moet word en buite-egtelike kinders na die moeders kant moes gaan. Plaaslike vertoë om gemengde huwelike te wettig was heftig teen gestaan. In terme van 'n "verordening" is bepaal dat waar pare saamwoon en dit probleme veroorsaak kon die polisie die pare forseer om uitmekaar te gaan.

Die sendelinge het probeer om groepe bymekaar te hou deur huwelike tussen hulle kerklik te laat verbind.

Dit was belangrik veral in die suide dat daar gekyk word na die rol wat die vrou in die Namagemeenskap gespeel het. Sy was verantwoordelik vir die grootmaak

---

14 Tötemeyer, G. 1935. South West Africa/Namibia: Facts, Attitudes, Assessments and Prospects. Cape Town: Fokus Suid, p. 21. Goldblatt, I. 1971. History of South West Africa from the beginning of the 19th Century. Cape Town: Juta, p. 188.
Die Landesrat was 'n raadplegende liggaam in die Duitse tyd. 'n Voorbeeld hiervan was die huwelik van sendeling Schmelen met'n Hottentotvrou te Kommaggas. Schmelen se opdrag om die vier evangelies in Nama te vertaal was baie vergemaklik deur sy vrou wat die proeflees waargeneem het. Sy het hierdie vertaling as haar lewenstaak aanvaar. Die manuskrip is in 1831 gepubliseer.

en opvoeding van die kind en moes sorg vir die voorsiening in die basiese behoeftes en huisvesting vir die mans wat gedurigdeur weg van die huis geneem is vir die verdediging van die gemeenskap. Die vrouens het geen ander morele of etiese basis as die christendom gehad nie om hulle te ondersteun nie. Dus het hulle groter belangstelling getoon in die beginsels soos deur die evangelie vasgelê.[15]

Hieruit kan afgelei word dat die mans die sendingriglyne aanvaar het slegs om die lojaliteit van die vrouens te behou. In die middel van die 19de eeu het die Christendom 'n integrale deel van die sosio-politieke verhoudings in Namaland geword.[16]

Eerstens was dit vir die regering belangrik om die bevolkingsgroep - Duitsers en inheemse inboorlinge uit mekaar te hou sodat die inboorlinge beter beheer kon word asook om rassuiwerheid te handhaaf. Hierdie vorm van segregrasie het dit vir die sendelinge moontlik gemaak om dan rustig met hul werk voort te gaan. Alhoewel van die sendelinge nie hiermee tevrede was nie, moes hulle daarmee voortgaan. Toe dit later blyk dat die beleid van rasseskeiding verder gevoer is as wat aanvanklik gedink is, het Hugo Hahn die idee van reservate probeer verkondig. Hierdeur sou veral die Hereros tot 'n mate beskerm word.[17]

Of dit op hierdie stadium 'n goeie besluit was, kon nie vasgestel word nie, maar die wysheid van hierdie versoek is verkeerd bewys in die latere ontwikkeling van die land. In die vestiging van aparte ontwikkeling sou dit later die ideale posisie wees toe die regering van Suid-Afrika op grond van die C-Mandaat sy houvas oor die land gekry het.[18]

---

15 Tötemeyer, G. 1935. Southwes Africa/Namibia: Facts, Attitudes, Assessments and Prospects, p. 3 - 4.

16 Tötemeyer, G. 1935. Southwes Africa/Namibia: Facts, Attitudes, Assessments and Prospects, p. 3 - 4.

17 Goldblatt, I. 1971. History of South West Africa from the beginning of the 19th Century. Cape Town: Juta, p. 1 28.

18 Goldblatt, I. 1971. History of South West Africa from the beginning of the 19th Century. Cape Town: Juta, p. 1 - 28. Die C-Mandaat het bepaal dat Suid-Afrika net vir 'n bepaalde tyd voogdyskap sou hê oor

## 3.2 Kommunikasie en Handel

### - Padverbinding

Dit was uiters noodsaaklik dat die binneland vir veral die sendeling en later vir die handelaars toeganklik moes wees. Om die mense beter te leer ken was kennis van die land noodsaaklik. 'n Padstelsel moes daargestel word om die mense te bereik. Schmelen se roete het dit teen die jaar 1850 moontlik gemaak om vanaf die Oranjerivier Bethanie per ossewa te bereik.

Jonker Afrikaner het ook in 1844 die pad tussen Windhoek en Walvisbaai voltooi.

Hierdie paaie het die werk van die sendelinge baie vergemaklik. Die handelaars kon ook nou gouer die markte bereik en hul goedere aan mense verskaf.[19]

Die sendelinge het nie net die evangelie verkondig nie, maar was ook daarop ingestel, om veral die jongmense handvaardighede aan te leer. Hulle het die jongmense wat by die sendingstasie saamgetrek het verskeie ambagte, soos bouwerk, herstelwerk en padmaak geleer. Die jongmense moes die sendelingvrou in die huis help met skoonmaak, was en later selfs kook.

Hierdie poging het die mense gehelp om later selfvoorsienend en selfversorgend te raak en kon hul ook van hul artikels op die mark

---

Suidwes-Afrika, maar later wou hulle die land as 'n vyfde provinsie inlyf. (Vrede van Versailles)

19 Vedder, H. 1934. Das Alte Südwes-Afrika. Berlin, p. 259.

plaas.[20]

- **Handel**

Na gelang die paaie uitgebrei het, het die handelaars op die toneel verskyn. Die eerstes het reeds in H. Knudsen se tyd in die omgewing van Bethanie met brandewyn verkope onder die mense begin.[21] Daar het 'n groot kompetisie tussen die handelaars ontstaan en later met die vestiging van die Sweed, Anderson, met sy hoofkwartier te Otjimbingwe, moes die kleinhandelaars hul handelspoging gelate laat vaar.[22] Die handel in brandewyn en wapens deur gewetenlose handelaars het 'n nadelige invloed op die landsbewoners gehad. Hierdie tipe van handel kan deels verantwoordelik gehou word vir die onrus wat in die vyftiger en sestiger jare ontstaan het.[23]

Die uitbuiting deur gewetenlose handelaars het die sendelinge, en veral Hahn, genoodsaak om toe te tree tot hierdie "gevaarlike terrein". Deur dit te doen kon hulle in die basiese benodigdhede van die inwoners voorsien.[24]

In 1864 rig Hahn 'n handelshuis te Otjimbingwe op om teen billike pryse die artikels aan die Hereros te voorsien. Hierdie voorsiening in handelsware het nie net die lewensomstandighede van die Hereros verbeter nie, maar ook gesorg vir 'n beter inkomste vir die sendelinge.

Staatsmanne soos Curt von Francois en sendelinge het hierdie pogings deur die sending as iets positief gesien en dit verwelkom. Maar toe dit

---

20 Kritzinger, J.J. 1972. Sending en Kerk in Suidwes-Afrika. Pretoria: DD Verhandeling.

21 Kritzinger, J.J. 1972. Sending en Kerk in Suidwes-Afrika. Pretoria: DD Verhandeling, p. 212.

22 White, J.M. 1969. The Land God made in Anger. London: George Allen and Urwin, p. 250.

23 Vedder, H. 1934. Das Alte Südwes-Afrika. Berlin, p. 260.

24 Vedder, H. 1934. Das Alte Südwes-Afrika. Berlin, p. 209.

later blyk dat die Hereros Hugo Hahn as 'n bedreiging sien in die sin dat hy hierdeur 'n magsbasis vir homself wou verseker, moes die sending se posisie in die handel weer in oënskou geneem word. Die verdere beswaar was dat hulle so 'n houvas op die voorwaardes vir vrede kon bepaal wat ook gebeur het tydens die beëindiging van die dertigjare stryd tussen die Namas en die Hereros (1870).

Toe dit vir die sendelinge al hoe moeiliker word om die handel te behartig, het Messionshandelsaktien-gesellschaft in 1870 die handel oorgeneem.

### Posverbinding

Vir die spoedige afhandeling van sake was die posverbinding vir die sending van die allergrootste belang. Aanvanklik was hulle die enigste geletterdes wat in die binneland gewoon het en vir wie 'n gereelde posverbinding met die Kaap en Europa belangrik was.

Voordat die posverbinding ingestel is, was die enigste verbinding met die buitewêreld 'n toevallige geleentheid, saam met die besoekende handelaars of 'n spesiale bode wat teen groot koste gehuur moes word om dringende pos te bestel. Dit het egter nie hier gebly nie. Vordering was stadig maar seker. Na die vestiging van sendingstasies te Keetmanshoop en Warmbad in 1867 het groot verbeteringe ingetree en is daar begin met 'n driemaandelikse posdiens met Keetmanshoop as bymekaarkomplek van pos uit die noorde sowel as die suide.

## 3.3 Polities

Die sending het 'n belangrike aandeel in die proses van die staatkunde sowel as politieke ontwikkeling van die verskillende volkere gehad. Dit was

noodsaaklik, voordat enige vordering op die politieke gebied gedoen kon word dat daar eers gelet word op die vestiging van die verskillende volkere. In die noorde van die land was dit nie baie moeilik nie. Hierdie mense was nie nomadies nie en het rondom die kapteinstat, sterk stamstrukture gehad. Die politieke invloed van die sendeling was hier dus minder belangrik as in die suide.

Dus was die eerste stap in die ontwikkeling van die nomadiese volkere in die suide om te probeer om 'n sekere punt te vestig. Dit het meegebring dat elke stam rondom 'n geskikte plek gevestig word.[25] Rondom hierdie kulturele middelpunt is die opbouwerk begin en kon die sendeling beheer uitoefen oor die ontwikkeling van die stam.

Die omvang van die stamlewe was deels die verantwoordelikheid van die sendeling. Soveel so dat hy later die rol van 'n kaptein moes speel. In die geval van Hugo Hahn het hy nou die naam Omunene (groot hoofman) onder die Hereros verwerf.[26]

Die verteenwoordigers van die Londense Sendinggenootskap en die Weslyaanse Sendinggenootskap wou hulle nie by die politiek inmeng nie en het hulle net bepaal tot die opstel van kerklike ordes en skoolregulasies. H. Knudsen het in 1842 die behoefte aan 'n wetboek wat die bepalings oor die staat-as straf-en erfreg sou bevat ingesien en sodanige wetboek opgestel. Hierdie wetboek was genoem die Ryksboek van Bethanie en is saam met die inswering van Kaptein David Christiaans aanvaar op Januarie 1847.[27]
Van die belangrikste wetvoorskrifte was :

(a) dat die kaptein net deur 'n seun of 'n manlike familielid opgevolg kon

---

25 Kritzinger, J.J. 1972. Sending en Kerk in Suidwes-Afrika. Pretoria: DD Verhandeling, p. 212.

26 Irle, J.J. 1906. Die Herero. Gütersloh: C Bertelsman, p. 234.

27 Vedder, H. 1934. Das Alte Südwes-Afrika. Berlin, p. 38 - 39.

word.

(b) dat die kaptein die reg tot doodvonnis gehad het.

(c) dat veelwywery sowel as drankmisbruik en dagggarokery verbode was.

Daar was heelwat kritiek oor die Ryksboek uitgespreek. Hugo Hahn was van mening dat die boek te vroeg verskyn het, omdat wette net deur tyd en omstandighede gemaak word.

M. Groth se mening was dat H. Knudsen se teëspoed op Bethanie in hoofsaak aan sy inmenging op politieke gebied toegeskryf kon word[28].

Ten spyte van die teenkanting deur Hugo Hahn en die voorneme om nie op politieke terrein in te meng nie, het die voorbeeld van die wet boeke op Bethanie en Berseba ook na Rehoboth deurgewerk. Die gevolg was dat daar op 'n raadsvergadering van 24 en 25 Augustus 1849 eie wette opgestel is. Hierin is voorskrifte vervat wat stemreg en strafregtelike bepalings duidelik uiteengesit het.[29]

Hierdie wette en bepalings het daartoe gehelp dat daar 'n einde gemaak is aan die bloedwraak wat vantevore algemene gebruik was deurdat sulke sake voortaan deur die regters van elke stam verhoor is; hierdie pogings tot wetgewing het 'n samesnoerende uitwerking gehad op die toekomstige betrekkinge tussen die inwoners van Berseba Bethanie en Rehoboth.

Samuel Hahn was ontsteld toe hy verneem het dat Goliath en Tiboth nie veel waarde geheg het aan die Bybelse wetboek van H. Knudsen nie.

Die Basters het, nadat hulle in Rehoboth in November 1868 onder Kaptein Hermanus van Wyk gevestig het, die gebrek aan nodige wetgewing ervaar. F.

28 Goldblatt, I. 1971. History of South West Africa from the Beginning of the 19th Century. Cape Town: Juta, p. 198.

29 Vedder, H. 1934. Das Alte Südwes-Afrila. Berlin, p. 258

Heideman en F. Weber het toe 'n wetboek opgestel met bepalings ten opsigte van die pligte en bevoegdhede van die kaptein.

Hierdie grondwet van die Basters, soos dit later bekend gestaan het, het van krag gebly totdat dit op 31 Januarie 1872 met behoud van sekere bepalings heeltemal gewysig is tot die "Vaderlike Wette" soos dit sedertdien bekend gestaan het.[30]

Waar kapteins om sendelinge gevra het, is die voorwaarde gestel dat hulle hul stam moes vestig bv. Jonker Afrikaner te Windhoek, die Swartboois te Rehoboth, die Witboois te Gideon, Tseib te Keetmanshoop.[31] In 1845 het Kleinschmidt na die Swartbooi stam in Rehoboth gegaan. Kaptein Willem Swartbooi se vrou Annatjie was reeds deur Schmelen gedoop. Die werk te Rehoboth het as aansporing vir ander Namastamme gedien. Hiervandan het die werk na die Oorlamskaptein Amraal Lamberts uitgebrei.

Na die voorval van Goliath en Tiboth wat na die heidense wette wou terugkeer, het die Rynse sendelinge hulle voorgeneem om hulle te weerhou van die opstel van geskrifte wat nie op kerklike sake betrekking gehad het nie.

Die sendelinge se rol as vredemakers is hoog aangeskryf soos blyk uit die volgende mening van Jon Manchip White: "There is no doubt that, in many parts of the world, the missionary movements had no unfortunate influence on native peoples. But it is only just to state that the sad pageant of history in South West Africa would have been far sadder had it not been for the interventions of the missionaries...".[32]

Hierdie bevoegdighede het behels dat 'n kapteinsraad ingestel moes word; vir

---

30 Die Geskiedenis van die Rehoboth Basters. Ongepubliseerde verslag deur J.D. Niall aan die Eerste Minister van S.A. 27.01.1959.

31 Kritzinger, J.J. 1972. Sending en Kerk in Suidwes-Afrika. Pretoria: DD Verhandeling, p. 212.

32 White, J.M. 1969. The Land God made in Anger. London: George Allen and Urwin, p. 250.

die oplê van strawwe ingeval van ernstiger misdade soos moord en diefstal.

Hulle het as vredemakers by verskeie geleentheid moes optree en daarom kan daar gesê word dat hulle veelvuldige pogings tot vrede moes aanwend.

Pogings wat aangewend was, het die volgende ingesluit:

- Bemiddelaars tussen die strydende volkere soos die vredesonderhandelinge by Windhoek (1842), Hoachanas (1859), Okahandja (sendelingvrede 1870) en die pogings in 1881 en 1882 deur Hahn en Krönlein.[33]
- Bemiddelaars tussen die verskillende stamme veral by die Owambostamme. Eriksson sê dat voordat enige blanke regering 'n verteenwoordiger in Owamboland gehad het, het die stamoorloë opgehou - 'n Bewys van die sukses van die sending.[34]
- As bemiddelaars het die sendelinge ook binne 'n stam as die man van vrede bekend geword.
- As bemiddelaars tussen die Duitse Ryk en die onrustige volkere van Suidwes-Afrika. Die Duitse regering is oorreed om die grondgebied van die inboorling op te koop en die sendelinge moes vinnig optree om die saak te beredder, maar dit was reeds te laat om na hierdie bemiddeling te kyk.

Die sending se invloed kan nie gering geskat word nie. Dit het deurgewerk na alle vlakke van die gemeenskap. Hulle vredespogings het in baie gevalle hul gemeentebou ver oortref. Sy vredespogings het al hoe minder geword en kon hulle meer aandag skenk aan die verkondiging van die evangelie.

Standhoudende vredesinisiatiewe is deur die Weslyaanse sending tot so 'n mate

---

33 Kritzinger, J.J. 1972. Sending en Kerk in Suidwes-Afrika. Pretoria: DD Verhandeling, p. 214.

34 Buys, G.L. en Kritzinger, J. J. 1989. Salig dieVredemakers. Silverton: ISWEN, UP, p. 39.

uitgebou dat die Bondelswarts nooit in die stamtwiste in die tweede helfte van die 19de eeu betrokke geraak het nie.

## 3.4 Onderwys

Opvoeding in skole van die sending was 'n belangrike aspek wat gevestig moes word. Die eerste sendeling op Warmbad het reeds 'n skooltjie van 60 leerlinge gehad en so het elke sendeling 'n groepie rondom hom gehad. Selfs Jonker Afrikaner het op 44 jarige leeftyd leer lees.[35] Die doel van die skole was steeds godsdienstige en sedelike opheffing.

Voordat Schmelen Bethanie as gevolg van die onderlinge stamtwiste moes verlaat, het hy in opdrag van die Londense Sendinggenootskap 'n ortografie vir Nama ontwerp en die vertaling van die Evangelie in Nama aangepak.

Onderleiding van die Weslyaanse Sending het die onderwys in die veertiger jare in die suide groot vordering gemaak. Na die aankoms van Edward Cooke op Warmbad in Julie 1834 het die onderwysbedrywighede so uitgebrei dat op vyf buiteposte in Warmbad se omgewing skole onder leiding van betaalde Nama onderwysers ingestel kon word.[36]

Die verslag van die Kommissie van Ondersoek na Nie-Blanke Onderwys in Suidwes-Afrika (1958) het die volgende siening gehuldig: -

"Die peil van die akademiese deel van die werk in 'n sendingskool was natuurlik nie hoog nie. Die oordra van kennis was nie die vernaamste doelwit nie al is

---

35 Vedder, H. 1934. Das Alte Südwes-Afrika. Berlin, p. 209.

36 Vedder, H. 1934. Das Alte Sudwes-Afrika. Berlin, p. 208.
Die eerste onderwys was verdeel in "eerdiens", "leerdiens": Vroeë pogings om die Hottentotte op te voed. Sendeling Schöder het op Keetmanshoop verklaar dat hy skoolonderrig as van groot belang vir die begin van sendingwerksaamhede beskou, selfs belangriker as preke, omdat onderwys volgens hom die sterkste middel was om die ouers deur hul kinders ontvanklik vir die evangelie te maak.1795-1814 Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling Lebenberg Bruwer: South West africa : The Disputed land p.60.

vakke soos lees, skryf en rekene met die verloop van tyd in die leergang opgeneem. Met sy godsdienstig en prakties georiënteerde ondrwys het die sendeling die Inboorlinge in Suidwes-Afrika geleer om van hulle geestelike en verstandelike vermoëns gebruik te maak; aangesien hulle geleer dink het.[37]

Om werklik die lewensbelangrike evangelieboodskap te kon oordra, moes die sendelinge net die tale aanleer. Daarom is die moeisame taak van die aanleer en opskrifstelling van die tale aangepak.[38] Een van die basiese doelstellings van al hierdie pogings was die bewaring en uitbouing van die volkere van die onderskeie groepe.

## 4. DIE EERSTE GEORGANISEERDE SENDINGPOGINGS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Sendingwerk wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk verrig was, was eers deur individuele lidmate gedoen. Die uitgangspunt van hierdie individue was om die woord van God aan die heidene in die land te verkondig.

In 1912 besoek ds.W.J. Naude Suidwes-Afrika. Hy was so beïndruk deur hierdie individuele pogings dat hy in die Kerkbode van 1913 hiervan melding maak. Hy skryf: "Het trof mij toen ik op de plaatz, uitkomst, naby Grootfontein - Noord moest vernemen dat het werkvolk van de plaatz, die Herero waren, elke Zondag geregeld tweemaal 'n een huisje voor dat doel gebouwd, voor de aanbidding van den Naam den waren God by elkaar komen. Ik hoorde toen de Zondag hun klok luiden, en zij kwamen by elkaar twee malen onder leiding van een hunner. Baas van hun is de oude broeder W. Joubert, die een hart heeft voor zijn volk en voor de zending. Mischien is het met hem, zoals een broeder

---

37 Administrasie van Suidwes-Afrika: Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Nie-Blanke Onderwys in Suidwes-Afrika. Deel 1. Inboorlingonderwys ongepubliseerd, Windhoek, 1958 p.33.

38 Buys, G. L. en Kritzinger, J.J. 1989. Salig die Vredemakers. Silverton: ISWEN, UP, p. 31.

my zei. Ik ben een zendingvriend omdat ik een Afrikaner ben".[39]

Hierdie poging dui daarop dat daar vroeg al die tendens bestaan het om wel kerkdienste te hou vir die plaasarbeiders maar wel in 'n gebou wat spesiaal vir hierdie doel opgerig is. Hierdie aparte kerkdienste is dan gehou as bewys daarvan dat die Afrikaner omgee vir sy werkers.

Volgens M. Nieuwoudt het die georganiseerde sending pogings onder die Kleurlinge wat Suidwes-Afrika binnegekom, begin[40]. Na die Tweede Wêreldoorlog het die Nederduitse Gereformeerde Kerk al hoe meer aandag aan sendingwerk in Suidwes-Afrika gegee. Hierdie sendingwerk kan goedskiks onderverdeel word in:

- versorging van kleurlinglidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wat die land as seisoenwerkers ingekom het.

- die bediening van die Owambo kontrakarbeiders op die boereplase;
- die begin van 'n nuwe sendingarbeid onder die Herero in die Kaokoveld.

Wat die kleurlinglidmate aanbetref, was hulle lidmate wat met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in verband gestaan het. So het ds. W.J. Naude in 1912 lidmate in Lüderitz ontmoet wat hy onder die aandag van die moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk gebring het. Daar was egter nie 'n beduidende toename in die getal nie. Dit blyk uit 'n opname wat in opdrag van die Algemene Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Kaapland deur eerw. Leonard en Joubert in 1922 gemaak is. Hierdie opname het getoon dat daar op daardie stadium nog weinig Nederduitse Gereformeerde Sendinglidmate in die land teenwoordig was. Na 1922 was daar 'n toevloei van lidmate en is gevestig te Mariental en omgewing; sowel as

---

39 Die Kerkbode, 1913. Kerkargief, Kaapstad.

40 Nieuwoudt, M.M. 1979. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek. N.G.Kerk in Suidwes-Afrika, p. 278.

Windhoek en Karasburg. Van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika was daar die gevoel dat vir hierdie lidmate voorsiening gemaak moes word.[41]

Die gevolg hierop is dat daar tot georganiseerde sendingwerk oorgegaan is. Dit het in die kleine begin deurdat ds. E.J. Leonard en ds. K.W. Le Roux die aanvanklike sendingwerk begin het. In 1926 dien daar 'n versoek voor die kerkraad van Gibeon "verzoek van de Kaapsche volk om door de kerkeraad bearbei te worden." Die Kerkraad van Gibeon het nie 'n definitiewe besluit in die verband geneem nie, maar dit in die hande van die twee leraars geplaas om na bevind van sake te handel.[42]

'n Jaar later rapporteer die genoemde twee leraars van hul voortgesette arbeid onder andere van die Kleurlinge.

Die werk van die twee leraars het ook nou 'n vaste deel van die werk van die Kerkraad gevorm dat hulle op 7 September 1935 op 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering van die gemeente Gibeon besluit het om twee ouderlinge en drie diakens uit die Kleurlinglidmate vir die "sendinggemeente" te kies.

Hier moet waarskynlik net gedink word dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kleurlingvoorgangers gekies het om die dienswerk van die ouderlinge en diakens onder hul eie mense te verrig. Hulle was ampsdraers, nie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie, maar vir die Kleurlingwerkkring. Hierdie werkkring is onderneem deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en daar is ook gereeld eredienste gehou en die sakramente is bedien. Kerklike byeenkomste is gereeld in die kerkgebou van die Rynse Sendingkerk te Mariental gehou. Die Kerkrade van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

---

41 Nieuwoudt, M.M. 1979. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek. N.G. Kerk in Suidwes-Afrika, p. 279.

42 Nieuwoudt, M. M. 1979. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek. N.G. Kerk in Suidwes-Afrika, p. 279.

te Windhoek en Warmbad het ewe-eens na die geestelike belange van plaaslike Kleurlinge omgesien.

Die ring van Britstown het in 1925 en 1927 versoek dat lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk na die geestelike lewe van hul huisbediendes moes omsien. In 1938 het die Ring van Upington op 'n "Ringsendeling" besluit. Hierdie besluit het slegs betrekking gehad op die Noordwes-Kaapse gemeentes waarvan vyf van die sewe gemeentes in Suidwes-Afrika geleë was.[43]

Na die afsterwe van ds. Leonard in 1959 het ds. J.T. Potgieter die werk onder die Kleurlinge voortgesit te Mariental. Nog in dieselfde jaar het ds. Potgieter by die Binnelandse Sendingkommissie van die Kaapse Algemene Sendingkommissie 'n versoek ingedien wat daarop neerkom: Die oorname van die werk met die oog op intensiewe bearbeiding.

Tydens die Sinode van 1940 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie voer ds. Potgieter ook 'n onderhoud met die Binnelandse Sendingkommissie. Die gevolg van hierdie onderhoud was die stigting van 'n Mariental-Sendingwerkkring wat verantwoordelik sal wees vir die bearbeiding van die Kleurlinglidmate.

Om doeltreffende bearbeiding te verseker sou dit nodig wees vir 'n voltydse geordende leraar. Sy besoldiging sou die verantwoordelikheid van die Suidwesgemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wees; asook die Binnelandse Sendingkommmissie van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ds. Potgieter het skynbaar nagelaat om finansiële steun te versoek van die ander gemeentes in Suidwes, want in 1941 skryf hy aan die Binnelandse Sendingkommissie dat die Mariental (eertydse Gibeon-gemeente) die volle salaris sal voorsien. Die voorwaarde wat gestel is, was dat die sendeling die

43 Sommige van die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes het nog op die stadium onder die Ring van Britstown geresorteer. K.A. 3. Moira stryd 1934 - 1941.

helfte van sy tyd hulpdiens in die Moedergemeente, in hierdie geval, Mariental moes verrig.

Die sinodale beleidsbeslissing het hierdie voorwaarde nie moontlik gemaak nie, omdat die Sinode nie in die saak geken is nie. Nogtans is eerw. J.S. Faasen vir een jaar aangestel. Hy moes onder andere die Kleurlinglidmate oor die hele Suidwes besoek en organiseer. Die probleem het egter ontstaan dat die ander Nederduitse Gereformeerde Gemeentes, om een of ander onbekende rede, nie van sy dienste gebruik gemaak het nie. Na slegs 10 maande aanvaar hy 'n beroep elders.

Vanweë die feit dat die ander gemeentes nie finansiële bydraes wou maak nie het die kerkraad van Gibeon besluit om 'n eie sendeling aan te stel. Sy pligte sou insluit:

- hulpleraar in Moedergemeente
- bearbeiding van die kleurlinglidmate in Suidwes
- kan deur ander gemeentes uitgenooi word om die kleurlinge binne hul grense te besoek.

Die Mariental-sendingwerkkring is tot 'n werkkring van die Gibeonse werkkring omskep en die "sendeling vir Suidwes-Afrika se kleurlinge" word nou die Gibeonse sendeling. Op 20 Junie 1942 is eerw. D.J.Joubert met die goedkeuring van die Algemene Sendingkommissie benoem. Met ingang 1 Januarie 1956 tree eerw. Joubert in diens van die Suidwes-Afrika Sendingraad en word hy op 19 Desember 1956 deur die Binnelandse Sendingkommissie na die Nederduitse Gereformeerde Sendingwerkkring, Mariental en die Suid-Afrika kleurlinggroepe beroep en bevestig.[44]

---

44 Nieuwoudt, M.M. 1979. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek. N.G. Kerk in Suidwes-Afrika., p. 279.

In 1957 word eerw Joubert losgemaak van sy verpligtinge teenoor die Blanke lidmate en word hy bevestig as sendeling vir die Kleurlinglidmate van die hele Suidwes-Afrika.[45] 'n Tweede sendeling sou eers in 1962 kom in die persoon van ds G.E. Hugo. (Sy lewe en werk val buite die bestek van hierdie hoofstuk en dit sal na verwys word wanneer die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika later in hoofstuk 3 behandel word.)

Heel tereg noem die Nederduitse Gereformeerde Kerk daarin dat hy onder ander kan sê:"Ons kan die georganiseerde sendingwerk onder die kleurlinge dateer vanaf 1927 en voltyds vanaf die koms van eerw. D.J. Joubert in 1942.[46]

## 4.1. DIE ROL VAN DIE FEDERALE SENDINGRAAD IN DIE DAARSTELLING VAN 'N SENDINGBELEID VIR DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

In 'n voorafgaande uiteensetting van die sendingwerk in Suidwes-Afrika deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika is daar reeds sedert die begin duidelike spore van die afsonderlike bearbeiding en die vestiging in aparte geboue vir aanbidding van lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wat in die land teenwoordig was.

Dit is dus belangrik om kortliks in te gaan op die rol wat die Federale Sendingraad[47] gespeel het in die beleidsbepaling van rasseskeiding, afsonderlike aanbidding asook afsonderlike ontwikkeling. Alhoewel die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika ver verwyderd was van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is dit noodsaaklik om die rol van

---

45. Die Skakel, April 1965, p. 5.

46. Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, 5 Maart 1957.

47. Die Federale Sendingraad het bestaan uit afgevaardigde van die Sendingkommissies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sinodes van die verskeie provinsies van die Republiek van Suid-Afrika en die van Suidwes-Afrika. Die benoeming en later beroeping van die eerste sendeling deur die Gibeon-gemeente, om die Kleurlinglidmate oor die hele land, te bearbei dui verder op die stigting van 'n aparte kerk.

die Federale Sendingraad hier te betrek omdat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n verlengstuk van die Kerk in Suid-Afrika was. Die formulering van die Sendingbeleid is ook een van die aspekte wat die toekomspad vir die kerk aangedui het en hierdie beleid is deur die Federale Sendingraad geformuleer en goedgekeur. Die Federale Sendingraad se rol in Suid-Afrikaanse Nederduitse Gereformeerde Kerke kan ook as deurslaggewend beskou word vir die optrede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Dit is teen hierdie agtergrond van die sendingbeleid van die Federale Sendingraad dat die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika beoordeel behoort te word.

Na die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902) het daar 'n sterk nasionale gevoel onder die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners posgevat. Die kerk was ook hierby ingesleep. P.J. Viljoen skrywe: "Die stigting van die Raad van die Nederduits Gereformeerde Kerke het ontstaan uit die verlamming wat gevolg het op die Anglo-Boereoorlog. Die Afrikanerdom het gevoel dat hulle soos nooit tevore moet saamstaan om te red wat nog gered kon word. Dis die eer van die kerk dat hy die eerste liggaam was wat na daadwerklike eenheid gesoek het."[48]

Op 6 Mei 1942 is die Federale Sendingraad gestig as 'n uitvloeisel van die pogings wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerke volgehou is tot die stigting van so 'n Raad.

Die doelstellings was die volgende :

- om die resultate, toepassing en bedoelinge van die sendingbeleid te bestudeer;
- gesamentlike beplanning van 'n sendingbeleid;
- gesamentlike aksie op verskeie sendinggebiede;

---

[48] Federal Mission Council of the Dutch Reformed Church. May 6, 1942. Bylaag 2.

- om sendingkonferensies op 'n lands-en streeksvlak te organiseer.

Met die stigting van die Federale Sendingkommissie het dit in die plek gekom van die Kommissie vir Naturelle sake van die "Raad der Kerken." Die kommissie vir Naturelle sake se hoogtepunt was die voorbereiding van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat voor die Raad van Kerke se vergadering in 1935 gedien het. Hierdie sendingbeleid is deur die verskillende sinodes aanvaar en het hierdeur die bepaalde beleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geword.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het as motivering vir sy sendingwerk die sendingbevel van Jesus Christus as uitgangspunt geneem. Hierdie sendingbeleid het betrekking op die onderwys, medici, landbou en die industrie.

Verder het die sendingbeleid die verkondiging van die evangelie gesien as die bekering van die individue. Hierdie bekeerlinge moes dan bymekaar gebring word in 'n gemeente wat later tot onafhanklikheid gelei sal word; om te ontwikkel tot 'n posisie van selfonderhoudend, selfregerend en selfuitbreidend.

Die bedoeling van die sendingbeleid is dat dit groot voordele vir die kerk in die algemeen en vir die mense wat bedien sou word in die besonder sou inhou.

Die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het sy verhouding teenoor ander kerke soos volg bepaal.

- there should be a hearty co-operation and unity of action between the Federated Churches.
- hearty co-operation but without waiving of principles as regards to acknowledged Protestant Churches and denominations.
- the church should act in the spirit of Christ as regards to unrecognised Protestant and other bodies.

Opregte samewerking moet wees "without waiving of principles" maar die geskiedenis het bewys dat sommige van hierdie beginsels en "accepted beliefs which are vogue in the D.R.C." was verbonde aan aanvaarde rassestandpunte binne daardie denominasie."

Op 23 Mei 1934 het die kommissie vir Naturelle Aangeleenthede tot die gevolgtrekking gekom dat, alvorens daar verder gegaan word met enige besprekings, 'n sendingbeleid opgestel moes word. Hierdie sendingbeleid is opgestel sonder inagneming van die ander bevolkingsgroepe soos byvoorbeeld die Swartmense en die Kleurlinge. Hierdie beleid is toe in 1935 opgestel.

In Maart 1939 tydens 'n Federale Raadsvergadering te Bloemfontein word besluit om die verskillende kerke te adviseer hoe om sendingwerk deur die Federale Raad in die lewe te roep wat die kerke kon adviseer op die sendingbeleid. Die Kommissie vir Naturelle Aangeleenthede kon later rapporteer dat al die sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk oorgegaan het tot die stigting van 'n Sinodale Sendingraad, in 1941.

## 4.2 Die Federale Sendingraad: Die Beleid Ten Opsigte van die Rasse Vraagstuk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die rassevraagstuk wat hieronder behandel sal word het 'n baie interessante geskiedenis. Nico Smith meld die "kontak-ervaring". 'n Verhouding wat daartoe gelei het dat die Blanke op die duur "allerlei skeidslyne tussen hom en die Nie-Blanke sou trek wat nie steeds in die eerste plaas uit die beginsel van die Christendom voortgevloei het nie maar wel uit hierdie praktyk van die lewe.[49]

Verdere skeiding tussen Blank en Nie-Blank het verdiep en om verbastering te

[49] Kontak ervaring het veroorsaak dat daar spoedig na die begin van die volksplanting in die Kaap reeds 'n spontane skeiding in die vorm van 'n natuurlike afsondering van die kant van die Blanke ontwikkel het. (Scholtz G.D. bl. 43) Hy sê dat dit hierdie verskynsel is wat die verhouding tussen Blank en Nie-Blank vanaf die eerste moment sou bepaal. Scholtz p. 144 Kaapse Plakkaatboek Deel 1 bl. 152.

vermy is ondertrouery in 1678 skerp veroordeel as 'n "vuijle sonden" en verbied omdat dit"schandvleck van de Nederlantsche en ander Christen natiën", dien.[50] Reeds in 1678 is die eerste plakkaat uitgevaardig om onsedelikheid tussen Blank en Nie-Blank aan bande te lê. Hierdie skeiding het getoon dat bloedvermenging nie slegs 'n sedelike godsdienstige inhoud gehad het nie, maar aan die Kaap ook 'n sedelik-politieke konnotasie verkry het.

Ons het hier met een van die belangrikste faktore in die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner te doen. Dit sou juis sy afkeer teen bloedvermenging wat 'n onderdeurdringbare skeidslyn tussen Blank en Nie-Blank aan die Kaap geword het. Die rassevraagstuk het al hoe meer die aandag van kerklui sowel as die politici geniet. Gerdener het die posisie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se opvatting soos volg verwoord : "Die Kerk verklaar hom onomwonde teen hierdie vermenging en teen alles wat dit in die hand sal werk, maar misgun aan die ander kant die Naturel en Kleurling ewe min 'n sosiale status so eerbaar as hy kan bereik."[51]

Parallelle in die geskiedenis van die volk van Israel en dié van die Afrikaners het daartoe meegewerk dat die Ou Testament dikwels deur baie Afrikaners letterlik op die van die eie situasie oorgedra is. So byvoorbeeld is die bevel van God dat die Israeliete nie mag vermeng met die heidense nasies nie, direk van toepassing gemaak op die verhouding tussen Blank en Nie-Blankes.[52]

Die rassevraagstuk het alhoe feller geraak. Hierdie vraagstuk is ernstig bejeen. Dit is opvallend dat die enigste regverdige oplossing byna uitsluitlik by elkeen gesien is in die rigting van apartheid - met 'n beroep op die Skrif.

---

50 Kaapse Plakkaatboek Deel 1. bl. 152.

51 Smith, N. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: NG. Kerk Boekhandel, p. 268.

52 Petersen, L.R. 1995. Sendingmotiewe by die Ned. Geref. Kerk. Ongepubliseerde M Th tesis. Ingehandig by Universiteit van Wes-Kaapland.

Die Federale Raad van Kerke het ook sy stem laat hoor. In 1913 spreek hy sy volle steun uit vir die Grondwet van die Naturelle. In 1933 het die Federale Raad gevra dat die Naturelle Kommissie weer bymekaar moet kom aangesien die Nie-Blanke vraagstuk 'n "allergewigtige saak" in die kerk is. Die Kommissie was van die oortuiging dat daar by die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Dogterkerke lidmate onkunde ten opsigte van die rasseprobleem bestaan.

Die gevolg is, om hierdie probleem die hoof te bied, dat 'n duidelike en eenvormige beleid deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk opgestel moes word. 'n Verdere gevolg was dat hierdie kommissie saam met verteenwoordigers van die gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke op 23 Mei 1934 in Bloemfontein 'n konsep Sendingbeleid opgestel het. Hierdie beleid is die volgende jaar (1935) deur die Federale Raad van die Kerke bekragtig. Hier was nou 'n amptelike dokument wat die standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk eenvormig weergegee het.[53]

Met die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika as kerk vir die Blankes, sien ons 'n voortsetting van die beleid van afsonderlike kerkvorming. Die lidmate was Afrikanerboere wat die land binnegekom het. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het stadig maar seker gevorder en uiteindelik gevestig geraak.

In 1941 is 'n eie Ring, die Ring van Gibeon gestig. Die Ringe van Otjiwarongo (1949) en Windhoek (1953) het veel later gevolg. Die gemeentes was egter nie tevrede om deel te vorm van die Kaapse Sinode nie : "Die verwyderde Sinode en sy bediening in breëre verband kon nie altyd doeltreffende aandag aan Suidwes gee nie. Sinodaal georganiseerde werksaamhede het meestal by Suidwes-Afrika verbygegaan en die behoeftes van hierdie land nie voorsien nie,

---

53 Van der Walt, P. B. 1988. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975. Kaapstad: N.G. Kerk Boekhandel, p. 75 - 102.

terwyl die plaaslike fondse van die Kaapse sinodale werksaamhede daarheen gaan."[54] Vandaar gaan 'n aansienlike deel na die binnelandse sendingwerk van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk in Rhodesië (tans Zimbabwe), Malawi, Nigerië en Botswana. Terwyl 'n bietjie sendingwerk in Suidwes-Afrika, beide onder die Kleurlinge en later in Kaokaland, as "plaaslike werk" onderneem moes word, sonder dat die kwotagelde van Suidwes-Afrika aan die Kaapse sinodale kantoor daarvoor aangewend is."[55]

Daar is met groot klem benadruk dat die Afrikaner iemand is wat die saak van die sending as baie belangrik beskou het.

Met die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika het die Nederduitse Gereformeerde Kerk daarin tot 'n mate geslaag om die skeiding wat reeds binne die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaan het in die land te bevestig. Die skeiding op grond van kleur en die stigting van aparte kerke is in sy volle konsekwensie deurgevoer. Die sendingwerk wat hierna gevolg het onder toesig van die Sendingraad en die dienste wat sendelinge aangebied het, het daarvan getuig dat die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk beskou was as ongekerstendes en is hulle as sodanig behandel deur in 'n aparte kerkverband op te neem, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika. Hierdie naam is juis gekies om hulle te onderskei van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika wat op daardie stadium uitsluitlik vir die Blankes bedoel was. (Kerkorde Bepaling 44 Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.W.A.).

---

54 Nieuwoudt, M. M. 1979. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek. N.G. Kerk in Suidwes-Afrika, p. 291.

55 Nieuwoudt, M. M. 1979. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek. N.G. Kerk in Suidwes-Afrika, p. 292.

## 4.3 Die Sendingbeleid van die Federale Sendingraad wat ook in Suidwes-Afrika/Namibië toegepas is

### Prinsipiële Gesigspunte

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk baseer sy Sendingbeleid op die Heilige Skrif dit wil sê die beleid, die belofte en die bevel van God. As skrifverwysing van hierdie standpunt word die laaste opdrag voordat die Here hemelwaarts opgevaar het in Mattheus 28 : 19-20 gehuldig: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan alle nasies." Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dus daarvan oortuig dat God die witmense uitverkies het om die draers van die evangelieboodskap na die heidene te wees.

Vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk was dit noodsaaklik om 'n verdere standpunt van sy sendingbeleid te stel. Hy doen dit deur 'n verklaring uit te reik wat sy standpunt ten opsigte van die volkere verskeidenheid stel: "The Dutch Reformed Church accepts the natural diversity of the human race which is not annulled by its unity."[56]

Hy verdedig sy siening wat aparte kerke vir aparte gemeenskap aanbetref. "....the co-existence of separate Churches resulting from doctrinal differences is sinful schism, since but one truth and one spiritual reality have been revealed." ".... this does not mean that the one true church cannot be embodied in separate independent churches."[57]

Die verklaring lui verder dat die stigting van aparte kerke noodsaaklik was. Die stigting het nie vanweë bymotiewe ontstaan nie, maar moet gesien word as gevolg van die onbeheersde omstandighede en vanweë die menslike swakheid.

---

56 Gerdener, G.B.A. 1958. Recent Developments in the South African Mission Field. Kaapstad. Ned. Geref. Kerk Uitgewers, p. 273.

57 Gerdener, G.B.A. 1958. Recent Developments in the South African Mission Field. Kaapstad. Ned. Geref. Kerk Uitgewers, p. 274.

Aparte kerkstigting sou die onderskeie kerke daartoe in staat stel om beter beheer uit te oefen oor hulle lidmate om sodoende 'n gesonde Christelike gemeenskap en gelowiges daar te stel.

Hierdie verklaring het sorg gedra dat die aparte kerke die standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met betrekking tot afsonderlike aanbidding moes begryp en verstaan, sodat daar geen onsekerheid oor die daaropvolgende Sendingbeleid kan ontstaan nie.

**Metodes om die sendingopdrag uit te voer**

Alvorens daar oorgegaan word tot die uiteensetting van die metodes rondom die uitvoering van die sendingopdrag moet daar eers gekyk word wat daar onder sending verstaan word. Dit sal gedoen word aan die hand van die klassieke uiteensetting deur Dr. C.J. Kriel: Volgens Kriel : "Sending kan naas baie ander definisies ook omskryf word as daardie handeling van die kerk wat in wese niks anders is as die handeling van Christus wat Hy deur sy kerk heen verrig - waardeur Hy in sy periode van verskuiwing van die voleinding die volkere oproep tot bekering en tot geloof in Christus, sodat hulle dissipels van Hom gemaak en deur die doop, ingelyf word in die gemeenskap van hulle wat die koms van die koninkryk van God verwag."[58]

'n Meer resente definisie van Anthony Bellagamba lui soos volg:"Mission in its traditional dress included going to non-christian lands to convert their inhabitants to Christianity by preaching the gospel, celebrating the sacraments, works of charity, relief, education, and development, and implanting the church as it excists in the Western World"[59]

---

58 Kriel, C.J. 1971. Sendingwetenskap. Teologiese Skool N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Klas aantekeninge.

59 Bellagamba, A. 1992. Mission and Ministry in the Global Church. Maryknoll, New York 10545. Orbis Books, p. 49

Genoemde twee definisies toon enkele raakpunte. Van naderby beskou kan Bellagamba se definisie van toepassing gemaak word op die weg wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevolg is, naamlik die verkondiging van die evangelie, kerkstigting en die beïnvloeding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op die gestigte gemeentes.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk erken die feit dat God: "uit een mens al die nasies gemaak het. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon..." Hand. 17:26, en dat almal gelyk is in die oë van die Here. Dus beskou die Nederduitse Gereformeerde Kerk dit sy godgegewe doel om sendingwerk onder die heidene van Afrika, oor die algemeen en in Suid-Afrika in besonder te doen. Om dan hierdie werk effektief te doen het die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die volgende metodes gebruik gemaak, naamlik Evangelisasie, Onderwys, Sosiaal, Ekonomies.

- **Evangelisasie**

Op hierdie vlak het die invloed van die Genootskaplike sending sterk na vore gekom. Die Genootskaplike sending se benadering tot die sending was eerstens die bekering van die enkeling en daarna, wanneer die getalle toegeneem het, kon daar voortgegaan word tot die stigting van 'n gemeente.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het op voetspoor van die Genootskaplike sending sy oortuiging bevestig dat hierdie metode, nl. evangelisasie die enigste basis vir suksesvolle sendingwerk is. Die beïnvloeding van die nuwe gemeentes deur die verkondiging van die evangelie sou mense se lewens verander en dit sou uitloop op die stigting van gemeentes gevolg deur georganiseerde kerke. Aparte kerkvorming sou noodwendig, onder die leiding van die

sendingkommissie lei tot onafhanklikheid. Dus sal die volgende stappe volg: Selfonderhouding, selfregering en selfuitbreiding. Die plaaslike kerk sou dan mettertyd sy eie predikante kan oplei. Van die Moederkerk sou verwag word dat die sendingkerk tot mondigheid gelei word.[60] Die Moederkerk moes sorg dat die swartman nie van sy tradisie vervreemd raak nie, maar dit wat in die kerk gebruik kan word, moet behoue bly.

Die verdere uitgangspunt volgens Van der Walt was dat God al die nasies van die mensdom uit een bloed gemaak het en dat almal vir wie Christus gesterf het ewe veel waarde in die oë van God het. Die evangelie gerig op die bekering van mense word voorop gestel. Op die insameling van siele moet kerkplanting volg.[61]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika het die werk veral onder die Kleurling geklassifiseer as "Sending". Die Kleurlinge wat die land binnegekom het, was as die objek van die sending gesien.

- **Onderwys**

Die Bantoe en Kleurlinge moes onderrig word volgens die Woord van God waarin die enigste en basiese weg vir ontwikkeling opgeteken is. Daar moet samewerking op opvoedkundige gebied met die staat wees en die onderwys moet langs Christelike kanale geskied.

Die onderwys moet van so 'n aard wees dat die Bantoe of die Kleurling moet kan leer om vir homself te dink asook vir homself te sorg. Hy moet in staat gestel word om onder sy mense die leiding te neem en nie die witman navolg nie. Die onderwys moet in lyn wees met sy kulturele

---

60 Smith , N. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 65 .

61 Van der Walt ,P.B. 1987. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975. Kaapstad: N.G. Kerk Boekhandel, p. 81.

agtergrond.

Die onderwys was as baie belangrik beskou veral deur die eerste groep sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en andere wat die land binnegekom het. Dit was noodsaaklik volgens Buys dat die drie R-e aandag moes geniet (Reading, Writing and Arithmetic). Die aanleer van 'n inheemse taal deur die sendelinge was ook noodsaaklik.[62]

Hierdie aspek was tot 'n mate deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurgevoer. Met die vestiging van die sendingwerk deur eerw. D.J. Joubert is skole te Duineveld en by Karasburg vir Kleurlinge opgerig.

- **Sosiaal**

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is 'n voorstander van ontwikkeling van sosiale differensiasie en kulturele skeiding. Die Bantoe en Kleurlinge moes dus geleer word om algeheel onafhanklik en selfstandig in sy eie gemeenskap, skool en kerk te kan ontwikkel. Dus stel die Nederduitse Gereformeerde Kerk intens belang daarin dat die Bantoe en Kleurling baie goed op hierdie gebied kan ontwikkel.

Sosiale skeiding lê diepgewortel in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. By die Sinode van 1857 word die kerk voor die feit gestel dat ordelikheid in die gemeentes en die "bloei van Gods Woord" wat daarmee gepaard gaan, afsonderlike byeenkomste vir die Nie-Blanke noodsaak.[63]

Deur amptelike goedkeuring van afsonderlike byeenkomste van Blank en Nie-Blank te verleen, het hy erkenning verleen aan 'n reeds bestaande

---

[62] Buys, G. L. en Kritzinger, J. J. 1989. Salig die Vredemakers. Silverton: ISWEN, UP, p. 29.

[63] Smith, N.J. 1973. Elkeen in sy Eie Taal. Pretoria. Ned. Geref. Kerk Boekhandel, p. 64.

ontwikkeling wat gedurende die voorafgaande twee eeue in die kerk sy voortgang gevind het en daarmee die weg gebaan tot afsonderlike gemeentes vir Nie-Blankes.[64]

Van sosiale verkeer in die kerk was daar sedert die begin van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie sprake nie. 'n Sprekende bewys is die weiering van lidmaatskap aan 'n jarelange evangelis in Windhoek N.G. Gemeente.

- **Ekonomies**

Op ekonomiese gebied moes die Bantoe en die Kleurling tot 'n selfgerespekteerde nasie gehelp word om te ontwikkel. Hulle moes op eie inisiatief en deursetting hul eie ekonomie so ver as monntlik onafhanklik van die Blankes ontwikkel. Die Blankes aan die anderkant as die meerdere moet geleenthede vir ontwikkeling skep en 'n redelike salaris aanbied vir dienste wat gelewer word.

Die kerk aanvaar dus alle implikasies in die proses van evangelisasie. Die kerk sal op suiwer sendingwerk finansies beskikbaar stel vir die oprigting van kerkgeboue en sal in samewerking met die staat en die mense werk om ekonomiese regverdigheid, beter behuising en gesondheids dienste en algemene sosiale opheffing.[65]

Alhoewel die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika nie soseer op die ekonomiese gebied veel bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van die N.G. Kerk vir S.W.A. bygedra het nie, het hy wel aanvanklik geld beskikbaar gestel vir die salaris van die eerste

---

64 Smith, N. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 64.

65 Gerdener, G.B.A. 1958. Recent Developments in the South African Mission Field. Kaapstad. Ned. Geref. Kerk Uitgewers, p. 273.

sendeling. Gemeentes soos Karasburg; Lüderitz en Keetmanshoop is via 'n sendingkommissie finasieel ondersteun om 'n leraarspos te onderhou en na vertrek van die leraar het die ondersteuning opgehou.[66]

## 5. DIE ROL VAN DIE SENDINGKOMMISSIE IN DIE IMPLIMENTERING VAN DIE SENDINGBELEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

### 5.1 Die Algemene Sinodale Sendingkommissie

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het ter wille van sy sendingwerk en sy verhouding tot die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk dit goed geag om 'n Algemene Sinodale Sendingkommissie in die lewe te roep en wel in die jaar 1847. Hierdie kommissie sou die Nederduitse Gereformeerde Kerk in staat stel om 'n groot aantal gemeentes wat toe nog nie by die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangesluit het nie, met raad te bedien. Hierdie kommissie moes eerstens sendelinge werf om die werk doeltreffend te doen.

Die werwing van sendelinge sou die Algemene Sinodale Kommissie in staat stel om die groot taak van die uitbouing van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk te behartig. Om nog beter en doeltreffender te werk dien gelet te word op die samestelling van die kommissie. Die lidmaatskap het bestaan uit een verteenwoordiger van verskillende ringe met van drie tot ses addisionele lede deur die Sinode benoem en aangestel. Hierdie samestelling het belangstelling in sendingwerk laat toeneem.[67]

Vanaf 1903 is volgens die Grondwet van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bepaal dat op sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk sowel

---

66 Notule van die Ring van Suidwes-Afrika (van die N.G. Kerk vir Suidwes-Afrika) 1984.

67 Kriel, C.J. 1963. Geskiedenis van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1881 - 1956. Paarl: Paarlse Drukpers, p. 41.

as sinodale kommissievergaderings lede van die Binnelandse Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk altyd die reg tot sitting sou hê. Die omgekeerde het plaasgevind dat verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk ook sittingreg op die Algemene Sendingkommisssie met keurstem gehad het.[68]

Die Algemene Sendingkommisie van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika het hom in sigself ook daartoe geroepe gevoel om in die lewe van die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in te gryp. Dit is gedoen deur die stigting van werkkringe, gemeentes en later 'n eie Sinode vir 'n eie kleurlingkerk in 1962. Hierdie gevoel van paternalisme het tot gevolg gehad dat die eerste moderator van die gestigte kerk, die sendingsekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika was. Volgens erkende sendingwetenskaplikes soos Hanekom *et al* was dit 'n poging om nog 'n hand te hou oor die "heidene" wat in die geval van die Kleurlinge in Suidwes-Afrika onkundig was.

## 5.2 Skakelkommissies van Suidwes-Afrika

Die moontlikhheid van skakeling op plaaslike gebied is ondersoek. Die oplossing was om 'n skakelkommissie in die lewe te roep. Dit sou meebring dat daar op plaaslike vlak beter gesprekke oor kerklike sake gevoer kon word. Die Skakelkommissie sou dan dien as 'n gespreksforum. Dit sou egter beteken dat daar net oor sake gepraat kon word sonder om enige besluite te neem. Die kommissie kon slegs die onderskeie sinodes met aanbevelings dien. Skakeling op plaaslike vlak was nie altyd suksesvol nie. Die notules van die Ring van Suidwes-Afrika getuig daarvan[69].

---

68 Hierdie aspek sal onder die afdeling kerkregtelike aangeleenthede in hoofstuk 4 breedvoerig behandel word.

69 Hanekom, T.N. Die ontwikkeling van selfstandige lewenspatrone as verhoudingsprobleem tussen die Gereformeerde kerke en Nederland en in die Nederdlandse kolonies. Referaat gelewer voor Teologiese kring, Stellenbosch, 1972.

Toe dit later blyk dat hierdie skakelkommissie tussen die Ring van Suidwes-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika nie 'n werkbare manier was om sake te bedryf nie, is oorgegaan tot 'n Gesamentlike Plaaslike Sendingkommissie waarop plaaslike gemeentes hul menings by wyse van afgevaardigdes kon lig. By meeste van die vergaderings is daar slegs oor finansiële hulp gepraat.[70]

Om gesprek aan die gang te hou, nadat hierdie kommissie nie in sy doel geslaag het nie, is die naam verander na "Beraad van Nederduitse Gereformeerde Kerke". Eintlik net 'n verhewe naam vir 'n skakelkommissie, want soos dit later uitgekom het, was dit slegs weer 'n breëre gespreksforum wat geskep was. (Meer oor die "Beraad" later).

## 6. SENDINGSAMEWERKING: DIE DRIEHOEK-OOREENKOMS

Alhoewel die Nederduitse Gereformeerde Kerk bereid was tot 'n mate vir sending samewerking met veral die Lutherse Kerk in Suidwes-Afrika/Namibië was die samewerking ook altyd ondergeskik gestel aan die sendingdoelstellings en "politiek" van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos blyk uit gemak waarmee vroeë sendingooreenkomste weer gekanselleer kon word.

Samewerking op sendinggebied tussen die Rynse Sending en die Nederduitse Gereformeerde Kerk was aanvanklik goed. Dit was ook die geval met die sendingpersoneel van die Finse Sending. Volgens bronne was die samewerking veral op die beskikbaarstelling van finansies, want byvoorbeeld in 1946 doen die Algemene Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap 'n beroep op die kerklike publiek vir finansiële hulp vir uitkomende Finse sendelinge.[71]

---

70 Notule: Algemene Sendingkommissie N.G. Kerk, Kaap 27-28 Februarie 1946.

71 Cronje, J.M. 1962. Selfstandigwording van die Bantoekerk. Bloemfontein: N.G. Sendingpers, p. 313.

Die finansiële posisie van die Finse sending het gedurende die Tweede Wêreldoorlog geensins verbeter nie, want toe is die finansiële bronne heeltemal afgesluit. Met die gevolg dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk ruim begin bydra tot die finansiële sy van die Finse Sending. Op hierdie stadium is begin met onderhandelings oor 'n moontlike oorname van die sending deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika/Namibië.

Van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het daar op hierdie stadium die drang ontstaan om 'n sendingpoging van stapel te stuur om 'n "praktiese aandeel aan die kerstening van die bevolking van Suidwes-Afrika te hê".[72] Die motivering hiervoor was dat baie lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk meesal boere was en dus die geestelike behoefte van hul plaasarbeiders raakgesien het. Daar was op hierdie stadium om en by 30 000 Owambo trekarbeiders op plase, myne, fabrieke en dorpe werksaam. Dit was dus vir die Finse sending onmoontlik om al hierdie trekarbeiders te bereik.

Toe die Nederduitse Gereformeerde Kerk sien dat 'n eie sendingaksie nie moontlik was nie, is oorgegaan tot aktiewe hulpverlening aan die Rynse en Finse Sendinggenootskappe. Hierdie hulpverlening geskied deur die sogenaamde Driehoekooreenkoms tussen Rynse Sending, Finse Sending en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Daadwerklike optrede deur ds. J.T. Potgieter volg deurdat hy sy gemeente-Gibeon- beweeg tot finansiële ondersteuning en onderhandeling met die Finse sendelinge om geestelike hulp te verleen aan die Ovambo mans wat as trekarbeiders in die land diens verrig. Die enigste werkbare metode was dus dat daar op georganiseerde wyse te werke gegaan moes word en dit het uitgeloop op die stigting van die Driehoekooreenkoms op 9 Mei 1947. Die Driehoekooreenkoms het bepaal dat die aandeel van elke party die volgende sou behels:

- ELOK sou evangeliste vir die bearbeiding van die kontrakwerkers oplei

[72] Strauss P.D. Sendingsekretaris in die Sendingblad Januarie 1976 p. 2.

en beskikbaar stel.

- ELK sou die fasiliteite en kerklike registers beskikbaar stel.
- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou die salarisse van die evangeliste dra.

Probleme rondom die Driehoekooreenkoms het baie gou ontstaan soos byvoorbeeld:

- Die vorming van 'n sinode vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika en kerkstigting deur die Finse en Rynse Sending.
- Alle betrokke partye het nie die ooreenkoms nagekom nie.
- Daar bestaan onduidelikhede in die beginsel wat tot moontlike spanning tussen die lede kan lei....

As gevolg van hierdie spanningsituasie was die mening van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk dat die ooreenkoms nie uitvoerbaar is nie.[73]

Vooruitgrypend op die geskiedenis wat nog beskryf moet word, is dit belangrik om vooraf te meld dat die kerklike samewerking, soos saamgevat in die Driehoekooreenkoms, nie gematerialiseer het nie. Die rede hiervoor kan gevind word in die sinodale besluit wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika in Oktober 1969 geneem het:

- "Die H.E. Sinode besluit in beginsel dat die Driehoekooreenkoms beëindig moet word in die lig van ons eie sendingaksie"......
- "... omdat die Sinode kennisgeneem het dat daar geen ooreenkoms bestaan wat ons verhinder om plaaslike sendingwerk te doen nie, versoek die sinode kerkrade en lidmate baie dringend om nou kragdadiglik hierdie roeping te vervul" deur die sendingopdrag van die

---

[73] Notule van die vergadering van die Algemene Bestuur van die Driehoek Ooreenkoms, 19 Mei 1958 in Windhoek. Bylaag 7.

Here uit te voer.[74]

Hierdie eensydige beëindiging in Oktober 1969 het veral kritiek uitgelok van een van die vooraanstaande teoloë, dr.J.J Kritzinger wat die volgende mening gelig het. Hy het hom baie sterk uitgelaat ten gunste van ekumemiese samewerking in die sending in Suidwes-Afrika.

Hy beskryf die stap wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk geneem het as: "the utter unbrotherly folly of this step." Hy skryf dit toe aan "twee strome in die Nederduits Gereformeerde Kerk wat getipeer kan word as die ekunemiese en die selfstandige rigtings en die volgende onderskeibare lyne in die kerk: "die sendingywerige teologiese motiewe.... en nie-teologiese (meesal politieke) motiewe... en in 'n groot mate was dit politieke faktore wat die kerklike partye uitmekaar laat dryf het."[75]

Die finansiële aspek van die sending is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebruik om die Lutherse en Finse sending aan die gang te hou. Alhoewel daar gesê was dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die ander groepe nie wou verdring nie, bly dit voorop staan dat as daar finansiële ondersteuning was, bly die ondersteunde groep afhanklik van die bron waarvandaan die ondersteuning kom. Toe daar 'n ontwaking vanuit die geledere van veral die Lutherse kant kom, kon sake wat die ekumeniese samewerking betref, nie meer gehandhaaf word nie.

Die nuwe inheemse leraars was nie te vinde vir finansiële bydrae nie, omdat hulle die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die Tweede Wêreldoorlog en daarna beskuldig het van "Regeringskerk", "Boerekerk" en "Kerk van die

---

74 Handelinge, Sinode Nederduits Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika 1-5 Oktober 1969 p. 758. Windhoekse Kerkargief, Windhoek.

75 Die Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif 2 Maart 1969, p. 143.

Onderdrukkers".[76]

Die vroeë pogings tot ekumeniese samewerking op sendinggebied het dan ook misluk omdat dit eintlik maar gegaan het oor skakeling met en die finansiële steun vir die sending. Nie soseer om werklike eenwording nie.

Die laaste uitweg om die sending te laat slaag was om te kyk na "sending" onder die gekerstende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die land.

## 7. DIE SENDINGBELEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN 1935

Die Algemene Sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is in 1935 opgestel en later as amptelike sendingbeleid deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanvaar. Daar kan egter met sekerheid gesê word dat voor 1935 daar op 'n eiesoortige wyse met sendingwerk omgegaan is. Die sendingbeleid van 1935 het bepaal dat gelowiges uit elke taal en nasie met alle gelowiges 'n eenheid 'n ware geloof in Christus vorm en dat hulle afsonderlik bymekaar gebring word in afsonderlike selfstandige kerke.

Die formulering was aanvanklik nie afgerond nie. Die kerk het niemand enige sosiale status wat eerbaar tot hom is wat hy kan bereik, misken nie, maar daarop aangedring dat elkeen homself moet wees.[77]

Dit is om hierdie rede dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestaan het op

---

76 Strauss P.D. Sending Sekretaris in verslag aan S.S.K.: S.S.K. Sakelys Vergadering van 10 - 12 Junie 1975.'n Direkte gevolg van die beëindiging was die ontstaan van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika. Hierop sal later in hoofstuk 4 volledig ingegaan word.

77 Kinghorn, J. 1990. "On the theology of Church and Society in the Dutch Reformed Church" in Journal Theology for Southern Africa, No. 70. p. 24.

die beginsel van: sosiale differensiasie en geestelike kulturele segregasie.[78]

Om hierdie standpunt dan te ondervang is 'n sinodale kommissie in die lewe geroep om die saak te ondersoek en tydens die Transvaalse Sinode van 1948 het 'n verslag: " Rasse en Nasionale Apartheid in die Heilige Skrif" gedien. Hierdie verslag het as die belangrike dokument van die toekomstige apartheidsteologie gevorm.

Die belangrikste doel van hierdie verslag was om aan te toon dat rasseskeiding vanuit die Skrif as 'n imperatief kom. Dus is 'n hele paar skrifverwysings bymekaar gebring en eksegeties verklaar. Die kommissie het van die standpunt uitgegaan dat deur slegs skrifverwysings aan te haal dit genoegsame bewys sou wees.

In die Beleidstuk kerk en Samelewing paragraaf 305 staan: "die oortuiging het stadigaan begin posvat dat gedwonge skeiding en verdeling van mense nie as 'n bybels imperatief beskou kan word nie" en dat" die poging om so 'n stelling bybels te probeer te regverdig moet as 'n fout aangeteken word en as sulks verwerp word."[79]

Hierdie stelling volgens Johann Kinghorn, beteken nie dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk apartheid verwerp het nie, maar bloot dat die eksegetiese pogings van vroeër nie aanvaarbaar was nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wou nie meer die Bybel gebruik om sy standpunte rondom apartheid te regverdig nie.

Die 1948 dokument se uitgangspunt was gegrond op die begrip Ras. Dit is duidelik bepaal dat die kerk; "most certainly subscribes to the viewpoint of racial

---

78. Handelinge van die Raad van Kerke 1935, p. 94 - 99. Kerkargief, Kaapstad.

79. Kinghorn, J. 1990. "On the theology of Church and Society in the Dutch Reformed Church" in Journal of Theology for Southern Africa, No. 70, p. 24.

apartheid" which "must distinguish from national apartheid because different nations can be grouped together."

Dit was sonder enige twyfel aanvaar dat : "division of humanity in races and nations" 'n normatiewe daad van God was. Hierdie siening was gegrond op Bybeltekste soos Genesis 2 en Handelinge 17:26. In hierdie verse word aanvaar dat aparte nasies deur Christus sowel as die apostels aanvaar is as 'n natuurlike verskynsel... as gevolg van die voorsienigheid van God. Wat egter hier gebeur is dat 'n historiese waarneming verhef word tot 'n bybelse norm.

Dit is ook van belang om te noem dat die 1948 dokument die eenheid van die kerk beklemtoon: "In Christ a higher, spiritual unity comes into being." Die dokument gaan nog verder deur te sê dat ten spyte van alle verskille..." believers from all races, nations and classes share in the Community of Christ and are for this reason brothers and sisters in the Lord.[80]

In 1950 was die 1948 dokument opgevolg, en in sommige gevalle, ook regstellings aangebring, deur die Naturellevraagstuk. Hierna was nasie of kultuur of taal en nie meer ras nie die aanvaarbare kriteria om mense in Suid-Afrika te skei.

Die term moes nou vervang word met nasie en dus verskuif die probleem na hoe om die verhouding tussen die verskillende nasies te bepaal in Suid en Suidelike Afrika. Dit sou nou gaan om die skeiding tussen die swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Dit sou ook meebring die skepping van tuislande vir die onderskeie swart bevolkingsgroepe. Hierdie skeiding sou dan bekend staan as aparte ontwikkeling.

---

80 Kinghorn, J. 1990. "On the theology of Church and Society in the Dutch Reformed Church" in Journal of Theology for Southern Africa, No. 70, p. 25. Referaat gelewer op die kerklike kongres van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika. Byeengeroep deur die Federale Sendingraad. Bloemfontein, 4-6 April 1950.

Die Sendingbeleid van 1935 sowel as die dokument van 1948 moes noodwendig die sendingbenadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, wat die bearbeiding van die Kleurlinge betref, beïnvloed het. Hoewel die Kleurlinge nie in 'n tuisland gehuisves kon word nie, moes hulle tevrede wees met aparte woonbuurte. In hierdie aparte woonbuurte kon afsonderlike kerke dan ontwikkel.[81]

Dus, die vestiging van afsonderlike gemeentes en die bediening in 'n taal eie aan die groep was dus die kulminasie van die Sendingbeleid van 1935. Afsonderlikheid is die soeke na eie belange in die sin dat vermenging nie plaasvind nie. Mense met dieselfde belydenisgrondslag en behorende aan dieselfde Here kan nie geskei word in verskillende kerkverbande nie.
Onnodige tyd en geld is in Namibië spandeer om die beleid van afsonderlike aanbidding te laat slaag. Eindelose afstande moes deur een predikant afgelê word om die werk in die afgeleë Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeentes te verrig sodat die geskeidenheid gehandhaaf kan word.

## 8. KRITIESE BEOORDELING VAN DIE SENDINGMOTIEWE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Die sendingbeleid wat in 1935 as beleidstuk deur die Kommissie vir Naturelle sake opgestel is, het vir baie jare die pad aangedui waarlangs die Nederduitse Gereformeerde Kerk moes beweeg ten opsigte van sy sendingwerk. Sekere sendingmotiewe is bepaal. Vervolgens sal daar aan die hand van die handboek van H.L. Pretorius *et al*: Reflecting on Mission in the African Context: A Handbook for Missiology, gekyk word hoe hierdie motiewe deur die Nederduits Gereformeerde Kerk ingespan is om sy sendingdoelwitte te bereik.

### 8.1 Sendingmotiewe

[81] Die verskuiwing van veral die Windhoekse Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk is later 'n sprekende bewys.

Die volgende motiewe sal dus onder die soeklig geplaas word, naamlik die doksologiese motief; koninkryksmotief, die ekklesiologiese motief; die gehoorsaamheidsmotief, die eskatologiese motief en die liefdesmotief. Daar sal ook gekyk word na eksterne motiewe soos imperialisme, paternalisme, kulturele en selfbehoud.

Hierdie eksterne en interne motiewe sal in die algemeen behandel word en daar sal kortliks ingegaan word hoe dit moontlik die optrede van die sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika kon beïnvloed het:

### 8.1.1 Interne motiewe

- **Doksologiese motief**

Hieronder kan verstaan word dat sendingwerk niks meer is as die Sendingwerk wat deur God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees gedoen word nie. Dit is dus noodsaaklik dat daar vir alle doeleindes duidelikheid verkry sal word hoe betrokke God by die menslike geslag is. Hoekom Hy Sy Seun, en die Heilige Gees gestuur het en hoekom Hy sendingwerk deur Sy navolgers voortgesit het. Met ander woorde, wat is God se doel as Hy tot ons spreek deur sy Woord.

God spreek tot die mens nie op 'n abstrakte wyse nie. Hy openbaar homself konkreet deur die lewe en werk van Jesus Christus. Die doel wat hierdeur bereik word, is dat mense hulle sal bekeer en Hom dan dien en Sy Naam grootmaak, byvoorbeeld: "...bid vir ons sodat die Woord van die Here vinnig versprei en oral oorwin..." 2 Tess.3:1.

"...en elke tong sou erken Jesus is die Here!" Filipense 2:11.[82]

---

[82] Bosch ,D. 1979. Heil vir die wêreld. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal, p. 45.

Die hart van die doksologiese motief is gesetel in die behoefte wat in die mens ontstaan dat almal God sal ken soos Hy is. Mense wat deel is van hierdie motief sal nie skroom of terugstaan om God aan ander bekend te stel nie. Dus hulle wat meer van God weet, sal die beste toegerus wees om anders van Hom te vertel.

Met die koms van die Europeane na Suid-Afrika was hulle, volgens Pretorius, van oordeel dat God in Jesus Christus hulle uitverkies het om die evangelie aan die heidendom oor te dra[83]. Nie noodwendig vanuit 'n posisie van behorende aan God as werklike bekeerdes nie, maar wel op grond daarvan dat hulle uit 'n hoër beskawing kom as wat hulle juis in Suid-Afrika aangetref het.[84]

Die sendingwerk soos deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk beoefen vind 'n duidelike aanknopingspunt by die doksologiese motief.

In die algemene doelstelling van die Sendingbeleid van 1935 en die Sendingregelement van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos goedgekeur deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1970 vind ons:

- Sending is die handeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur Sy Woord en Gees vergader.[85]

Daarom aanvaar die Nederduitse Gereformeerde Kerk die sin en bestemming van sy bestaan om deur God gebruik te word in sy handeling

83 Pretorius H.L. et al. 1987. Reflecting on mission in the African Context. Bloemfontein: Pro Christo Publications, p. 64.

84 Pretorius, H.L. et al. 1987. Reflecting on Mission in the African Context. Bloemfontein: Pro Christo Publications, p. 64.

85 Heidelbergse Kategismus in: Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1983. Kaapstad: NG. Kerk Uitgewers, p. 144 - 145.

met die mens en die wêreld.

Die feit dat 'n paar lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, wat in Suidwes-Afrika woonagtig was, op 2 September 1926 'n brief aan die "leerhard en gemeente van die Hollandsche Hervormde kerk te Windhoek Suidwes-Afrika"[86] gerig het, kan as 'n stem uit nood beskou word en dat hulle kerklik verwaarloos is en daarom nie as objekte van die sending nie, maar as lidmate van 'n gemeente gesien wil word.

Dus die doksologiese motief in die sending is ernstig bedoel, naamlik om die koninkryk van God uit brei, hoewel dit ook misbruik is om rassistiese en kulturele motiewe te huisves in die vestiging van kerke vir afsonderlike volkere en taalgroepe.

- **Die koninkryksmotief**

Hierdie motief is afgelei van die omvang en doel van die Woord van God. God se doel in die Woord van God is om Homself aan die mens bekend te stel sodat die mens Hom sal ken en dien. Hulle wat God ken as Heer en Verlosser sal deur Sy grootheid en genade beweeg word om die evangelieboodskap aan die wêreld te verkondig.[87]

Die verkondiging van die koninkryk van God word deur die sendingbeleid beskou as die plig van die plaaslike kerkraad wat op sy beurt weer elke lidmaat moet aktiveer vir die uitvoering van die sendingtaak. Verder is dit ook die plig van elke kerkraad om die sendingtaak in die eerste plek binne en buite die grense van sy eie gemeente te bedryf. Hierdie

---

86 Nieuwoudt, M. M. 1979. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek: N.G. Kerk in Suidwes-Afrika, p. 144 - 145.

87 Algemene Sending Reglement in: Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die N. G. Kerk 1970. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers, p. 133.

sendingwerk moet in oorlegpleging en medewerking van die betrokke kerkverbande geskied.

Dus as die sendingwerk wat daarop gemik was om die enkeling tot bekering te bring en by 'n bestaande kerk in te skakel tot sy reg te laat kom soos bedoel sou hierdie motief in die gebruik deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk veral in Suidwes-Afrika van soveel groot betekenis gewees het vir die uitbreiding van die kerk. In die sin dat gelowiges saam kon aanbid en saam kon werk om ander ook - buite die grense van die gemeente - by die bestaande kerk te kon inskakel.

- **Die Ekklesiologiese motief**

Hierdie motief dui aan dat die koninkryk van God die heerskappy van God oor die wêreld is - die materie, die plante, die diere sowel as die menslike wêreld.

In werklikheid beteken dit dat die kinders van die koning dieselfde is as die kinders van die koninkryk en hulle vorm die kerk van Jesus Christus. Hierdie lidmate van die kerk stel hulleself beskikbaar om tot diens te wees. Hierdie beskikbaarstelling tot diens sal noodwendig uitloop tot die uitbreiding of te wel die opbouing van die Kerk van Christus.

Volgens punt 18 van die Sendingbeleid erken en aanvaar die Nederduitse Gereformeerde Kerk die wesentlike eenheid wat daar tussen die Moederkerk en die Dogterkerke bestaan, kragtens die gemeenskaplike geloof in en verbondseenheid aan dieselfde Here en Sy Woord en kragtens die erkenning van dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering en begeer, dat hierdie eenheid steeds in noue betrekking gehandhaaf sal word.[88]

---

[88] Smith, N. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 8..

Eenheid van die kerk kan gestel word : dat die eenheid van die Kerk primêr vanuit die eenheid van die gelowiges met Christus verstaan moet word. Dis 'n werklikheid wat die kerk in Christus geskenk is. Die kerk moet hierdie eenheid bewaar en bely en dit moet tot uitdrukking kom.[89]

Daar is deur navorsers oor die kerk as liggaam van Christus onweerlegbaar aangetoon dat met die eenheid van die kerk in die Nuwe Testament nie net 'n geestelike onsigbaarheid bedoel is nie, maar ook 'n uitwendige waarneembare werklikheid.

Die uitbreiding van die kerk kan dus alleenlik suksesvol verloop as alle gelowiges daarby betrokke is, nie net 'n groep uit 'n spesifieke bevolkingsgroep nie. Dienste wat deur gelowiges verrig word, moet aangewend word tot die uitbouing van die plaaslike kerk. Maar as versplintering plaasvind, sal die kerk van Jesus Christus sy eenheid inboet en sy bedingingsmag in die lewe van die nie-kerklikes nie kan verwesenlik nie, want die eenheid kan alleenlik werklikheid word as almal saamstaan en veg vir 'n gemeenskaplike doel, naamlik die uitbreiding en die opbouing van die koninkryk van God.[90]

As die sigbaarheid van die kerk ontbreek, word die werklikheid van Christus verduister en die krag van die kerk se getuienis belemmer. Dus: "De geskeidenheid van de kerken is een van die grootste belemeringen voor de uitbreiding van het evangelie in de wêreld."[91]

Die versplintering van die eenheid van die kerk in Suidwes-Afrika deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk alhier het later uitgeloop in die

---

89 Berkouwer, G.C. 1970. Dogmatische Studien, De Kerk I Eenheid en Katholiciteit. Kampen: J.H Kok, p. 37.

90 Durand J.J.F. 1972. Die doeltreffende aanbieding van die evangelie van die mens van die ruimte-eeu Referaat gelewer voor Sendingkongres Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika Kaapstad, 1972.

91 Rijks Th.J.: Resensie oor bundelopstelle i.v.m De Nederlandse deelname aan wêreldsending en wêrelddiakonaat in een nieuwe tyd.

stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en veel later die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika. 'n Daad wat die algemene kerk groot skade berokken het.

**Gehoorsaamheidsmotief**

Onder hierdie motief verstaan Smit in Pretorius *et al* dat die opdrag van Jesus uitsluitlik aan sy kerk gegee word in die woorde: Gaan dan..." Matt. 28:19, "Soos die Vader My gestuur het so stuur Ek julle." Joh. 20:21, "Luister, kyk, Ek stuur jou." Matt.10:16, "Julle sal my getuies wees." Hand.1:18.

As daar geluister en gedoen word, word sendingwerk 'n eenvoudige gehoorsaamheidshandeling. Hierdie motief was een van die belangrikste aansporings waar mense hulle vir sendingwerk beskikbaar gestel het. Vanuit Nederduitse Gereformeerde Kerk geledere vind ons verskeie teoloë wat die gehoorsaamheidsmotief sterk beklemtoon het.

J. Du Plessis verduidelik die belangrikheid van die sendingbevel en sê: "Daardie bevele is duidelik, dringend en onontwykbaar."[92]

So ook G.B.A. Gerdener: Hy grond sy siening omtrent die gehoorsaamheidsmotief op grond van Matt. 28: 19 wat volgens hom daarop neerkom dat alle mag aan Christus behoort en Hy dus altyd met en in ons is. Dus vloei sy bevel om te gaan uit sy eie voortgaan en wêreldoorwinning.[93]

Uit bogenoemde aanhalings kan afgelei word dat die motief van gehoorsaamheid vir Nederduitse Gereformeerde Kerk teoloë van groot

---

92 Du Plessis, J. 1932. Wie sal gaan. Kaapstad. Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, p. 5.

93 Gerdener, G.B.A. 1959. Die Afrikaner en die Sending, Kaapstad: NG. Kerk Uitgewers, p. 12.

belang was vir die betrokkenheid by sendingwerk onder die heidene.

Ten spyte van die edele motief kan egter hier ook kritiese vrae gevra word soos:

- hoekom het die Nederduitse Gereformeerde Kerk hulle eerstens toegespits op gekerstende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika?
- hoekom is daar nie, na samesprekings te Uukwaluudhi op 28 November 1974, toe daar 'n opregte begeeerte was van die evangelies gesinde groep Owambosprekende lidmate van E.L.O.K., om hulle toe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk in te skakel, voldoen nie?

Gulde geleenthede tot die stigting van 'n Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika is nie aangegryp nie. Inskakeling is nie bewerk nie, maar die pad van ekumeniese samewerking is bepleit.

Gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus kon uitgeloop het op die stigting van een Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die hele Suidwes-Afrika/Namibië.[94]

### 8.1.2 Eksterne Motiewe

Bo en behalwe die interne motiewe soos deur Pretorius genoem, is daar nog eksterne motiewe wat altyd op sendinggebied teenwoordig was. Sommige van hierdie motiewe sal behandel word en kan gekyk word hoe dit moontlik die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika kon beïnvloed het. Die eksterne motiewe wat vervolgens eksplisiet behandel sal word, sluit die volgende in:

---

94 Lombard, C. & Hunter, J. 1995. Kom ons word Een. Windhoek: Ein Publications, p. 37.

Imperialisme, paternalisme, kulturele, selfbehoud.

- **Imperialisme**

Baie sendelinge was die oorsaak dat imperialisme die sending op verskeie wyses beïnvloed het. Aan die begin was sendingstasies dikwels in die nabyheid van 'n regeringkantoorgebou. Dit het dikwels die indruk geskep dat die samewerking tussen die sending en die koloniste nie geskei mag word nie. Daar was ook soms kant gekies om die sending te bevorder, 'n voorbeeld hiervan is die wantroue van sommige Namakapteins tydens die Vredeskonferensie te Otjikango in 1858 toe H. Hahn kant gekies het met sommige Namakapteins soos Oasib.[95]

J. Du Plessis raak ook die probleem aan wanneer hy praat oor die "Naturellevraagstuk": Hy sê: "Ons karakter as Kristenvolk is daarmee gemoeï - ons het die roeping om 'n onontwikkelde volk te regeer en ons moet ons kristelike beginsels en gesindheid openbaar deur 'n regverdige, verdraagsame en grootmoedige behandeling van die minderjariges aan ons sorg toevertrou. En ons toekoms as die Blanke ras in Suid-Afrika is daarmee gemoeï: Ons kan nie die swart volkere verdruk sonder om self te sink nie, en ons sal hulle nie help ophef, sonder om self hoër te rys nie"[96].

- **Paternalisme**

Paternalisme was dikwels deel van die koloniale beleid, byvoorbeeld hulpverlening en voorsiening van basiese dienste soos skole, hospitale opleiding en ontwikkelingshulp.

---

95 Heese, C.P. Ongedateerd. Sendingonderwys in Suidwes-Afrika 1806 - 1870. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery, p. 195.

96 Du Plessis, J. 1932. Wie sal gaan. Kaapstad. Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, p. 183-184.

Daar kan ook wat die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk betref, gepraat word van die beleid van voogdyskap. Die Nederduits Gereformeerde Kerk sien homself as die voog van etniese kerke wat as gevolg van die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk voogdyskap sien as 'n motief vir die sending van die kerk. Hierdie siening het gelei tot die punt waar die jong kerke oorheers was deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk.[97]

Finansiële hulp wat aan die kerk in Suidwes-Afrika gebied was, het nie net bewys gelewer van paternalisme nie, maar ook van voogdyskap. Die "vir kerk" het nie veel baat gevind nie, omdat nie veel finansiële hulp aanvanklik aangebied is nie. Veel later, sover as 1984, is finansiële hulp gekoppel aan 'n persoon en nie aan 'n pos nie. Dit het meegebring dat in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeentes Lüderitz en Mariental onderskeidelik, toe die leraars beroepe elders aanvaar het, finansiële steun gestaak is.[98]

Tydens die ringsitting van die Ring van Suidwes-Afrika in 1983 het die Moderator van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes hierdie saak ten opsigte van finansiële steun belig toe die Ring van Suidwes-Afrika moes belsuit oor die Konsepbelydenis van Belhar, in die woorde: "dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie sy finansiële steun sal onttrek nie..."[99]

Die geskiedenis van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika getuig ook van paternalisme. Wanneer kritiese geluide vanuit die kerk gedreig het na vore te kom, is daar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië geantwoord met moontlike besnoeiing van sendingbydraes.

---

97 Petersen, L.R. 1995. Sendingmotiewe by die Ned. Geref. Kerk, p. 40. Ongepubliseerde M.Th tesis ingehandig by Universiteit van Wes-Kaapland.

98 Ringsnotule: Ring van N.G. Kerk vir Suidwes-Afrika 1983.

99 Lombard, C. en Hunter, J. 1995. Kom ons word Een. Windhoek: Ein Publications, p. 38.

Tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1983 toe die Bevrydingsteologie en die Belydenis van Belhar ter sprake was en die vrees ontstaan het dat die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika ook sal volg, ontvang die Sinodale Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië die opdrag." Om noulettend te waak oor die besteding van sendingsubsidies. Die Sinodale Sendingkommissie het volmag ontvang om die betaling van alle subsidies tydelik of permanent op te skort."[100]

Die motief van paternalisme was een van die motiewe wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië gebruik is om uitbreiding van die "dogterkerke" te kortwiek. Hulle, die dogterkerke moes doen soos die Moederkerk verlang anders sou hulle die gevolge moes dra.[101]

- **Kulturele motief**

Die kontak tussen die Westerse beskawing en die kulture van die Derde Wêreldlande in die agtiende en neëntiende eeue was dikwels gekenmerk deur die opvatting vanaf die kant van die sendelinge dat hulle 'n hoër ontwikkelingspeil en lewenstandaard as die van die inheemse bevolking het. Opvoeding moes dus 'n sleutelrol in die sending speel en nie soseer evangelie-verkondigings nie.[102]

Met die bekering van die inheemse bevolking sou hulle die sendelinge se kultuur goedgesind wees. Sendingteoloë onder andere Du Plessis en Du Toit was hierdie benadering goedgesind. Volgens Du Toit word: Kultuur en maatskaplike lewe beïnvloed in 'n magtige

---

[100] Lombard, C. en Hunter, J. 1995. Kom ons word Een. Windhoek: Ein Publications.

[101] Du Plessis, J. 1965. History of Christian Missions in South Africa. Cape Town: C.C. Truik, p. 60.

[102] Heese, C.P. Ongedateerd. Sendingonderwys in Suidwes-Afrika 1806 - 1870. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery, p. 198.

akkulturasieproses."[103]

## - Selfbehoud

Vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk was dit belangrik om deur die jare hul eie "kerklike identiteit" te behou. Die kerk moes te alle tye suiwer gehou word. Baie Nederduitse Gereformeerde Kerk teoloë bevestig hierdie gevoel van selfbehoud. "Die sendingtaak .... is 'n lewenstaak vir die kerk... om sy eie eer, vir sy eie gewin, en tot sy eie behoud."[104]

Die probleem rondom die groot getalle van swartmense het die N.G. kerk genoop om die Bantoe teen 'n snelle tempo te kersten, sodat hulle die kerk goedgesind kon wees. Dit het meegebring dat daar 'n vrees gebore kon word dat die sending nie meer sou gaan om die eer van God nie, maar om die selfbehoud-motief. Tereg sê Du Toit " ..die selfbehoud-motief bly in sy wese 'n selfsugtige mede-dryfveer. Per slot van sake gaan dit dan om ons eie voordeel en nie om die belange van die hemelse en die eer van God nie".[105]

Die selfbehoud van die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika was om 'n aparte kerk vir Kleurlinge en Swartmense te stig om hulle sodoende te laat ontwikkel in afsonderlike gebiede soos deur die regering van die dag bepaal.

---

103 Du Toit, H.D.A. 1967. Die kerstening van die Bantoe. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 100.

104 Du Plessis, J. 1932. Wie sal gaan? Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelverspreiding, p. 21.

105 Du Toit, H.D.A. 1967. Die kerstening van die Bantoe. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 36.

# HOOFSTUK 3

## DIE STIGTING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VIR SUIDWES-AFRIKA EN VERDERE ONTWIKKELING TOT 1994

### 1. INLEIDING

Die Afrikanerboere wat die land binngekom het was lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en het hulle kerk met hulle saamgebring. In Warmbad (1890) en Grootfontein (1893) is daar georganiseerde boeretrekke gevestig. Daar is aanvanklik slegs drie Ned. Geref. gemeentes voor die Eerste Wêreldoorlog (1914) gestig, naamlik Groot Namakwaland (1898) Gibeon en Moria (1902).

Met die Tweede Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse Regering besluit om by die oorlog betrokke te raak. Hierdie besluit het verdeeldheid onder die Afrikaner in Suidwes veroosaak soveel so dat daar twee groepe bestaan het. Hierdie verdeeldheid het ook na kerklike vlak deurgewerk.

Met die oorname van die Suid-Afrikaanse owerheid op grond van die C-Mandaat het die getalle van die Afrikaner toegeneem.

Die nuwe regeringsbeleid was om blanke nedersettings te stig. Die doel van die Mandaat ooreenkoms was dat die land ten bate van die oorspronklike inwoners ontwikkel moes word.[1]

Daar het ook baie lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk die land binngekom wat graag by die Nederduitse Gereformeerde Kerk wou inskakel maar deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk verkies om hulle apart te

---

1 Hierdie beoogde doel is nie nagekom nie omdat die Suid-Afrikaanse Regering daarop ingestel was om die stelsel van aparte ontwikkeling in te stel.

bearbei.[2]

Die gevolg van die invloei van lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, was die stigting van 'n selfstandige kerk in Suidwes-Afrika in 1957. Die eerste vergadering van die Sinode het vir die eerste keer op Dinsdag 5 Maart 1957 byeengekom.

Sendingwerk onder die inheemse bevolking het reeds by die eerste Sinode aandag geniet. Tydens die Sinode lewer ds. J.P. Fourie, die sendingsekretaris die volgende verslag: "Die wordingsgeskiedenis van die bemoeiing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika op die gebied van die sending kan beskryf word as 'n spontane drang wat eers in die harte van enkele gelowiges en later in gemeentes ontstaan het om die bevel van die Meester te gehoorsaam en die blye boodskap van verlossing te bring aan hulle wat in die donkerte sit".[3]

Daar word verder besluit dat die werk onder die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk[4] ná hierdie Sinode deur die Sinodale Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika behartig sal word.

Tydens die tweede Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, in sitting vanaf 2 Maart 1961 te Windhoek, word daar nog verdere besluite rakende die Kleurlinge en Basters geneem. Hierdie besluit sou die weg aandui vir die stigting van Nederduitse Gereformeerde Kleurlinggemeentes:

---

2 Kritzinger, J.J. 1972. Sending en Kerk in Suidwes-Afrika. Pretoria. DD Verhandeling, p 357-359.

3 Verslag van die Sendingsekretaris Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika Windhoekse Kerkargief.

4 Die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk waarna hier verwys word, was lidmate wat die land vanuit die Suide as seisoenwerkers binnegekom het. Aanvanklik was die getalle maar klein en mettertyd het dit uitgebrei en is hulle in die omgewing van Mariental en Karasburg gevestig.

- "Die Hoogeerwaarde Sinode keur in beginsel die stigting van Kleurlinggemeentes in Suidwes-Afrika goed;

- Die Hoogeerwaarde Sinode dra dit aan sy Permanente Regs- en Sinodale Sendingkommissies op om te onderhandel met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika oor die inskakeling van die te worde gestigte Kleurlinggemeentes by die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika.

Inskakeling by die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afirka kon op hierdie stadium as 'n sterk moontlikheid beskou gewees het vanweë die feit dat die lidmate op hierdie stadium nie 'n kerklike tuiste gehad het nie. Die moontlike stigting van 'n eie kerk kon ook op hierdie stadium 'n te groot risiko gewees het, omdat as daar aan die finansiële kant van die saak gekyk was, kerkstigting finansieël 'n te groot uitgawe sou meebring.

As daar gekyk word na die werksopdrag van eerwaarde D.J. Joubert, naamlik om al die Kleurlinge oor die hele land te bearbei en die finansiële implikasies, sou inskakeling op hierdie stadium die gunstigste weg gewees het.

Die besluit oor inskakeling was egter nie uitvoerbaar nie, omdat daar ook 'n hoop bestaan het en dit was om 'n eie Kleurlingkerk, wat afsonderlik van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika sou bestaan, in die lewe te roep. Dus vir inskakeling by die Nederduitse Gereformeerde Kerk was daar nie baie hoop oor nie.

Nadat finaliteit oor die stigting van 'n Kleurlingkerk bereik is, is daar ook besluit om lidmate, van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wat aan lede van die Algemene Sendingkommissie bekend was bymekaar te bring. Nie lank hierna nie is die eerste twee gemeentes Mariental en Windhoek buite enige kerkverband gestig. Dit was volgens die Sendingbeleid (1935) 'n logiese gevolg

op die verkondiging van die evangelie.

Daar kan ook bygevoeg word dat sendingkommissies hulle die reg toegeeien het om gemeentes en werkkringe te stig op grond van die Grondwet wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk namens die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die wordingsjare opgestel het (1915).

Kort nadat die eerste twee gemeentes buite enige kerkverband gestig is, is samesprekings oor die volgende stap geneem. In hierdie verband is daar drie moontlikhede genoem, naamlik òf "die gemeentes kan as die Ring van Mariental onder die toesig van die Algemene Sinodale Kommissie Suidwes-Afrika bly voortbestaan", òf "hierdie Ring sal in oorleg en met die toestemming van die Algemene Sinodale Kommissie kan besluit of die Ring wil voortgaan tot die stigting van 'n eie Kleurlingsinode in Suidwes-Afrika", òf "die Ring sal inskakel by die reeds bestaande Nederduitse Gereformeerde Kleurlingsinode in Suid-Afrika.[5]

Betreffende 'n Sinode van die Kleurlingkerk besluit die vergadering dat so 'n Sinode so gou moontlik opgeroep word en wel om op Maandag 30 April 1962 te begin. Oor die naam van die Sinode beveel die Sinodale Sendingkommissie aan dat die naam kan wees. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika. (Oor die kerkregtelike aspekte van so 'n besluit sal later in hoofstuk 4 op ingegaan word.)

## 2. FAKTORE WAT DIE STIGTING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VIR SUIDWES-AFRIKA IN EIE KERKVERBAND BEÏNVLOED HET

Alvorens daar tot die verhaal van die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika oorgegaan word, is dit noodsaaklik om

---

5 Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, 1961, p 420. Windhoekse Kerkargief, Windhoek.

te kyk en te besin oor die raamwerk waarin die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontwikkel het. Hierdie skeiding word gebaseer op die volkereverskeidenheid wat deur die kerk erken word as verskeidenheid in kleur, kultuur en taal. Veel later is hierdie verskeidenheid "in die voort bestemming van God" gegrond en dien tot die eer van sy Naam".[6]

Hierdie uitsprake kan nie losgemaak word van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika nie. Soos reeds genoem het die Afrikaner sy kerk met hom oor die landsgrense saamgebring.

Dus met die inisiatief, vir die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika, wat vanuit die Nederduitse Gereformeerde Kerk gekom het, het hierdie verklarings op grond van die Sendingbeleid 'n groot rol gespeel.

Op 10 Mei 1961 het die besluit oor die stigting van 'n eie kerk in eie kerkverband, van die Sinodale Sendingkommissie die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika bereik. Die reaksie het spoedig gevolg. Die Sinodale Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was vriendelik versoek om nie met die stigting voort te gaan nie. Die aanvanklike rede was dat baie lidmate in Suidwes-Afrika nie in die saak geken was nie.[7]

Hierdie beswaar is nie inaggeneem nie. In 'n skrywe van 12 Junie 1961 meld die sendingsekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, ds van der Spuy, dat daar nou geen keer aan die proses was nie.[8]

---

6 Handelinge - Raad van Kerke, 1935, p. 95. Kerkargief, Kaapstad.
Handelinge - Raad van Kerke, 1941, p. 98. Kerkargief, Kaapstad.
Handelinge - Raad van Kerke, 1947, p. 35. Kerkargief, Kaapstad.
Handelinge - Raad van Kerke, 1949, p. 224. Kerkargief, Kaapstad.

7 Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, 1962 A2,4, p. 5.

8 Verslag van die Sendingsekretaris van die N.G. Kerk in Suidwes-Afrika, April 1961. Windhoekse Kerkargief, Windhoek.

Die stigtingsvergadering van die eerste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika vind plaas op Saterdag 1 September 1962 te Mariental. Ds. S.H. van der Spuy, die Algemene Sendingsekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika dien as voorsitter en by dieselfde geleentheid word hy as die eerste Moderator van die nuutgestigde kerk gekies.[9]

Onmiddellik hierna, om die bestaan van die nuutgestigte kerk te regverdig en te versterk, was dit nodig dat nog gemeentes gestig moes word. Onder hierdie gemeentes was Karasburg, Rehoboth, Gobabis en Walvisbaai. Veel later is Keetmanshoop en Lüderitz bygevoeg.

- **Aanleidende faktore**

Alle werk onder die Kleurlinge in Suidwes-Afrika was van die begin af los van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika gedoen. Gedurende die twintigerjare van hierdie eeu het eerwaarde D.J. Joubert enkele besoeke aan sy lidmate wat in die Karasberge woonagtig was, gebring. Toe die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk genader was ten opsigte van die bearbeiding van hul lidmate was hulle van mening dat die lidmate liefs by die Rynse kerk inskakel.[10]

Vanweë die feit dat hulle geen ander heenkome kon vind nie en dat hulle graag kerklik ingeskakel wou word gaan 'n klompie lidmate in 1925 na die leraar, van die Gibeonse-gemeente, eerw. E.J. Leonard. Hulle versoek het daarop neergekom dat daar vir hulle kerkdienste gehou moes word. Hy en sy kerkraad het ingewillig. Gedurende dieselfde tydperk het ds.

---

9 Notule van die eerste vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 1962.

10 Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, 1962.

K.W. Le Roux te windhoek en ds. A.J. Stals op Warmbad onder die Kleurlinge begin met die hou van eredienste.[11]

Na 1926 is heelwat vordering gemaak wat die hou van eredienste aanbetref. Dit het egter nodig begin raak dat die werk nie op 'n losse voet gedoen moet word nie. In 1955 stel die Algemene Sendingkommissie 'n reglement vir beter bearbeiding van die werk onder die Kleurlinge, op. Hierdie reglement maak onder andere voorsiening vir 'n koördinerende Sendingraad uit alle ringe en pro rata verdeling van finansiële verantwoordelikhede. So word die Kleurlingsending gekoördineer tot een sendingwerkkring waartoe alle gemeentes in Suidwes-Afrika finansieël bydra.[12]

**Beperkinge deur Ordonansie no. 7 van 1843**: Soos reeds genoem het die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika eerder gevoel dat die lidmate van die kerk hulle by die Rynse Kerk moes aansluit. Die rede hiervoor kan grootliks gevind word in die beperking wat Ordonansie 7 van 1843 op alle kerke geplaas het, waarin hulle tot 'n mate verbied was om buite die grense van die Kaapkolonie met geestelike werk hulle besig te hou.

Soos die ontwikkeling op kerklike vlak gevorder het, het daar geen noemenswaardige verandering in die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk - Ring van Namibië, plaasgevind nie.

- **Die posisie van die Basters**

Die Basters van wie daar in 1872 ongeveer driehonderd lidmate van die

---

11 Cronje, J.M. 1981. Aan God die Dank. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 310.

12 Cronje, J.M. 1981. Aan God die Dank.. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 311.

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika in die Rehoboth Gebied was, wou nie verbind wees met die Republiek van Suid-Afrika nie. Indien die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk vanuit die Republiek van Suid-Afrika gemeentes kom stig, het die Basters dit as voorbereidende pogings beskou vir inlywing van Suidwes-Afrika by die Republiek van Suid-Afrika. Die Basters wou nie as Kaapse Kleurlinge behandel word nie. Inlywing by 'n Kleurlingkerk in Suid-Afrika wou hulle ten alle koste vermy. Hulle sou hulle bereid verklaar om eerder by 'n bestaande kerk in Suidwes-Afrika in te skakel. Die toekoms op staatkundige gebied was baie onseker en dit sou vir hulle - die Basters - nie wenslik wees om bande, buite die grense, op kerklike gebied met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk te smee nie. As Suidwes-Afrika in vreemde hande sou val dan was die kerk onafhanklik in die land gevestig.

- **Sinode van 1857**

'n Besluit wat tydens hierdie Sinode geneem was, het 'n baie belangrike rol gespeel in die daarstelling van die sendingbeleid vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Hierdie besluit het nie net die vorming van kleurbepaalde gemeentes gesanksioneer nie, maar ook die weg gebaan vir die uiteindelike vestiging van 'n afsonderlike kerk.[13]

Hierdie drie hoofmomente soos genoem, het uiteindelik 'n bydrae gelewer tot die daarstelling van 'n duidelik Sendingbeleid wat in 1935 die lig gesien het.

13 Loff, C.J.A. 1997. Bevryding tot Eenwording. Die Ned. Geref. Sendingkerk in S.A. 1881 - 1994, Kampen, p. 97.

## 3. INSKAKELING BY DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK IN SUID-AFRIKA

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika is op 1 September 1962 gestig. Sedert die stigting het heelwat probleme na die oppervlak gekom. Hierdie probleme het nie onverwags gekom nie en voordat enige vordering kon plaasvind, moes dit opgelos word.

Van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika het die eerste besware gekom. Hulle was van mening dat die aanvanklike belangeloosheid in die lidamte wat in Suidwes-Afrika woonagtig was nie die fout van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA was nie, maar dat dit toegeskryf kon word aan die beperking wat Ordonansie 7 van 1843 op die kerk geplaas het. Dus kon hulle nie die lidmate bereik het wat die land binnegegaan het nie. Die aanbeveling dat hulle by die Rynse kerk in die land moes inskakel sou die probleem tydelik kon oplos.

Na die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika verskyn daar 'n berig in dié verband in die "Ligdraer" (Nuusblad van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA) van 29 April 1962. Hierdie berig het ook gedien as 'n uitnodiging om die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA uit te nooi na die eerste sitting van die Sinode van die nuutgestigde kerk. Hierdie berig en uitnodiging asook die versoek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika om die Sinode van die kerk by te woon was nie ontvanklik vir die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk nie, omdat hulle reeds vroeër die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika versoek het om nie met die stigting van 'n aparte kerk in eie kerkverband voort te gaan nie.[14]

Die stigting van 'n eie kerk vir die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde

---

[14] Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA, 1962, p. 55.

Sendingkerk in Suidwes-Afrika kon egter nie gekeer word nie en tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk is daar ernstig oor hierdie saak besin. Uiteindelik is daar die volgende oor hierdie stigting besluit:

(a) Dat hierdie kerkverband beslis op onkerkregtelike wyse tot stand gekom het, aangesien hierdie kerkstigting van bo af gekom het in plaas daarvan dat dit van onder af uit bepaalde gemeente-stigting gegroei het, en dat die lidmate van die te worde gestigte gemeentes in Suidwes-Afrika ten minste die keuse moes gehad het of hulle 'n eie verband op Suidwes-Afrika bodem wou hê en of hulle in ons kerkverband wou tree.

(b) Dat daar in sekere opsigte onbroederlik opgetree is deurdat lidmate wat uit ons kerkverband na Suidwes-Afrika verhuis het by die kerkverband ingeskakel is sonder dat ons kerk in die saak geken is.

Hierdie aanbeveling word deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA aanvaar omdat die nuwe kerkverband op daardie stadium 'n voldonge feit was. Die Moderatuur is versoek om met die verantwoordelike instansies in Suidwes-Afrika te onderhandel ten einde 'n oplossing te vind.[15]

Toe dit lyk, na hierdie besluit, dat die dooiepunt opgelos is, het sake 'n ander onverwagse wending geneem, na aanleiding van 'n brief in "Die Burger" van Vrydag 19 Oktober 1962. In hierdie brief spreek die Moderator van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA sy leedwese uit dat "die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika gestig is met 'n grondwet en 'n naam wat vreemd is aan die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA". Volgens hom sou die motivering vir die stigting van die kerk wees dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk vir Suidwes-Afrika die Basters van Rehoboth binne die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wou kry, terwyl

[15] Verslag van die Tydelike Regskommissie, Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA 1962, p. 262.

sommige van hulle dan eintlik nog al die jare Luthers was.[16]

Hierdie saak is tydens die eerste vergadering van die Moderatuur van die NG Kerk vir Suidwes-Afrika bespreek en is daar tot die slotsom gekom dat daar 'n paar misverstande by die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk bestaan en dat die motivering vir die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika ook verkeerd opgeneem is.

Sake ten opsigte van inskakeling by en erkenning deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA moes reggestel word voordat daar met verdere vordering voortgegaan kon word. Dit sou nodig wees om 'n deeglike memorandum[17] oor die hele aangeleentheid op te stel en dit aan die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA voor te lê. Hierdie memorandum kon dan later in verdere gesprekke gebruik word. 'n Brief aan "die Burger" sou ook dien om die saak aan die wye publiek te verduidelik.[18]

Sake het nou begin rigting kry en op 9 Oktober 1963 is daar samesprekings gevoer tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in SA. Hierdie besprekings was daarop gemik om die motivering vir stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en die probleme wat daarmee gepaard gegaan het te bespreek en oplossings vir die pad vorentoe te vind.

Voordat samesprekings kon begin moes sekere regstellings gemaak word. Onder andere het ds. D.P. Botha (Aktuarius van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA) aangevoer dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA nog altyd van die oortuiging was dat daar gemeentes in Suidwes-Afrika

---

16 Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 1963 "Memorandum" insake die stigting van 'n selfstandige Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Nie blankes in Suidwes-Afrika, Windhoekse Kerkargief, p. 51.

17 Memorandum ivm eenwording van die NGSK en NGK vir SWA.

18 Brief van ds G.C. Hugo aan Die Burger, 26 October 1962. Acta Synodi N.G. Kerk vir SWA, 1963, p. 38.

gestig moes word. Hierdie pogings was tot 1958 nie moontlik nie vanweë die beperking tot uitbreiding van die kerke oor landgrense soos deur Ordonansie 7 van 1843 op die kerk geplaas is. Die moderator van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA, ds. J.A.J. Steenkamp, het hieroor samesprekings gevoer toe hy in Suidwes-Afrika was om lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die land kom besoek het. Hierdie samesprekings is nie deur ds. J.P. Fourie, sendingsekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika aan sy opvolger ds. S.H. van der Spuy deurgegee nie.

Briefwisseling oor die stigting van gemeentes tussen ds. D.P. Botha en ds. J.I. du Toit Naude, destyds predikant van Windhoek-Wes, was ook nie aan Sinodale Sendingkommissie oorhandig nie.[19]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika het by monde van ds van der Spuy verskoning aangebied dat 'n sekere brief van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA onbeantwoord gebly het. Hierdie antwoord kon sake opgeklaar het en kan dus in 'n groot mate beskou word as aanleiding tot misverstande wat ontstaan het. Nog 'n punt wat bespreking geverg het en een van die grondoorsake vir die stigting van 'n selfstandige kerk was probleme wat toe onder die Kleurlinge en Basters bestaan het.

Te oordeel aan probleme wat genoem is, wil dit voorkom asof die Sinodale Sendingkommissie sekere onderhandelinge gerieflikheidshalwe geïgnoreer het om sodoende 'n eie kerk vir Kleurlinge en Basters tot stand te bring as deel van hul sendingwerk in die land.

Omdat inskakeling die uiteindelike doel van die samesprekings was, is daar tydens hierdie vergadering (9 Oktober 1963) moontlike voordele vir inskakeling voorgelê.

---

19 Smith, N. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 46.

Hierdie voordele is in 'n memorandum vervat met die volgende punte:

- **Die personeeltekort**

  Die hoeveelheid werk, versprei onder twee leraars en een evangelis en die sendingsekretaris wat op sinodale kommissie gehelp het, ten opsigte van die instandhouding van die Sinode was te veel vir die klein personeel.

- **Die Wetboek**

  Daar kan nie vir 'n onbepaalde tyd voortgegaan word om die wetboek van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk te verander en aan te pas by plaaslike omstandighede in Suidwes-Afrika nie. Aan die ander kant is daar ook nie finansies om 'n eie wetboek te laat druk nie.

  Die Kleurlinggemeentes in Suidwes-Afrika is by verre na nie in staat om die sinodale kostes self te dra nie. Dus moet daar altyd weer teruggeval word op die Sinodale Sendingkommissie vir hulp.

  Beide die gesangboek sowel as die liturgie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika oorgeneem, hoewel die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika geen seggenskap in die vorming of beheer daarvan het nie.

  In verband met die kerklike inrigtings in die Republiek van S.A. is daar onsekerheid of die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika daarvan gebruik mag maak, daarbenewens is daar ook geen fondse om enige projek te inisieer nie.

Hierdie voordele soos genoem, het reeds bestaan voordat die stigting van die

Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika plaasgevind het. Die kerk sou verwyderd wees van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in S.A. en ongekende probleme meebring. Myns insiens moes hierdie probleme eers aangespreek en ondersoek word voordat die Algemene Sinodale Sendingkommissie die pad van die stigting van 'n eie selfstandige Kleurlingkerk gekies het. Die feit dat hierdie pad gekies was, is 'n bewys dat daar werklik nie omgegee was of die latere probleme die hoof gebied sal kan word nie. Daar is slegs gedink aan gesamentlike aanbidding, in eie taal en bevordering van 'n eie kultuur soos die beleid om sendingwerk en verskillende verhoudinge in die lig van die skrif behandel moes word (Sendingbeleid 1935 en daarna).

Stigting van een kerk met dieselfde belydenisskrifte sou geensins inbreek gemaak het op die bestaande kerke nie, dit sou die kerk versterk het en sou baie toekomstige probleme uitgeskakel het. Dan sou eenwording geen opdraende stryd gewees het soos dit vandag ervaar word nie. Een gereformeerde kerk in die land sou die kerk van die Here Jesus Christus baie beter daaruit laat sien het.

Kritzinger sê tereg dat die stigting van die Nederduitsee Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika een van die grootste foute was wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika begaan het.[20]

Die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika moes egter na stigting uitreik na die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA en op die vergadering van 9 Oktober 1963 word daar die volgende beginsel besluit geneem: "Weens die feit dat die Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk in S.A. en die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika dieselfde belydenis, leer, liturgie en kerkorde aanhang en weens die feit dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika in die praktyk in baie opsigte afhanklik is van die meerdere ervaring, leiding en fasiliteite van die

---

20 Kritzinger, J.J. 1972. Sending en Kerk in Suidwes-Afrika. Pretoria. DD Verhandeling, p. 200.

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA word 'n federale verband tussen die twee Sinodes as absoluut noodsaaklik beskou in hierdie stadium". Die naam van hierdie federale band sou wees: Die Federale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA en die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika. Hierdie kommissie sou voortaan jaarliks vergader of ook selfs meermale waar nodig.[21]

Die eerste vergadering van die Federale Kommissie is gehou gedurende Augustus 1965 te Worcester en 'n tweede op 2 Junie 1969 te Khomasdal, Windhoek. Tydens hierdie vergadering word besluit dat die saak ten opsigte van inskakeling na die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA verwys sal word.[22] Op grond hiervan aanvaar die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika die volgende beskrywingspunt: "Die Sinode beskou dat die tyd ryp is vir eenwording tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA en doen die nodige om eenwording te laat plaasvind.[23]

Die werk van die Federale Kommissie het, alhoewel daar in 1967 nie vergader is nie, voortgegaan. Die doel van eenwording van die twee kerke het nog steeds bestaan. Die moderatuur word dan ook versoek om al die gemeentes te besoek sodat 'n deeglike verslag voor die Sinode van 1970 kon dien.[24] Op die Sinode van (Februarie 1970) word die nodige verslag gedoen en word vermeld dat al die gemeentes, behalwe Rehoboth en Mariental, besluit het om by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA in te skakel.

Op Woensdag 29 Julie 1970 het die Federale Kommissie ontbind omdat dit nie

---

21 Acta Synodi Nederduits Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika p 963 "Verslag van die Onderhandelinge tussen die Moderatuur van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk in SA en die Nederduits Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika, p. 46.

22 Acta Synodi Nederduits Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 1966 p. 22 Windhoekse Kerkargief.

23 Acta Synodi Nederduits Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 1970. p. 50. Windhoekse Kerkargief.

24 Sien notule van die Federale Kommissie 16 September 1969. Windhoekse Kerkargief.

meer nodig was om voort te gaan nie. Eenwording op hierdie stadium was onafwendbaar en alles moes in gereedheid gebring word. Die reeds vermelde memorandum wat sou dien as 'n "eenwordingsdokument" is deeglik bespreek[25] en 'n akte van ooreenkoms tot vereniging tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA is opgestel en aanvaar. Hierdie akte van vereniging[26] is tydens die vergadering onderteken deur die twee moderature. Na die ondertekening afgehandel is, is toestemming aan die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika verleen om sittings van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA by te woon.

Na die stigting van die Nederduitse Gereformeerde vir Suidwes-Afrika is inskakeling by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde vir Suidwes-Afrika, gehou op 1 Oktober 1966, bespreek en is die volgende besluit geneem: "Die Sinode beskou dat die tyd ryp is vir eenwording tussen die Nederduitse Gereformeerde vir Suidwes-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk in SA en doen die nodige stappe om die nodige stappe te laat plaasvind"[27]. Daar was egter gevoel dat hierdie besluit nie uitvoerbaar is nie omdat daar nog nie eenparigheid tussen die gemeentes oor inskakeling bestaan het nie.

Hierdie nie aanvaarding van die besluit ten opsigte van inskakeling by die Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk in SA het geensins beteken dat die saak afgewys is nie. Dit sou egter weer in die toekoms aandag geniet en dit het wel tydens die volgende Sinode van die Nederduitse Gereformeerde vir Suidwes-Afrika plaasgevind. Daar was egter op hierdie vroeë stadium 'n probleem wat aandag moes geniet met betrekking tot die Basters, wat die verdere verloop van sake kon bemoeilik. (Verdere probleme ten opsigte van die

---

[25] Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 1970 p. 50. Windhoekse Kerkargief.
[26] Memorandum 1Oktober 1996. Bylaag 1.
[27] Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika, 1966 Derde Sitting, p. 63 Windhoekse Kerkargief.

Bastergemeente tot inskakeling sal later in die hoofstuk genoem word.)

Om die bestaande probleem aan te spreek, word besluit: dat die skriba aan die Basterraad en aan die Administrateur sal skryf om die versekering te kry dat geen Basterlidmaat enige verliese aan grond of eiendomsreg sal ly ingeval die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika verenig met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk nie.

Die Kommissie wou ook bo alle twyfel vasstel dat daar op die stadium geen hindernisse op die pad van eenwording bestaan nie. Om dit te verseker word ook besluit dat: "die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika die gemeentes van die kerk vir Suidwes-Afrika besoek vóór die Sinode van Februarie 1970 en samesprekings sal voer op gemeente en kerkraadsvlak in verband met die moontlike eenwording met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA".[28]

Die Moderatuur van die "Vir kerk" het nie stilgesit nie en daadwerklik opgetree. Al die gemeentes is besoek en aan die gemeentes wat nie bereik kon word nie is skrywes gerig om hulle menings te vra. Nadat die nodige inligting ingewin is, word die verslag op 'n Algemene Sinodale Kommissie vergadering van 6 Desember 1969 behandel.

Uit die verslag wat voor die Sinode gedien het, het dit duidelik geblyk dat die meeste gemeentes bereid was om by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA in te skakel.[29] Toe dit lyk dat daar konsensus bereik is, besluit die Sinode: "Die NG Kerk vir Suidwes-Afrika skakel in by die NG Sendingkerk in SA".[30]

---

[28] Notule van die vergadering van die Federale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA en die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 16 September 1969. Windhoekse Kerkargief.

[29] Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 1970 p. 50. Windhoekse Kerkargief.

[30] Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika 1970 p. 50. Windhoekse Kerkargief.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika het op 29 Julie 1970 tydens die laaste vergadering van die federale kommissie opgehou om te bestaan. Die gemeentes is tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA verteenwoordiging toegestaan behalwe die twee gemeentes Rehoboth en Mariental wat nog nie seker was of hulle sou inskakel nie.

## 3.1 Die inskakeling van die oorblywende twee gemeentes by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika

Die inskakeling van die twee oorblywende gemeentes, nl. die NG Bastergemeente Rehoboth en Mariental was van die allergrootste belang vir die kerk. Hierdie twee gemeentes was nie net die grootste wat getalle betref nie, maar Mariental was die oudste gemeente in Suidwes-Afrika. As hulle sou inskakel, sou dit beteken dat die toekomspad, wat die kleiner gemeentes aanbetref, doeltreffender sou wees in die sin dat hulle dan as voogde kon optree.

Vervolgens sal daar gekyk word na die uiteindelike inskakeling van die twee gemeentes eerstens die NG Bastergemeente Rehoboth en daarna Mariental.

### 3.1.1 Nederduitse Gereformeerde Gemeente Rehoboth

Die Kerkraad van die gemeente sowel as lidmate het aanvanklik heelwat probleme met inskakeling gehad, soos blyk uit die notules van die gemeente. Alvorens hierdie probleme nie aangespreek en opgelos is nie, sou inskakeling nie moontlik wees nie. Om die probleem aan te spreek is daar op 'n kerkraadsvergadering gehou op 1 Augustus 1970 dringend aandag aan inskakeling by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA gegee. Voortvloeiend is besluit dat "alle eiendom by die Akteskantoor onder die naam

Nederduitse Gereformeerde Bastergemeente Rehoboth geregistreer word".[31] Tydens 'n volgende vergadering het daar egter nuwe gedagtes navore gekom en is die kerkraad gemaan tot versigtigheid, want dit het toe gegaan om eiendomsreg en 'n moontlike skeuring in die gemeente. Hierdie dreigende situasie moes dringend aandag geniet. Nadat hierdie situasie deeglik bespreek is in eie geledere en die kerkraad die sekerheid gehad het dat daar geen bedreiging was nie, word besluit dat 'n "Onderhandelingsmemorandum van grondige redes" opgestel moet word. Hierdie memorandum moes dus aan die eerskomende ringsitting van die Ring van Suidwes-Afrika[32] voorgelê word. Dit moes ook tegelykertyd aan die gemeente voorgelê word vir deeglike besinning.[33]

Na deeglike besinning neem die kerk 'n beginsel besluit op 'n kerkraadsvergaering van 30 Januarie 1971 wat daarop neerkom: "Aangesien, volgens die Akte van 29 Julie 1970, net 'n jaar grasie geskenk is om tot 'n besluit te geraak, en aangesien die tydperk bykans verstreke was, besluit die kerkraad in beginsel dat die NG Bastergemeente Rehoboth aansluit by die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA en wel op die volgende voorwaardes. Dit word ook in hierdie besluit baie duidelik gestel "indien aan die voorwaardes voldoen word en die gemeente ook daarmee tevrede is.[34]

- **Die besluit het die volgende voorwaardes ingesluit**

(a) Eiendomme: Die kerkraad en gemeente bly alleenbesitters van die eiendom en behou die alleenreg om te verhuur, te verkoop of beswaar en andersyds.

(b) Die naam NG Bastergemeente Rehoboth word behou en bly onveranderd.

---

[31] Kerkraadsnotule, 1 Augustus 1970 p. 190. Gemeente argief, Rehoboth.

[32] Kerkraadsnotule 31 Oktober 1970. p. 190. Gemeente argief, Rehoboth.

[33] Kerkraadsnotule 31 Oktober 1970. p. 190. Gemeente argief, Rehoboth.

[34] Kerkraadsnotule 30 Januarie 1971. p. 197. Gemeente argief, Rehoboth.

(c) Finansies: Die kerkraad behou volle beheer oor sy finansies, maar sal al sy verpligtinge teenoor die Sinode en Ring van Suidwes-Afrika nakom.

Hierdie voorwaardes is deeglik deur die Ring bespreek en die NG Bastergemeente is die versekering gegee dat hulle niks sou verloor nie.

Omdat die saak om inskakeling nou nog dringender geword het en hulle die versekering gekry het dat daar in die toekoms geen hindernisse nog sou ontstaan nie besluit die kerkraad op 30 Septmeber 1971 dat "aangesien daar nou aan die drie voorwaardes wat deur die kerkraad aan die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA gestel was, voldoen is, en aangesien die NG Bastergemeente, Rehoboth ook sy toestemming op 25 April 1971 en tevredenheid te kenne gegee het, besluit hierdie vergadering van die NG Bastergemeente Rehoboth dat hy hom aansluit by die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA en al so die beginselbesluit sy wettige en finale besluit maak".[35]

Alhoewel die besware of onsekerhede van die gemeente op die oog af nie baie ernstig is nie en afgemaak kan word as net iets alledaags is dit noodsaaklik dat daar ook na die sinodale vlak gekyk sal word.

Artikel 12 van die Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA (1970) is baie duidelik oor die hantering van kerklike eiendom: "... alle onroerende eiendomme wat ten behoewe van 'n afsonderlike gemeente of werkkring, of 'n Ring van die Sinode van die Sendingkerk verkry is of nog verkry sal word, getransporteer op naam van die Kommissie vir Toesig en Kontrole van die Sendingkerk as trustees vir en ten behoewe van sodanige gemeente of

---

[35] Kerkraadsnotule van 25 April 1971 p. 197. Gemeente argief, Rehoboth.
Na inskakeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika by die Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk in Suid-Afrika is die kerk in Suidwes-Afrika hergroepeer en hierna bekend gestaan as die Ring van Suidwes-Afrika.

werkkring of Ring of van die Sinode. Met toestemming van die genoemde kommissie van Toesig en Kontrole kan sodanige onroerende eiendom egter op naam getransporteer word van sodanige ander persone of liggaam as wat deur die Kommissie van Toesig en Kontrole goedgekeur is vir en ten behoewe van sodanige gemeente of werkkring of Ring van die Sinode van die Sendingkerk".

"Alle onroerende eiendom wat verkry is of nog verkry sal word soos bepaal in subartikel (a) kan nie sonder die toestemming van die Kommissie van Toesig en Kontrole verkoop vervreem, beswaard, met verband belas of andersins mee gehandel word nie."[36]

Met dit voor hande is dit te verstane hoekom die gemeente so versigtig was veral ten opsigte van hul finansies en onroerende eiendomme. Dit blyk 'n verstandige optrede te gewees het. Toe die kerkraad egter die versekering gekry het dat hulle niks sou verloor nie, was daar dus geen verdere hindernis in die pad van uiteindelike inskakeling nie.

### 3.1.2 Mariental

Vir die gemeente Mariental was inskakeling by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA ook van groot belang. Daar was soos in die geval van die NG Bastergemeente ook groot onsekerheid wat eintlik nie onopgelos gelaat kon word nie. Dit kon ook inskakeling nie onbepaald uitstel nie. Tydens 'n kerkraadsvergadering van 22 April 1972 verduidelik ds. R.T.G. Boesak, leraar van die gemeente, aan die hand van die reeds bestaande "onderhandelingsmemorandum", waarom daar ingeskakel kan word. Hierna het almal, behalwe 'n paar broeders, ingestem om by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA in te skakel.

Hierdie ontevredenes het die vergadering verlaat om nooit weer terug te keer

---

36 Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA 1970, p. 3-4.

nie. Die vernaamste en ook enigste rede vir hul ontevredenheid het gespruit uit die feit dat dit onnodig vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika op daardie stadium was om by 'n kerkverband wat so ver verwyderd was, aan te sluit. Die bestaande Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika kon goedskiks by die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika aansluiting gevind het. Dit sou baie goedkoper en sinvoller gewees het. Hierdie inskakeling sou beteken dat 'n groter en sterker gereformeerde kerk hier te lande tot stand kon kom.[37]

Hierdie optrede was die mees logiese. Die toekoms van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika sou soveel beter daaruit gesien het en dan sou die kerk soveel meer impak kon maak het op die samelewing van die land. Hier het nie kerke bestaan wat vreemd teenoor mekaar bestaan het nie, maar die probleem egter was gesetel in die Algemene Sendingbeleid wat bepaal: "Waar op 'n bepaalde plek 'n aantal gelowiges uit 'n bevolkingsgroep deur belydenis en doop saamgevoeg word en solank daar nog nie genoegsame persone tot die besonder ampte van ouderling en diaken verkies kan word nie, sal lidmate saam met die betrokke bedienaar van die woord en die hulpkragte onder opsig en tug van die Moederkerk staan. Die moederkerk sal die lidmate so spoedig moontlik tot vorming van gemeentes lei."

## 4.1 Verdere Ontwikkeling van die Kerk in Suidwes-Afrika

Na die inskakeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA is besluit dat die kerk in Suidwes-Afrika in die toekoms sal funksioneer as die Ring van Suidwes-Afrika. Die toekomspad is aanvanklik nie so moeilik ervaar nie, maar met ontwikkeling van verhoudings tussen die Ring van Suidwes-Afrika en die Nederduitse

---

[37] Persoonlike gesprek gevoer met een van die ontevredenes, Mnr Barry, 'n gerespekteerde inwoner van Mariental te Rehoboth, Mei 1992 in die teenwoordigheid van Ds F.C. Pedro, leraar van die N.G. Sending Bastergemeente, Rehoboth.

Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika het heelwat probleme na vore gekom waarna vervolgens gekyk sal word.

Omdat die rol van skakeling tussen die twee kerke so belangrik was, sal daar gekyk word watter rol skakelkommissies in die geskiedenis van die twee kerke gespeel het. Om die hele kwessie van skakelkommissies te beoordeel en te verstaan sal dit noodsaaklik wees om 'n agtergrond skets van skakelkommissies te gee.

Na die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA 1881 deur die Binnelandse Sendingkommissie en die werk wat die kommissie gedoen het, was daar by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk die behoefte tot nouer skakeling met die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit sou meebring direkte verteenwoordiging.

Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk het gevra vir direkte verteenwoordiging op die Binnelandse Algemene Sendingkommissie. Hierdie versoek het ingedruis teen die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die sin dat sendelinge nie toegelaat is om in sinodale kommissies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te dien nie.[38]

Die Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het direkte verteenwordiging tot 'n mate moontlik gemaak in die sin dat 'n lid van die moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk op die Sinodale Sendingkommissie kon dien. Hierdeur kan die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk tot 'n mate kennis gee van aangeleenthede wat hulle graag bespreek wou gehad het. Dit het meegebring dat die Interim-kommissie aanbeveel het dat 'n skakelkommissie in die lewe geroep word wat sou bestaan uit die Binnelandse Sendingsubkommissie en die Moderatuur van die

---

38 Kriel, C.J. 1963. Geskiedenis van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1881 - 1956. Paarl: Paarlse Drukpers, p.10,32-69,121.

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk.[39]

Die Skakelkommissie was slegs adviserend van aard met geen uitvoerende mag nie.

Die rol wat die skakelkommissie tussen die twee kerke aanhou moes speel is opgeneem in die Grondwet van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Art 13: "Met die oog op onderlinge voorligting, sowel as die bevordering en instandhouding van 'n voortdurende goeie gesindheid tussen Moeder- en Sendingkerk, vorm die subkommissie vir die Binnelandse Sending van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA en die Moderatuur van die Sinode van die Sendingkerk, gesamentlik 'n skakelkommissie, wat gereeld elke ses maande vergader, ten einde sake te oorweeg waarmee hulle van tyd tot tyd in die beoefening van hulle onderskeie werksaamhede in aanraking kom, of wat na die eis van omstandighede bespreking wenslik maak, of wat deur die Sinode na hulle verwys word.[40]

## 4.2 Raadpleging ten Opsigte van Sake van Gemeenskaplike Belang

Die Sendingbeleid sowel as Algemene Sendingreglement beskou skakeling tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk as van wesenlike belang wanneer dit baie duidelik na vore kom: "Die verskillende vergaderinge van die Moeder- en Dogterkerke sal, in ooreenstemming met die funksie elkeen afsonderlik, mekaar raadpleeg oor sake van gemeenskaplike belang.[41]

Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk het skakeling met die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n hoë prioriteit gegee omdat die idee van die uiteindelik eenwording van die NG Kerke in die land vir die Nederduitse

---

39 Acta Synodi N.G. Kerk 1953, p. 96. Kerkargief, Kaapstad.

40 Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA 1970, p. 13.

41 Algemente Sendingreglement, Algemene Sinode NGK, 1974.

Gereformeerde Sendingkerk altyd die strewe was. Tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1974 dien die volgende beskrywingsput wat dui op die uitbreiding van die werk van die Skakelkommissie: "Die Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die besondere skakeling tussen Moeder en Sendingkerk op die Kaapse Skiereiland en doen 'n dringende beroep op alle instansies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die NG Sendingkerk oor die hele land om ernstige aandag te skenk aan die daarstelling van skakelliggame op gemeente- en ringsvlak met 'n vaste personeel, wat volgens 'n vaste program vergader". Hierdie beskrywingspunt is verwys en tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1978 word verslag gelewer dat die skakelkommissie "ernstig probeer het om die besluit van die Sinode van 1974 in die praktyk toegepas te kry".[42]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die saak ook baie ernstig benader en sê "Die Sinodale Sendingkommissie beklemtoon opnuut die dringende noodsaaklikheid van amptelike skakeling met ons dogterkerke op rings- en kerkraadsvlak met die oog op samewerking ten opsigte van skakeling".[43]

## 4.3 Die verhouding en skakeling met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika

Die Ring van Suidwes-Afrika het voor 1975 tevrede moes wees met 'n jaarlikse verslag van die Sinodale Sendingkommissie en het ook die behoefte gevoel dat nouer skakeling tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Ring moes plaasvind. Dus besluit die Ring:

(a) Om die stigting van die kommissie tussen die Ring en die Sinodale Sendingkommissie goed te keur.

---

[42] Handelinge van die 21ste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA 1974, p. 287.

[43] Handelinge van die 22ste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA 1978, p. 329.

(b) die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerkkommissie sal op die skakelkommissie dien.

(c) die Ring verwelkom die aanbevelings van die skakelkommissie in sake skakeling op gemeentelike vlak en spreek die hoop uit dat die tyd gou sal aanbreek dat aanbevelings weerklank sal vind by die Moederkerk sowel as by die Sendingkerk."[44]

Die gedagte ten opsigte van uiteindelik eenwording was ook reeds hier teenwoordig alhoewel nie opsigtelik nie, maar dit kom na vore in 'n deel van die besluit dat: "die Ring keur dit goed dat die nuutgestigte kerk - die Evangelies Gereformeerde kerk in Afrika op ons noordelike grens ook sitting sal hê op die Skakelkommissie".[45] Hierdie was 'n profetiese besluit waarvan die waarde toe nie besef was nie, omdat jare na hierdie besluit en wel 1997 dit waar geword.

Skakeling vir die Ring van Suidwes-Afrika met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, soos reeds genoem, was van die uiterste belang omdat hulle nie in isolasie wou voortbestaan nie. Gedryf deur hul ywer en die pad wat deur die hele Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk vir sy gemeentes en ringe bepaal is, word daar tydens die ringsitting van die Ring van Suidwes-Afrika ingegaan op Art 86.3 en 86.4 van die kerkorde en Bep. van die NGK in Suidwes-Afrika: Die betrokke artikels is in lyn met wat reeds deur die Algemene Sinode en die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk besluit is, nl.

(a) "Plaaslike gemeentes kan ook buite hulle eie grense hulp verleen, maar dan slegs in samewerking met die Ringsendingkommissie of Sinodale sendingkommissie.[46]

---

44 Ringsnotule: Ring van Suidwes-Afrika in sitting te Narraville 23-27 Julie 1975, p. 13.

45 Ringsnotule: Ring van Suidwes-Afrika in sitting te Narraville 23-27 Julie 1975, p. 13.

46 Kerkorde en bepaling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika 1979 Art 86.3, 86.4, 87.2 p. 56-57.

(b) Die kerkraad benoem met die oog op die uitvoering van sy sendingroeping, 'n plaaslike sendingkommissie wat in opdrag van die kerkraad optree. Kerkrade wat saam een sendingverpligting nakom benoem 'n Gesamentlike Sendingkommissie wat namens die verskillende kerkrade optree".

(c) Wanneer die gemeentes in die Ringsresoort nie afsonderlik of in kombinasie die hulp soos uiteengesit, kan verleen nie, onderneem die Ring of meer as een Ring in kombinasie dieselfde werksaamhede met die steun van die Ringsgemeentes".

Daar was wel skakeling op gemeentelike vlak by Mariental en Keetmanshoop.[47] Die probleem wat verder bestaan het, was die feit dat die Sinodale Sendingkommissie die tyd nog nie ryp geag het om Art 86.3 van die Kerkorde en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika in sy volle konsekwensie aan die gemeentes deurgestuur het vir toepassing nie. Hierdie gebaar van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het striemend uitgewerk op pogings wat die Ring van Suidwes-Afrika wou laat realiseer in sy ringsgemeentes. Hulle het hierdie as 'n gesamentlike poging beskou.

Van die kant van die Ring van Suidwes-Afrika was daar opregte pogings om skakeling te bewerk en te behou, maar volgens ringsverslae het die verhouding alhoemeer versleg. Reeds in 1981 moes die Ring kennis neem dat daar geen vergaderings van die skakelkommissie gehou was nie. Die Ring van Suidwes-Afrika het egter nie sy pogings laat vaar nie en die Ringskommissie van die Ring van Suidwes-Afrika versoek weereens dat die Skakelkommissie bymekaar kom om die volgende sake te bespreek:

---

47 By Mariental het daar 'n gemeentelike skakelkommissie en by Keetmanshoop 'n gesamentlike sendingkommissie bestaan waarop verteenwoordigers van die twee gemeentes gedien het.

(a) Die toekoms van die NG kerk familie in Suidwes-Afrika

(b) Oop kerkdeure

(c) Die Belhar konsepbelydenis en Status Confessionis.

(d) Samewerking en koördinering tussen die NG kerke ten opsigte van die plasing van nuwe sendelinge en die stigting van gemeentes[48] en werkkringe[49].

In plaas van die daad by die woord voeg kom die antwoord van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: "Om met liefde en met balans oor die Status Confessionis te besin en te besluit omdat die band tussen die twee kerke hierdeur in gedrang mag kom".

Die verhouding tussen die Ring van Suidwes-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika het al hoemeer versleg. Dit was van so 'n aard uit gemeente verslae dat die Ring tot 'n mate gedwing was om die volgende besluit te neem: "Die Ring waardeer opreg die enkele gevalle van sinvolle samewerking met die NG Gemeentes, maar spreek sy diepe hartseer en kommer uit oor die verhouding met die NG Gemeentes wat deur verskeie NG Sendinggemeentes gerapporteer word en versoek die Sinode van die NG Kerk in Suidwes-Afrika om die NG Gemeentes aan te moedig en te lei om dringend aandag te gee aan hierdie situasie en terselfdertyd roep die Ring elke NG Sendinggemeentes daartoe op om met toewyding, met die liefde van Christus, te werk aan hierdie verhouding deur die verwydering van struikelbrokke aan hul eie kant en 'n onverpoosde soeke na maniere om die verhouding te verbeter.[50]

---

48 Ringskommissie notule Ring van Suidwes-afrika: Gobabis 14 Mei 1983.

49 Ringsnotule Ring van Suidwes-Afrika Gobabis 7 September 1983.

50 Ringsnotule Ring van Suidwes-Afrika 4de Gewone Vergadering 21-25 August 1985 Tamariskia, Swakopmund.

Die Skakelkommissie wat daar tussen die Ring van Suidwes-Afrika en die NG kerk in Suidwes-Afrika in die lewe geroep was om "brue te bou sodat vervreemding nie plaasvind nie", het nie geslaag nie en verwydering het plaasgevind.

Om nog 'n poging aan te wend is daar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kant besluit om die "Beraad van NG kerke" te begin.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het volgehou in sy soeke na skakeling en in 1992 is daar 'n konferensie belê "NG Getuienis Tweeduisend". Dit was 'n konferensie oor die getuienistaak van die NG Kerk-familie met spesiale verwysing na die Namibiese konteks.

Hierdie konferensie was nog 'n onsuksesvolle poging van die kant van die NG Kerk om uiting te gee aan sy voorneme om eenheid binne die NG Kerk familie te bewerk. Met 'n groot vertoon van woorde soos Volstruis-Scenario, Sukkelaar-Scenario, Icarus-Scenario; Grondvlak-Scenario en die kerkordelike prosesse was dit maar weer om eenwording op die langebaan te skuif.[51]

Hierop moes noodwendig 'n volg ontdekking en bekendstelling van mekaar wat deel sou uitmaak van die grondvlak in die Praktyk.

Hierdie pogings vanaf die begin van Skakelkommissies tot op Getuienis in die jaar 2000 kan slegs beskou word as middele in die hand van die Nederduitse Gereformeerde Kerk om een te word maar wat in werklikheid nie prakties uitvoerbaar blyk te gewees het om die uitsluitlike rede dat daar geen ernstige bedoeling in die strewe van die NGK in Namibië was om met die NG Sendingkerk op eie bodem een te word nie. Te veel was daar gevrees dat

---

[51] Volstruis-Scenario: Waaroor al die lawaai.
Sukkelaar-Scenario: Onderhandelinge streng binne die parameters van die grondwet, vreeslik spartelend bedrywig maar die neto-resultate is skaars merkbaar.
Icarus-Scenario: Hoë ideale, laat beginsels alleen die deurslag gee.
Grondvlak-Scenario: Stewige basis; oplossings word van onder af ryp en nie van bo afgeforseer nie.

skeuring in die N.G. Kerk sou plaasvind.

Die laaste stap was die belydenis van die NGK in Namibië oor sy standput ten opsigte van die bybelse fundering van apartheid, geslote deure en die gebrek aan samewerking op alle terreine van die kerk. 'n Belydenis wat nie veel beteken het nie en in die praktyk nie prakties uitvoerbaar was nie. Aan die anderkant was dit die strewe van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika dat kerke van gereformeerde belydenis die eenheid moes nastreef.[52]

## 4.4 Die verhouding met en inskakeling van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika en die Alfa-Gemeente

Met die totstandkoming van die Skakelkommissie is die hoop uitgespreek dat nie net die Ring van Suidwes-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika daarop moet dien nie, maar ook verteenwoordigers van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika sodat sake van gesamentlike belang bespreek kon word.[53]

Die Ring het die uiteindelike eenwording tussen die kerke van gereformeerde belydenis tydens elke ringsitting nie net van kennis geneem nie vanaf die vroegste jare van sy bestaan nie, maar toe daar kennis gegee is van die kontakpunte wat tussen die twee kerke bestaan het, besluit: "... dat die kontakpunte tussen die plaaslike Moeder- en Sendinggemeentes uitgebrei moes word en dat die gemeentes inisiatief moes neem om leraars, kerkrade, gemeentelede en Verenigings van die drie lidkerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika bymekaar moes bring[54].

Dus toe die konferensie van 1992 hierdie "grondvlak-scenario" beklemtoon in

---

52 Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 14 April 1994 en volgende dae Belhar.

53 Ringsnotule van die 2de Vergadering van die 2de Ring van Suidwes-Afrika 14-18 Julie 1981.

54 Ringsnotule van die Ring van Suidwes-Afrika 1984, Gobabis.

die Namibiese konteks[55] was dit reeds 'n inisiatief wat die Ring van Suidwes-Afrika na vore gebring het waarop geen ag geslaan is nie. Die Ring van Suidwes-Afrika was nie bereid om die stilswye te handhaaf nie. Hoe langer hoe ernstiger het die begeerte tot nouer skakeling en eenwording geword.

Voorsts kan op die volgende besluite in die verband gelet word:

Die enigste saak wat toe aandag geniet het, was: "dat die skakelkommissie wat vir 'n geruime tyd nog nie bymekaar was nie, dringend in kennis gestel word om te ontmoet sodat die volgende punte bespreek word:

1. Die Ottowa verklaring.
2. Die Sinodebesluit van die 1982 Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wat handel oor die verhouding met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (ten opsigte van die Status Confessionis).
3. Die 1982 Sinodebesluit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat handel oor die verhoudinge met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk.
4. Die toekoms van die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie in Suidwes-Afrika veral met die oog op onafhanklikheid.
5. Die probleem van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk lidmate binne die grense van die NG Gemeentes in stedelike gebiede, veral Windhoek.

Ten spyte van al die probeerslae van die kant van die Ring van Suidwes-Afrika het niks gerealiseer nie en het die paaie meer en meer bymekaar verby beweeg dat die Ring van Suidwes-Afrika uit blote moedeloosheid die volgende besluit geneem het:

55 Ringsnotule 4.10.82 tydens die 23ste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1982.

(a) Die Ring van Suidwes-Afrika spreek hom ten sterkste uit teen die volgehoue geslote deure vir gelowiges van alle kleure in baie gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Hierdie volgehoue weiering en ongehoorsaamheid aan die Woord (Efesiers 2) werk versteurde verhoudings in die land?

(b) Die Ring spreek ook sy oortuiging uit dat baie kosbare geld en tyd in die werk van die Here onnodig gemors word deurdat aparte leraars deur aparte gemeentes op een plek in stand gehou word terwille van die oortuiging van apartheid.

(c) Die Ring herbevestig sy vorige opdrag aan die nuwe Ringskommissie dat hulle met die skakelkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika in verbinding moet bly ten opsigte van die oopstelling van hulle eredienste".[56]

(d) Dit onder die aandag van die Moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika te bring dat daar tekens is van verslegtende verhoudings tussen sommige van die gemeentes.

(e) 'n Oproep aan die NG Kerk te doen om 'n beroep op die gemeentes te doen - soos die Ring van Suidwes-Afrika dit aan sy gemeentes doen - om as kerk met 'n gesamentlike basis, gestalte te gee aan die liefde van Christus.[57]

Skakeling wat op eenwording sou uitloop, hier te lande, was vir die Ring van Suidwes-Afrika van die uiterste belang, want die eenheid in 'n toekomstige onafhanklike staat sou aan die wêreld toon dat die kerk een is soos Christus dit verlang het in sy Hoëpriesterlike gebed (Joh. 17). Hierdie eenheid waarna die Ring in die land gestreef het met die NG Kerk sou vir die afsienbare tyd nie

---

56 Ringsnotule Ring van Suidwes-Afrika 22-26 Augustus 1984 Narraville. Walvisbaai.

57 Ringsnotule: Vierde Ring van Suidwes-Afrika 22-26 Augustus 1984 Narraville. Walvisbaai.

moontlik wees nie.

Toe dit lyk asof die deure tot eenheid gesluit was, moes die Ring egter 'n ander pad volg naamlik uitreiking na Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika.

Vervolgens sal daar ingegaan word op die uiteindelike inskakeling van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika by die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika.

## 4.5 Die Inskakeling van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika by die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika

Die inskakeling van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika by die VGK verdien spesiale aandag in die sin dat die NG Kerk ook hier op sendinggebied werksaam was en dat die kerk nie werklik voorsien het dat die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika uiteindelik sou weg beweeg van die Moederkerk af nie. Dit is ook noodsaaklik dat daar op die voorgeskiedenis van die pogings van die Ring van Suidwes-Afrika/Namibië ingegaan sal word en die mate van sukses wat behaal is.

- **Die pogings van die Ring van Suidwes-Afrika**

Die Ring van Suidwes-Afrika het reeds so vroeg soos 1975, nadat daar verneem was na die stigting van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika, begin uitryk en die hoop uitgespreek dat hierdie nuutgestigte kerk nadergetrek word deur in te skakel by wyse van die skakelkommissie wat daar toe tussen die Ring van Suidwes-Afrika en die NG Kerk van Suidwes-Afrika bestaan het.[58] Die heel eerste poging het in die toekoms bewys nie tevergeefs te wees nie.

[58] Ringsnotule van die Tweede Ring van Suidwes-Afrika 23-27 Julie 1975 Narraville. Walvisbaai.

Skakeling was aanvanklik baie gebrekkig soos blyk uit ringsverslae dat: "daar nie direkte skakeling is nie en dat skakeling voortgesit en uitgebou word nagelang van omstandighede en as geleenthede dit voordoen.[59]

Daar was aanvanklik nie werklik sekerheid wat skakeling beteken het nie. Dus moes daar volstaan word met gesprekvoering oor sekere sake van die dag. Alhoewel hierdie skakeling baie gering was, kon die waarde wat dit vir die toekoms ingehou het, op hierdie stadium nie werklik gemeet word nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Koninkryk van God en die groei daarvan vergelyk word met 'n mosterdsaad wat in 'n groot en magtige boom ontwikkel. (Matt. 13:31-33)

Die Ring van Suidwes-Afrika, soos reeds genoem, was altyd op eenwording, tussen die kerke van gereformeerde belydenis, in die land, gerig. Om die eenheid met Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika te bevorder is besluit om in 1983 'n Gesamentlike Kommissie van Ondersoek tussen die Ring van Suidwes-Afrika en die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika in die lewe te roep. Die doel van hierdie kommissie was om verkennende gesprekke, gemik op uiteindelike eenwording, te voer.

Sake vir verkennende gesprek:

- Opleiding van leraars
- Kerkblad
- Gesangeboek
- Wetboek
- Aanverwante sake.
- Om al die lede van die Beraad van NG kerke op hoogte te hou van sake

---

59 Ringsnotule: Derde vergadering van die Tweede Ring van Suidwes-Afrika 14-18 Julie 1976 Krönlein. Keetmanshoop.

deur die toesending van alle relevante sake.[60]

Op die stadium toe hierdie besluit geneem is, het dit geklink na 'n stap in die regte rigting, maar by nadere ondersoek het dit geblyk asof die taak op daardie stadium te groot was vir 'n Ring van die kerk om aan te pak. Dit lê veel eerder op die vlak van 'n Sinode. Dus besluit die Ring:

"In die lig van die nuwe rigting, naamlik die herstrukturering van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika, het die Ringskommissie besluit om nie 'n nuwe opdrag aan die Gesamentlike Kommissie van Ondersoek te gee nie. Daar sal gewag word op 'n reaksie vanaf die kant van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika Sinode."

Toe dit lyk asof daar geen verdere vordering sal plaasvind nie het daar van die kant van die Moderatuur van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika 'n versoek gekom met die oog op verkennende gesprekke.[61] Verdere gesprekke was toe deur die Ring onderhewig gemaak aan toestemming van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. Die Sinode reageer baie positief en die volgende aanbeveling rakende die eenwording met Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika word aanvaar:

- "dat in die lig van die feit dat daar alreeds ver gevorder is op die pad van eenwording met Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika daar aan die Ring van Suidwes-Afrika goedkeuring verleen word om op die pad van eenwording voor te gaan;
- dat die finalisering en afhandeling van enige ooreenkomste in oorleg met die moderatuur en Permanente Regskommissie sal geskied;
- dat die Sinode geen beswaar sal hê om lidkerke van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika in sy kerkverband te akkommodeer nie,

60 Ringsnotule van die Ring van Suidwes-Afrika 1984. Gobabis.

61 Ringsnotule van die Ring van Suidwes-Afrika 1984. Gobabis.

indien alle partye dit verkies."[62]

Hierdie baie belangrike besluit het dit vir die Ring van Suidwes-Afrika moontlik gemaak om onverpoos voort te gaan op die pad van eenwording met Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika

Die pad wat die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika noodwendig moes loop, as voorbereiding tot latere eenwoording met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, was 'n opdraande stryd. Daar moes eers sekere dinge, soos vervolgens genoem sal word, gebeur, alvorens eenwording 'n werklikheid kon word.

Daar sal dus aan die hand van sekere aspekte uit die boek: Kom ons word een deur C Lombard en J. Hunter (Redakteurs), gekyk word, hoe 'n moeisame pad dit werklik was. Hierdie aspekte sal onder eksterne beheer en interne worsteling geklassifiseer kan word:

- Politieke misbruik van die kerk
- Die stryd om behoorlike leierskap
- Die Nederduits Gereformeerde Kerk se verdeel-en-heerstrategie
- Finansiële kontrole
- Die misbruik van broederlikheid
- Kerkregtelike misbruike.

- **Die Politieke misbruik van die Kerk**

Die ontstaan van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika op 3 Julie 1975 kan direk gekoppel word aan die opskorting van die Driehoekooreenkoms in 1969 en die daaropvolgende hernieude

---

[62] Handelinge van die Vier en Twintigste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 24 September - 8 Oktober 1986, p. 829.

sendingywer deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wou die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika, vanweë sy betrokkenheid by die ideologiese stryd tydens die grensoolog rondom die toekoms van Namibië, 'n tuiste maak vir soldate van die Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag.

- **Stryd om behoorlike interne leierskap**

Met die stigting van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika is die ideaal gekoester dat elke gemeente deur 'n goedopgeleide predikant of evangelis bedien moes word om sodoende selfversorgend, self-onderhoudend en selfregerend te word. Dus moes teologiese opleiding prioriteit geniet. Hierdie gekoesterde ideaal was nie verwesenlik nie. Toe die Opleidingsentrum te Orumana deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesluit is, het die Sinodale Kommissie vir sending van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, tot groot ontsteltenis van die Ring van Namibië, besluit om die Windhoekse Teologiese Seminaar in Windhoek te open. Hierdie Seminarie, volgens ds. Boas Tjingaete, moes op die studente van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika getoets word. Van die begin af was die Nederduitse Gereformeerde Kerk in volle beheer met weinig insette, veral op finansiële gebied, van die kant van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika.

Evangeliste wat hier opgelei is, is later as predikante bevestig. In hierdie optrede deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk is daar geen ruimte gelaat vir die Bepalinge van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika insake opleiding van leraars en evangeliste nie.

- **Die verdeel-en-heerstrategie**

Hierdie strategie is aanvanklik baie suksesvol toegepas. Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika is sedert die begin verdeel in Owambo, Kavango Sentraal en Oos. Die redes hiervoor aangevoer was dat afstande te groot was. Die kerk wat skaars genoeg gemeentes gehad het, is versplinter op etniese grondslag in vier afsonderlike Sinodes.

- **Finansiële situasie**

Finansiële steun vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië is gegee as sendingbydraes. Hierdie sendingbydraes was in baie gevalle geskenk om die kritiek vanuit Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika te stuit. Sou dit gebeur dat enige kritiek gelewer is, is 'n enkele bedrag vir die sending geskenk, sodat die werk verrig kon word.[63] Toe dit by geleentheid blyk, in die geval van Rundu se gemeente, dat sake nie volgens die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië vlot verloop nie, het kerkrade uit Transvaal, wat ook by die "aspekte van die sending" in die Kavango betrokke was, hul sendingbydraes gestaak.[64]

Toe dit blyk dat die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika deur hierdie optrede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk lam gelê sal word en dat hul as bedelaars uit die stryd sou tree, het hulle hewig in verset gekom en is daar oorgegaan tot "tentmakersbediening"[65]. Hierdie was egter nie die antwoord nie, maar het die predikante die geleentheid gebied om oor sake waarmee hulle nie saamstem nie te verskil. Hierdie poging van die kant van Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika word deur hulle beskryf as 'n "gryp uit slawerny na vryheid".

---

63 Lombard, C. en Hunter, J. 1995. Kom ons word Een. Windhoek: Ein Publications, p. 20.

64 Lombard, C. en Hunter, J. 1995. Kom ons word Een. Windhoek: Ein Publications, p. 21-39.

65 Tentmakersbediening is 'n vorm van bediening waar die predikant 'n sekulêre amp naas sy predikantswerk beoefen om sodoende 'n toereikende salaris te verdien.

Met die "ontwaking" wat daar in eie geledere plaasgevind het, het die leraars besluit om nie verder met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië saam te gaan nie.

Tydens hul Sinode van 1995 besluit die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika "Die Sinode besluit om een te word met die VGK in Suidelike Afrika" en wat die Belydenis van Belhar betref: "Die Sinode keur die belydenis in beginsel goed met 'n tweederde meerderheid".

Met hierdie besluite het daar hoop vir die toekoms nie net alleen vir die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika nie maar vir die kerk in Namibië aangebreek.

Toe dit baie duidelik blyk dat inskakeling met die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie sal realiseer nie en toe die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika tot die besef kom dat hul verbondenheid net "oppervlakkig" was, was daar geen ander keuse as om aan te sluit by 'n kerk wat iets meer konkreets en blywends gebied het nie. En hierdie gevoel van "een" het hulle in die V.G.K. in Suidelike Afrika waargeneem en daarom een geword.

## 5. DIE RING VAN SUIDWES-AFRIKA

### 5.1 Die San Gemeenskap

Die Ring van Suidwes-Afrika het onverpoosd voortgegaan op sy weg om eenheid tussen die NG kerke te bewerk. Alhoewel daar nie baie sukses op die pogings was nie het hy nie opgehou om vorentoe te beur nie. Telkens, al was daar net 'n sprankie hoop, het hy daardie beweging ten sterkste geëksploiteer.

Toe dit blyk dat die Alfa-Gemeente (Sangroep) begerig is om by die Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk in te skakel het die Ring van Suidwes-Afrika hom ten gunste hiervan uitgespreek. Hierdie gemeente was deel van die militêre

basis in die Caprivi.[66] Reeds op die Ringskommissie vergadering van 14 Mei 1983 is die skriba opdrag gegee dat inlywing volgens Reglement 11 van die Kerkorde en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk in SA moet geskied. Hierdie onderhandeling moes plaasvind en afgehandel wees voor die volgende ringsitting sodat die Alfa-Gemeente by die Ring verwelkom kon word.[67]

Hierdie inskakeling het dan ook plaasgevind tydens die Ringsitting op 7 September 1983. Almal was ingenome met hierdie stap omdat dit 'n stap was ter versterking van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk - Ring van Suidwes-Afrika.

Die Ring besluit:

"Die Ring heg goedkeuring aan die inlywing van Alfa-Gemeente te Omega by die Ring van Suidwes-Afrika wat die saak kerkregtelik hanteer het. Die Ring verwelkom die gemeente as broeders en susters in die Here. Die Ring boekstaf sy dank en waardering jeens alle medewerkers, te wete die dienspligkapelane te Omega, wat instrumenteel was in die pastorale arbeid wat tot gemeentestigting gelei het."[68]

Dit het egter nie by inlywing gebly nie. Die masjinerie moes in werking gestel word, dus word verder besluit dat die volgende sake daadwerklike aandag moes geniet:

1. die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Verenigings te Omega.
2. voorsitterskap van die kerkraad.

---

66 Ringsnotule van die Ring van Suidwes-Afrika in sitting tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1 Oktober 1982. Belhar.

67 Ringskommissie notule 14 Mei 1983. Gobabis.

68 Ringsnotule van die 2de vergadering van die 4de Ring van Suidwes-Afrika 7 September 1983. Gobabis.

3. die bediening van sakramente.
4. kategismus materiaal en gesangboek.
5. die opleiding van ouderling Mahango as leraar.[69]

Voortvloeiend is besluit dat

1. kerkverenigings gestig sal word.
2. 'n kontraktuele ooreenkoms met ds Muller gebiedskapelaan te Omega, wat dan die sakramente sou bedien, aangegaan sal word.

Nadat alles in werking gestel was en daar uitgesien is na 'n hartlike samewerking het sake onverwags 'n heel ander wending ingeneem. Die verwagting wat bestaan het, was van korte duur. 'n Brief vanaf kapelaan Roux het bevestig dat die kerkraad van Alfa-Gemeente oor heelwat dinge beswaard voel en dat hulle daaraan oorweging skenk om by die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika in te skakel.

Die besware is nie ge-opper nie en dit was die einde van die pad tussen die Ring van Suidwes-Afrika en die Alfa-Gemeente.

Die tyd vir eenwording was nog nie ryp nie. Die koning van die kerk moes eers sy voorbereidende werk voltooi alvorens die Gereformeerde kerke in Suidwes-Afrika/Namibië een kon word.

## 5.2 Ekumeniese Betrekkinge

Die Kerkorde, Bepalinge, Reglemente en Ekstrakte van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika is baie duidelik ten opsigte van sy betrekking met kerke van gereformeerde belydenis en ander kerke wat teenoor

---

[69] Ouderling Mahongo was ook deel van die SWAGM en het die rang van sersant beklee. Hy was verskeie tale magtig. Sy opleiding sou behartig word deur die Teologiese Fakulteit van UWK onder leiding van Proff Robinson en Smit.

die belydenis verantwoord kon word. Dit word duidelik uitgespel in die volgende:

Bep. 138.3: Die VGK beywer hom daarvoor om aan die eenheid wat tussen hom en die kerke rondom die geloof, belydenis en kerkregering bestaan bevredigende strukturele uitdrukking te gee in sowel kerklike organisasie as kerklike gemeenskapsbeoefening.

Bep. 139.1: Daar sal soveel moontlik met ander kerke van Gereformeerde belydenis in Suidelike Afrika betrekkinge opgebou word tot bevordering van die eenheid van Christus.

Bep. 139.2: Met ander kerke sal soveel kontak, as wat teenoor die belydenis verantwoord kan word, gesoek word[70].

Dit bring mee dat ekumeniese betrekkinge die kerk soveel ryker sal maak en kan lidmate mekaar aanvul. As daar ook nog verder gekyk word na die katolisiteit, eenheid en waarheid is daar baie belangrike aspekte wat opval.

Hierdie drie aspekte kan nie van mekaar geskei word in die lewe van die kerk sonder om skade aan te rig wat die wese van die kerk betref nie. Die sigbare werk op plaaslike vlak en in breër verband het die verantwoordelikheid om die karaktertrekke te vertoon van die een katolieke kerk wat in die waarheid vasstaan. In soverre dit dus van die plaaslike kerk waar is, dat hulle die eenheid, katolisiteit en belydenis van die waarheid moet uitleef, is dit sonder twyfel die wil van God dat die eenheid, katolisiteit en die gesamentlike belydenis van al die kinders van God op aarde gesoek moet word en sigbaar gemaak moet word tot verheerliking van God."[71] (Jonker 1987b)

---

70 Die Kerkorde, Bepalinge, Reglemente en Ekstrakte, VGK Streeksinode Kaapland, Belhar 1994, p. 121-122.

71 Aanhaling uit die verslag van die Tydelike Kommissie vir Ekumene aan die 25ste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in SA 20 September - 4 Oktober 1990, p. 1000.

Die Ring van Suidwes-Afrika het reeds so vroeg as 1979 besluit om in die lig van kerklike samewerking aansoek te doen om waarnemingstatus by die Namibiëse Raad van Kerke.[72] Hierdie besluit is in 1984 sowel as 1988 herhaal. Belangrik om te noem, is dat die heersende politieke situasie en die grensoorlog 'n groot invloed op die besluit van die ring uitgeoefen het. By baie afgevaardigdes het die vrees bestaan dat die Namibiëse Raad van kerke die godsdienstige front van SWAPO was.

Die tyd vir aansluiting was seker nog nie ryp nie. Met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar (1986) en die feit dat die kerk die Belydenis meer en meer begin verstaan het, het ander gedagtes na vore gekom. Omdat die Belydenis in die harte van die leiers begin leef het, het die Ring van Suidwes-Afrika alhoemeer nader na ekumene begin leef. Die eise van die Belydenis van Belhar dwing ons tot die besondere getuienis in die ekumene. Die gemeenskap van die heiliges is nie 'n luukse wat ons kan kies om te beoefen nie, omdat beide die liefde vir ons broers en susters en ons ywer vir die waarheid ons behoort te dwing om die eenheid van die kerk te soek. Inderdaad, die belydenis van die eenheid van die kerk is 'n "gawe en opdrag".

## 5.3 Die siening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië in verband met die uitbreiding van ekumeniese betrekkinge

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië het probeer om gestalte te gee aan "eenheid" en "broederlikheid" deur oor te gaan tot die stigting van die "Beraad van Nederduitse Gereformeerde kerke in Suidwes-Afrika. Hierdie "Beraad" is in die lewe geroep toé die Ring van Suidwes-Afrika sowel as die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika begin voelers uitsteek het, om waarnemingstatus by Council of Churches in Namibia (C.C.N.).

Die Beraad sou dien as 'n liggaam om die verskillende Nederduits

[72] Tweede vergadering van die Derde Ring van Suidwes-Afrika 18 Julie 1979.

Gereformeerde kerke wat los van mekaar, op daardie stadium gefunksioneer het, bymekaar te bring. Dit sou beteken dat hierdie Beraad die geleentheid vir gesprek oor "leerstellig-dogmatiese beginsels", wat deur lede ondervind word, te voer. Dan kon deelnemenede kerke mekaar hieroor adviseer.

Hierdie Beraad moes verhoed dat die Ring van Suidwes-Afrika en die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika die Belydenis van Belhar aanvaar en dus besluit die Beraad oor "ekumene en familie bande" (23 April 1986).

"Die Beraad beklemtoon dat die samestellende kerke van die Beraad en die Algemene Vergadering van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika kerke mekaar se opregte ekumeniese strewes en soeke na die waarheid sal respekteer. Die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke is egter op 'n besondere wyse aan mekaar verbonde en 'n beroep word derhalwe op al die samestellende kerke gedoen om nie ekumeniese betrekkinge met ander kerke of Christelike groepe aan te gaan sonder om die res van die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika daarin te erken nie."[73]

Hierdie besluit is egter verder uitgebrei sodat die verhouding met die Council of Churches in Namibia ook gereël kon word. Dus "Die Beraad versoek lede van die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika om nie by die C.C.N. in te skakel nie".[74]

As teenvoeter tot hiedie verbod op inskakeling dien 'n volgende voorstel, naamlik: "Die Kommissie vir Aktuele Sake word versoek om die moontlike ontwikkeling en totstandkoming van 'n "Evangeliese Bond vir Suidwes-Afrika" te ondersoek.

---

73 Lombard, C. en Hunter, J. 1995. Kom ons word Een. Windhoek: Ein Publications, , p. 35.
74 Lombard, C. en Hunter, J. 1995. Kom ons word Een. Windhoek: Ein Publications, p.35.

## 5.4 Teologiese regverdiging van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika/Namibië

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het hom in sy kerkorde (Artikel 71) daartoe verbind om te strewe na ekumeniese betrekkinge met ander kerke sover dit moontlik en prakties is.

Hierdie uitbreiding impliseer nie 'n statutêre eenheid nie, maar kan 'n wesenlike bydrae maak tot 'n verantwoordelike uitskakeling van vervreemding, gespanne verhoudings, verskeurdheid en 'n onverantwoordbare hantering van die verskeidenheid in die kerk.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet in sy ekumeniese betrekkinge getuig van die waarheid soos hy dit sien en glo. Dus moet ekumeniese samekomste slegs as adviserend beskou word en as sulks hanteer word. Dit bring mee dat gesprekvoering in konsentriese sirkels moet plaasvind, beginnende by kerke wat dieselfde beleidingsgrondslag het tot by diegene wat 'n ander belydenis handhaaf. In al hierdie gevalle vind grade van samewerking plaas ter wille van getuienis vir en soeke na die waarheid.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal homself dus alleenlik beywer vir lidmaatskap van ekumeniese liggame vir sover die grondslag, doelstellings en die praktiese uitlewering daarvan met sy eie konfensionele standpunte vergelykbaar is.

# HOOFSTUK 4

## DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VIR SUIDWES-AFRIKA TOT EN MET DIE STIGTING VAN 'N EIE STREEKSINODE IN GEREFORMEERDE PERSPEKTIEF

### 1. INLEIDING

Die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika was gekenmerk deur heelwat kerkregtelike probleme wat op een of ander wyse die verdere verloop van die ontwikkeling nadelig beïnvloed het. Hierdie probleme het ontstaan teen die agtergrond van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se vertolking en toepassing van sekere gereformeerde kerkregtelike beginsels. Die vraag kom noodwendig na vore hoekom die Nederduitse Gereformeerde Kerk juis so teenoor lidmate van gereformeerde belydenis opgetree het. 'n Logiese antwoord hierop kan moontlik gevind word in die feit dat beginsels soos die eenheid, heiligheid, katolisiteit en die apostolisiteit van die kerk nie in ag geneem is nie.

Die stigting van afsonderlike kerke vir Nie-Blankes kan ook toegeskryf word aan 'n noodwendige ontwikkeling wat vanuit die beleid van afsonderlikheid voortgevloei het. Die bestaan en funksionering van die gemeentes sou nie anders gehandhaaf kon word nie as slegs langs die weg van hul samevoeging tot een liggaam naamlik 'n afsonderlike kerk.

Wat die kerkregtelike posisie van die gestigte kerk betref, het die Nederduitse Gereformeerde Kerk baie vreemd opgetree, dus kan met sekerheid gesê word dat daar afgewyk is van die Gereformeerde leer en praktyk.

In die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika het die kerklike verloop van die stigting en ontwikkeling van die kerk plaasgevind in ooreenstemming met die patroon wat reeds by die totstandkoming van die

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika (1881) plaasgevind het; asook die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1910).

Sedert die stigting van beide dogterkerke was die kenmerk van ondergeskiktheid duidelik sigbaar. 'n Voorbeeld hiervan is die verkiesing van sending-sekretarisse van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot moderators en raadgewers en beleidmakers van die gestigte dogterkerk.[1]

Die bestaan van afsonderlike kerke vir verskeie bevolkingsgroepe het deur die jare 'n onhoudbare situasie geword. Alhoemeer het die afsonderlike kerke hul stemme tydens Sinodes laat hoor. Die uiteinde was die uitroep van 'n Status Confessionis gevolg deur 'n Konsep Belydenis en die aanvaarding van die Belhar Belydenis in 1986. Hierdeur het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk duidelik gesê dat skeiding op kerklike gebied nie bybels verantwoord kan word nie.

Na deeglike oorweging het die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika ook tot die gevolgtrekking gekom dat skeiding op grond van etnisiteit nie regverdig kan word nie en het daardeur hul pad van eenwording met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, Ring van Namibië, en later met die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika gevolg.

- Die stigting van die eerste twee gemeentes Mariental en Windhoek was praktiese voorbeelde van verkeerdelike toepassing van die gereformeerde kerkreg van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Dit is dus noodsaaklik dat hierop ingegaan sal word.

---

1 Hierdie praktyk is bevestig by die stigting van die eerste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika. Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika het ook met 'n volledige blanke moderatuur begin, waar hulle slegs ampshalwe lidmate van die nuwe kerk geword het.

## - Mariental Gemeente

Met die stigting van die gemeente Mariental was ds. E.H. van den Berg, voorsitter van die Sinodale Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, teenwoordig. Hy tree dan ook op as voorsitter van die eerste stigtingsvergadering van die gemeente (7 Oktober 1961).[2] Die Sinodale Sendingkommissie het hierdie werkkring in 'n volwaardige gemeente omskep. Die "voorgangers"[3] sou nou as volwaardige kerkraadslede in die gemeente optree.

Die oorplasing van voorgangers na volwaardige kerkraadslede het die Sinodale Sendingkommissie beskryf as "nie die stigting van 'n gemeente nie, maar die mondig verklaring van 'n werkkring". Hierdie mondigverklaring van 'n gemeente is verwerklik op grond van 'n voorstel deur twee van die voorstaanders teenwoordig.[4]

## - Windhoek Gemeente

Met die stigting van die tweede gemeente Windhoek op 14 Oktober 1961 tree nog 'n vreemde kerkregtelike beginsel in werking, ook geskoei op die opvatting van die stigting van afsonderlike dogterkerke volgens die Algemene Sendingregelement. "Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika besluit tot die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kleurlinggemeentes in Suidwes-Afrika in die plek van bestaande werkkringe. Dat die Algemene Sinodale Kommissie hierdie gemeentes sal stig en onderling verenig tot 'n Ring, naamlik die Kleurlingring van Mariental. Hierdie gemeentes sal val onder die toesig van die Algemene Sinodale Sendingkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika. Hierdie Ring kan

---

2 Notule van die stigtingsvergadering Gemeente Mariental. 1961.

3 Voorgangers is 'n naam wat aan kerkraadslede gegee was terwyl hulle diens in die werkkring verrig het gelykstaande aan die van 'n kerkraad in 'n bestaande gemeente.

4 Mariental: Stigtingsnotule 1961.

alleenlik besluit of hy wil oorgaan tot die stigting van 'n eie Kleurlingsinode in oorleg met en met toestemming van die Algemene Sendingkommissie".[5] Met die stemming tot stigting was net lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk stemgeregtig en op grond hiervan word besluit tot die stigting van die Kleurlingkerk. Die beroeping van leraars sou geskied op grond van 'n groslys soos deur die Algemene Sinodale Sendingkommissie voorgelê.[6]

In die geval van Lüderitz gemeente het 'n paar lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 'n huisgemeente gestig. Hulle kon voorlopig voortgaan onder die toesig van die "Raad van Voorstanders". Volwaardige gemeente stigting te Lüderitz kon slegs plaasvind op grond van 'n kerkraadsbesluit van die Gemeente Karasburg.

## 2. KENMERKE VAN DIE KERK VOLGENS GEREFORMEERDE KERKREG WAT VERWAARLOOS IS IN DIE TOTSTANDKOMING EN KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN AFSONDERLIKE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE DOGTERKERKE

Wanneer daar in diepte gekyk word na die totstandkoming van afsonderlike kerke in eie kerkverband in die breëre sin en in die ontstaan van die NederduitsE Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika in die besonder is dit noodsaaklik dat daar vir hierdie studie gekyk sal word na die Eenheid, Heiligheid, Katolisiteit, Apostolisiteit van die kerk.

### Eenheid

Volgens Kleynhans kan daar maar net één kerk wees, want daar is maar één gemeente uit die ganse menslike geslag: "'n Gemeente in die eenheid van die

---

[5] Windhoek: Stigtingsnotule. 14 Oktober 1961.

[6] Mariental: Stigtingsnotule 7 Oktober 1961.

ware geloof. God skenk die eenheid in Christus, daarom roep Hy ook in sy woord die mens daartoe op".[7] Aan die eenkant is die eenheid dus 'n gawe van God en aan die anderkant is dit die roeping van die kerk, aldus Kleinhans. Om nie alleen uit die krag van die eenheid te lewe nie, maar dit ook bewustelik na te streef. Hy alleen het die kerk gewil, verkies en geroep.

Volgens Heyns is die kerk nie twee nie, maar één. Die kerk kan kragtens sy wese as kerk ook nooit anders wees as één nie.[8] Die eenheid volgens Heyns bestaan verder in sy oorsprong, roeping, belydenis, getuienis, gemeenskap, diens en organisasie.

**Heiligheid**

Met die belydenis dat die kerk heilig is, verklaar hy dat die kerk as 'n unieke instelling bestaan wat onderskei moet word van alle ander instellings in die wêreld deurdat die kerk "wesenlik absoluut eiesoortig en andersoortig" is.[9]

Die één kerk van Christus, is heilig, en wel op grond van die handelinge van die drie-enige God. Dit beteken dat die heiligheid allereers die status van die kerk in die wêreld voor God aandui, en dat die kerk dan, op grond daarvan, en van daaruit, gaan handel en die status dus waarmaak. 'n Heilige kerk kan nie, en mag nie sonde duld nie. Inteendeel die kerk word opgeroep om in sy stryd teen die sonde nooit moeg te word of te verslap nie. Die kerk is die kerk van die geregverdige sondaars. Die kerk staan aan die kant van God en daarom is hy vir mense - vir alle mense - maar teen die sonde van almal en daarin juis is sy heiligheid geleë.

---

7 Kleinhans, E. P.J. Ongedateerd. Gereformeerde Kerkreg. Deel 1: Inleiding. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel Transvaal, p. 36.

8 Heyns, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 377.

9 Van der Walt ,I.J. 1963. Eiesoortigheid en die Sending. Potchefstroom: Pro Rege, p. 301.

## Algemeenheid

Volgens Nico Smith is die kerk katoliek vanweë die kosmiese betekenis van Christus[10]. As liggaam van Christus is die kerk die draer van die Evangelie waardeur die kosmiese heil in Christus aan die wêreld verkondig en toegepas moet word. Vandaar dat die katolisiteit van die kerk in kwantitatiewe sowel as 'n kwalitatiewe dimensie behels duidelik word. Kwantitatief moet die kerk geografies heengroei na die volheid van die uitverkorenes uit die volkere en kwalitatief moet die kerk onder die volkere opgroei na die volheid in Christus.[11]

Katolisiteit, volgens Heyns, het met die begrip volheid te doen, omdat die drie-enige God op 'n besondere wyse by die kerk betrokke is - by sy oorsprong, toerusting, arbeid in die wêreld en by sy boodskap wat hy aan die wêreld moet bring. Die teenwoordigheid van Christus in sy kerk is 'n geloofswerklikheid, waaraan in gehoorsaamheid deur die gemeente gewerk moet word.

Die kerk is geroep om die heilshandelinge van God in hulle volle omvang en implikasie, in hulle volle breedte en diepte te verkondig. Hierdeur word alle aspekte van die mens se bestaan geraak. Dus moet die kerk om sy katolisiteit verder te openbaar hom in onvoorwaardelike gehoorsaamheid wy aan die uitvoering van sy taak. Die evangelieboodskap wat aan die kerk vir verkondiging en uitlewering opgedra is, moet met waaragtige geloof en totale oorgawe oorgedra word.[12]

## Apostolisiteit

Onder die begrip apostolisiteit word bedoel om die historiese kontinuïteit van die kerk met betrekking tot sy oorsprong, boodskap en taak aan te dui. Die werk van die apostels is die fondament waarop die kerk gebou is, terwyl Jesus

---

10 Smith, N.J. 1980. Elkeen in sy eie taal. N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, p. 261.

11 Smith, N.J. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: Ned. Geref. Kerk Boekhandel, p. 281.

12 Heyns, J. A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N. G. Kerk Boekhandel, p. 382.

Christus self die hoeksteen is. Dus moet die kerk vashou aan die prediking van die apostels. Daar moet kontinuïteit van prediking en binding aan die woord wees en dat die Skrif die enigste norm en maatstaf vir die optrede van die kerk moet wees.

Die begrip apostolisiteit kan ook vervang word met Bybels of Skriftuurlik en dit beteken dat die Skrif die grondwet van die kerk is.

Die apostolisiese kerk is juis in en op grond van sy verbondenheid aan die woord, 'n oop kerk.

## 3. Beoordeling

Die eenheid van die kerk het in gedrang gekom toe politieke oorweginge van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die skriftuurlike begin oorheers het. Die drang tot afsonderlike kerkverbande vir Blank en Nie-Blank en later die ontwikkeling van afsonderlike kerke het voorrang geniet.[13] Politieke beïnvloeding was die oorsaak dat kleurvooroordele ontwikkel het tot 'n totale geskeidenheid tussen Blank en Nie-Blank op kerklike terrein.

Daar het dus 'n verhoudingsprobleem van geen gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank by die NG Kerk ingetree. 'n Voorbeeld hiervan kom voort uit die ervaringe aan die Kaapse oosgrens. Hier is die idee gebore dat gelykstelling op watter, terrein ook al, sou beteken dat dit tot onvermydelike maatskaplike, sosiale en biologiese integrasie aanleiding sou gee. Hulle het gelykstelling as 'n bedreiging vir die "blanke Christelike beskawing" beskou. Dus geen gelykstelling oor die hele lewenswyse. Hierdie opvatting/gevoel is dan ook oorgedra na die kerk en is vasgelê in die "Wette en Bepalinge" wat die bepalinge van die Sending aanbetref, naamlik "'n hele negatiewe wyse waarop

---

13 Vergelyk in verband met die Nederduitse Gereformeerde Dogterkerke as dieselfde kerk in 'n ander kerkverband. Hanekom T.N.: Ons inheemse kerke vir die Inboorlinge in Grense p. 51, daarteenoor Jonker W.D.: Die Sendingbepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal bl. 9, wat die dogterkerke beskou as 'n volledige ander Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Nie-Blanke.

hierdie bepalinge geformuleer is".[14]

Die verhoudingsprogram tussen moeder- en dogterkerke word verder bepaal deur direkte betrokkenheid van die NederduitseGereformeerde Kerk in sake van die dogterkerke. Hy het hierdie beheer gesien en vertolk as noodsaaklike en skriftuurlike verantwoorde voogdyskap. Hierdie eenheid is vergeestelik en as 'n hoër geestelike eenheid, wat tot 'n ander terrein as die natuurlike lewe van die mens binne die deur God gestelde geledere behoort[15] beskou.

Die politieke situasie in die kerk is gehandhaaf, en het oor die grense en veral in Suidwes-Afrika sy beslag gekry in die stigting van 'n afsonderlike kerk vir Kleurlinge en die inheemse bevolking. Die "Vir Kerk" is gestig vir Kleurlinge en die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika vir die etniese groeperinge bestaande uit Ovambos en Kavangos. Die Kavangos is verder ingedeel in Sentraal en Kavango-Oos.

Die verdeling het plaasgevind ten spyte van 'n gemeenskaplike geloof en 'n gereformeerde belydenis waartoe lidmate hulle by stigting verbind het.

Dit is dus nodig om in te gaan op watter wyse die heiligheid van die kerk en die deurwerking daarvan tot heiliging van die samelewingstrukture by die planting van die Nie-Blanke Dogterkerke deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gefunksioneer het.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, moet genoem word, was sedert sy ontstaan deurgaans bewus van sy roeping as kerk in Suid-Afrika soos blyk uit die volgende "Ons lig moeter wij laat schijnen, want daartoe het die Here as geroep".[16] Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het hom ook nou verbind aan die bestaan en voortbestaan van die Afrikanervolk. Hierdie feit kom duidelik na

---

14 Smith, N.J. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: Ned. Geref. Kerk Boekhandel, p. 235.

15 Handelinge Raad van Nederduits Gereformeerde kerke 1947 Bylae D bl 53.

16 Handelingen der Eerste Vergadering van den Raad der Nederduitse Gereformeerde Kerke in Zuid-Afrika Maart 1907, p. 4.

vore in wat T.N. Hanekom stel: "Die geskiedenis van die land en in besonder van die Afrikanervolk, is onbegryplik sonder die kerk, en op haas elke terrein van die lewe moet die invloed van die kerk in berekening gebring word".[17]

Toe die Nederduitse Gereformeerde Kerk egter buite die grense van die Afrikanervolk begin beweeg, het hy te doen gekry met 'n verhouding tussen Blank en Nie-Blank. Hierdie verhouding was beskou as "'n moeilike vraagstuk ... zo veelzijdig en ingewikkeld". Hierdie moeilike vraagstuk is dan ook deur middel van die Raad van kerke op die agenda van die regering geplaas.

Die Sendingbeleid wat in 1935 opgestel en aanvaar is, is as basis gebruik vanwaar die Nederduitse Gereformeerde sou begin ten opsigte van sy verhouding tussen Blank en Nie-Blank, want in hierdie beleid is die beginsel van skeiding tussen Blank en Nie-Blank duidelik gehandhaaf. Hierdie skeiding is gebaseer op die volkereverskeidenheid wat deur die kerk erken word as verskeidenheid in kleur, kultuur en taal.[18]

In die verdere besinning oor die heiligheid van die kerk is dit noodsaaklik om te verwys na die planting van afsonderlike dogterkerke vir die Nie-Blanke.

Uitsprake soos die volgende is van belang: "Hierdie Raad spreek dit andermaal as sy oortuiging uit dat wetgewing absoluut nodig is in die bestryding van gemengde huwelike, sowel as vir die verkryging van aparte woonbuurte en aparte kolleges en skole, en versoek, met die oog op die erns van die toestande, die Regering om so spoedig moontlik die nodige wetgewing in te dien".[19]

"Alleen deur apartheid sal die kennis van die Heer kan voortbestaan en uitbrei

---

17 Hanekom, T.N. Kerk en Volk. In hierdie werk word 'n weldeurdagte besinning en uiteensetting verstrek oor die besondere historiese verband tussen Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Afrikaner volk: Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgewers Kaapstad ongedateerd, p. 95.

18 Handelinge - Raad van kerke 1935 Bylae A p. 95. Kerkargief, Kaapstad.

19 Handelinge - Raad van kerke 1939 p. 18. Kerkargief, Kaapstad.

in ons vaderland."[20]

Op grond van hierdie en ander soortgelyke uitsprake kan die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskou word as die inisiator van die beleid van afsonderlike ontwikkeling vir die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Daar word ook in die kerkbode van 22 September 1948 in die hoofartikel geskryf dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die voorloper van die beleid van afsonderlikheid tussen Blank en Nie-Blank was, aangesien daar van owerheidsweë geen duidelike weg of positiewe beleid vir die verhouding tussen Blank en Nie-Blank uitgewerk is nie. Dus kan die kerk met reg praat van apartheid as 'n kerklike beleid.[21]

Kerkplanting, volgens Smit, deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van die Nie-Blanke het meer gegaan om die katolisiteit van die kerk as om die vraag na die eenheid van die kerk. Die aksent is meer gelê op die Godgewilde verskeidenheid en die roeping van die kerk om die verskeidenheid te bestendig.[22] In die beklemtoning van die volkereverskeidenheid is byvoorbeeld nie genoegsaam klem gelê op die noodsaaklikheid van die onderlinge gemeenskap van gelowiges oor alle grense heen nie.

Dus die kerkregtelike verloop van die ontwikkeling en stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en die Evangelies Gereformeerde Kerk vir Afrika vind plaas op grond van die siening en standpunte rondom kerklike apartheid soos deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk geïnterpreteer.

By die beoordeling van die geestelike opbou by die planting van die Nederduitse Gereformeerde Dogterkerke is dit noodsaaklik om kortliks in te gaan op twee aspekte, naamlik bekering en die inskakeling van inheemse werkkragte.

---

20 Handelinge - Raad van kerke 1949 p. 224. Kerkargief, Kaapstad.

21 Die Kerkbode Deel XXII No 12 p. 664 . Kerkargief, Kaapstad.

22 Smith, N. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 283.

Die aksent wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk op bekering geplaas het, was daarop gemik dat 'n ware geestelike inhoud aan die Christenskap van die bekeerlinge verleen moes word. Die gevolg hiervan is dat die bekeerdes sal oorgaan tot 'n nuwe lewenswandel. Die volgende stap sou dan wees dat inheemse werkkragte uit die bekeerlinge so spoedig moontlik by die funksionering van die geplante kerk betrek word.

Dit verklaar die aanstelling van "voorstaander" en die aanstelling van evangeliste wat na opleiding ingeskakel is.

4. Die volgende aspekte ten opsigte van kerkplanting behoort ook genoem en beredeneer te word om 'n duideliker beeld te kry van beginsels wat nie inaggeneem is by kerkplanting nie:

- Jesus Christus is Hoof van die kerk
- Christus regeer sy kerk deur sy Woord en Gees
- Christus bedien hom van ampte en vergaderings in die uitoefening van hierdie regering.

Om die studie en die optrede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika in die stigting van aparte kerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika en Evangelies Gereformeerde Kerk in Afirka, te probeer verstaan, sal dit noodsaaklik wees om in te gaan op genoemde aspekte.

**Jesus Christus is die Hoof van die Kerk**

Op grond van die Woord van God word die kerk beskryf as die vergadering van alle ware gelowiges met Jesus Christus as die Hoof.

Calvyn stel dit ook baie duidelik dat die kerk 'n gemeenskap van gelowiges is wat met mekaar en met Jesus verbonde is. Jesus Christus alleen bly Hoof en Heer van die kerk. Solank die kerk op aarde die Woord van God reg verkondig,

die sakramente volgens heilige instelling bedien en die dissipline of kerklike tug handhaaf, moet ons aanvaar dat dit 'n ware, egte kerk is.[23]

Calvyn sê verder dat die kerk 'n gawe van God aan die mens is. Die kerk is die skare van uitverkorenes van God maar God alleen weet wie hulle is.

Christus is die Hoof van sy kerk en die oorsprong van al sy gesag. Enkele skrifgedeeltes in hierdie verband kan genoem word, naamlik Efesiërs 1 vers 10; Kolossense 1 vers 18. Christus staan in 'n organisie verhouding tot sy kerk en regeer dit op geestelike wyse.

Om Christus se gesag oor die kerk verder te verklaar, is dit belangrik om te onthou dat Hy

- self sy kerk gestig het en dat
- Hy self die sakramente ingestel het
- Hy het ook aan die kerk sy ampsdraers gegee sodat hulle in sy Naam kon optree
- Hy is verder altyd in sy kerk teenwoordig.

Dit bring mee dat daar een kerk is, want daar is één Hoof, Jesus Christus. Hy roep net één gemeente uit die ganse menslike geslag: "'n gemeente in die eenheid van die geloof. God skenk die eenheid in Christus, daarom roep hy ook die mens daartoe op".[24] Aan die eenkant is die eenheid dus 'n gawe van God en aan die anderkant is dit die roeping van die kerk, aldus Kleinhans. Die eenheid moet bewustelik nagestreef word en daar moet uit die krag van die eenheid geleef word.

Die Gereformeerde stelsel sien elke gemeente as 'n gestalte van die liggaam

---

23 Pont, A. D. 1981. Die Historiese agtergronde van ons kerkregtelike reg. Pretoria: H.A.U.M., p. 148.

24 Kleinhans, E.P.J. Ongedateerd. Gereformeerde Kerkreg. Pretoria: Ned. Geref. Kerk Boekhandel Transvaal, p. 36.

van Christus, en Hy regeer dit deur sy Woord en Gees.

Gesien in die lig van die kerkstigting van afsonderlike kerke in Suidwes-Afrika/Namibië kom die vraag na vore of die eenheid wat die Skrif aan die kerk toegeken het, die verskeidenheid van taal, kultuur, psigiese gesteldheid uitgesluit het. Die antwoord hierop is baie duidelik. By die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika kon aan hierdie aspekte geensins gedink word nie, omdat die kleurlinge en die Blanke sedert die vroegste tye baie op kerklike vlak in gemeen gehad het. Dus kon taal, kultuur en psigiese ingesteldheid geen invloed op die stigting van 'n kerk in 'n afsonderlike kerkverband vir die kleurlinge uitgeoefen het nie.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika/Namibië het ten spyte van die eenheid van die kerk nogtans voortgegaan met die stigting van 'n kerk vir kleurlinge in 'n aparte kerkverband. In die geval van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika is so ver gegaan om die eenheid van die kerk te verdeel in so 'n mate dat hulle die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika afgeskaal het tot etniese groeperings vir Owambos, Kavangos Sentraal en Kavango-Oos. Hierdie verdeling het plaasgevind op grond van taal, kultuur en psigiese ingesteldheid ten spyte van 'n gemeenskaplike geloof in Christus en 'n gereformeerde belydenis waartoe die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika hulle by die stigting verbind het.

**Christus regeer sy Kerk deur Sy Woord en Gees**

Ten opsigte van die hervormde kerk stel Calvyn uitdruklik dat Jesus Christus sy kerk regeer en Hy doen dit deur sy Woord en Gees.[25] Die middel waarvan Jesus Hom hier bedien is die ampte van die kerk. Die lewe van die gelowiges op aarde moet verder ingerig wees na die wil van Christus en daarom moet die kerkraad toesien dat gelowiges voortdurend opgeroep word om heilig te lewe. Calvyn handhaaf die algemene priesterskap van die gelowiges, naamlik dat die

[25] Pont, A. D. 1981. Die Historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria: H.A.U.M., p. 149.

gelowige sy eie priester is en dat die Woord van God, die Heilige Skrif, vir almal duidelik en helder is, en daarom ook deur elke gelowige noukeurig gelees en bestudeer kan en moet word.

Die presbiteriale orde van die kerk wat Calvyn ingevoer het, beteken dat die kerk deur sy eie ampte regeer sal word na die eis van Gods Woord.[26]

Die inrigting van die kerk rus volgens Calvyn se opvattings op vier groot pilare naamlik die ampte in en van die kerk; die vergaderings, die handhawing van die dissipline in die kerk en die leer van die kerk. Die ampsdraers word deur Christus geroep om sy kerk in sy Naam te regeer. Die kerk het hulle nodig nie omdat die kerk slegs 'n vergadering is nie, maar ook volgens Calvyn, die moeder van die gelowiges.

Wat die vergaderings betref, het Calvyn aan die kerkraad van die plaaslike gemeente die grootste verantwoordelikheid gegee. Die plaaslike gemeente is die normale verskyningsvorm van die kerk. By die vergadering van die gelowiges kom die gemeente saam rondom die Woord en Sakrament, daar leef en werk die gemeente uit dankbaarheid tot eer van God.

Dit is gepas om op hierdie stadium te let op die Reformasie se Goue Reël dat "**Geen kerk sal oor 'n ander heerskappy voer nie**".[27]

Hierdie optrede, naamlik dat geen kerk oor 'n ander heerskappy sal voer nie, het veroorsaak dat sommige predikante en gemeentes van die N.G. Sendingkerk in opstand gekom het.

'n Verdere kerkregtelike aspek wat na vore kom in verband met die selfstandige uitdrukking van sy kerkwees deur die geplante kerk is die geval van dubbele lidmaatskap. Hierdie dubbele lidmaatskap was gehandhaaf in die sin dat

---

26 Pont, A. D. 1981. Die Historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria: H.A.U.M., p. 149.

27 Pont, A. 1981. Die Historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria: H.A.U.M., p. 97.

predikante van die Nederduitse Gereformeerde kerk veral by vakante gemeentes "gesekondeer" is na die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeentes. Hulle dienste kon ter enige tyd deur Plaaslike Sendingskommissies beëindig word.

By sommige gemeente is ook gebruik gemaak van Dienspligkapelane, verbonde aan die Suid-Afrikaanse weermag.

Hierdie predikante het direk geval onder die toesig, opsig en tug van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Alhoewel die Ring van Suidwes-Afrika hierdie optrede verwelkom het, is later besef dat dit 'n onwyse stap was wat nie kerkregtelik regverdigbaar was nie.

Die Dienspligkapelane se diens is beperk deur verpligtinge wat hulle deur die Suid-Afrikaanse weermag opgelê is.

Die plaaslike kerkraad het dus geen seggenskap in die benoeming van hierdie kapelane gehad nie.[28]

Dubbele lidmaatskap in die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika het met verloop van tyd diepgaande probleme veroorsaak. Die "geleende werkers" uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk het nie dieselfde behandeling as die inheemse leraars ontvang nie, veral wat salarisse aanbetref.

## 5. LIDMAATSKAP VAN DIE KERK

---

[28] By die aanstelling van Dienspligkapelane het die volgende voorwaardes gegeld:

1. Dat geen salaris deur die plaaslike gemeente betaal word nie.
2. Dissipline: Die kerk voorsien 'n diensstaat en sien toe dat die kapelaan sy werk tot bevrediging van die kerk doen. Die weermag het ook insae. Indien die kerk nie tevrede is met die diens wat hy lewer nie, rapporteer hy weer aan die Hoofkapelaan.Hierby het die Sinodale Sendingkommissie die volgende vereistes gevoeg.
   - 'n Bonus moes betaal word.
   - Telefoon en water en ligte word betaal.
   - Afdae kan oploop na 4 per maand.

   Beroeping: Dienspligkapelane kan na gemeentes beroep word, maar hulle moet nog steeds weermagverpligtinge nakom; op die basis bly en uniform dra. Die weermag sal verantwoordelik wees vir salaris.

Wat die kerkregtelike posisie van die Sendingkerk betref, blyk dit dat die gekonstitueerde kerk geheel onder die jurisdiksie van die moederkerk sou staan. Die wette en Bepalinge van die Moederkerk moes gevolg word, terwyl sy besluite onderworpe sou wees aan die grondwet wat deur die moederkerk neergelê is, en alleen deur hom gewysig kon word. Lede van die Binnelandse Sendingkommissie sou dan ook volle stemreg op die Sinodes sowel as vergaderings van die sinodale kommissie van die Sendingkerk hê. Alhoewel daar dus 'n afsonderlike kerk gestig is, was dit in der waarheid 'n kerk wat ten nouste aan die sendingwerk van die moederkerk gebind en onderworpe was.

Die feit dat lede van die Binnelandse Sendingkommissie en "alle diensdoende Zendelingen van erkende Gemeenten behorende tot die Nederduitsche Gereformeerde kerk ... leden van dit Bestuur sal wees" het veroorsaak dat dubbele lidmaatskap reeds vroeg al in die Sendingkerk gehandhaaf is.

Die beoefening van hierdie dubbele lidmaatskap het lynreg verskil van die gereformeerde kerkreg, omdat lidmaatskap nie anders kan plaasvind as in die plaaslike gemeente nie. Lidmaatskap van twee afsonderlike kerke in een geografiese gebied is dus nie aanvaarbaar nie. Lidmaatskap word dan ook begrens deur die kerkverband. Gevolglik is dit onmoontlik om tegelyk lidmaat van meer as een plaaslike kerk te wees, m.a.w. om lidmaat binne meer as een kerkverband te wees.

## 6. KERKREGTELIKE BESLUITE RONDOM DIE STIGTING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK IN SUID-AFRIKA EN ANDER DOGTERKERKE

Die stigting van afsonderlike kerke moet gesien word as noodwendige ontwikkeling wat vanuit die beleid vanuit die afsonderlikheid van die Nie-Blanke in die kerk voorgevloei het. Hierdie situasie waar blank en nie-blank gemeentes naas mekaar bestaan, het verwarring veroorsaak. Dus sou die bestaan nie anders gehandhaaf kon word as langs die weg van hulle samewerking "tot een

lichaam" naamlik 'n afsonderlike kerk.

## 6.1 Die besluit van 1880 en relevante artikels in die eerste Grondwet

Op grond van die sendingbeleid betreffende die samevoeging van kerke op grond van 'n eie taal en kultuur besluit die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op 12 November 1880 om oor te gaan tot die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. Die besluit het soos volg daaruit gesien: "... tot die oprichting van ene afzonderlyke Nederduitsche Gereformeerde zendingkerk".[29] Op 22 November 1880 is die eerste konstitusie goedgekeur.

Artikel 320: "de onderscheidene Gemeenten dezer Zendingkerk vormen te zamen een Bestuur, aldus zamengesteld: De Algemene Vergadering ... en Gewestelyke Vergaderingen" Hierin is die grondslag vir die te worde gestigte Sendingkerk, van 'n gereformeerde kerkbestuur naamlik kerkaard, Ring en Sinode gelê. Die kerkverband staan dus op Gereformeerde pilare.

Artikel 221 bepaal wie die lede van hierdie kerkbestuur sal wees: "Alle diensdoende Zendelingen van erkenden Gemeenten behorende tot de Nederduitsche Gereformeerde kerk ... leden van dit Bestuur" naamlik kerkraad Ring en Sinode, sal onder meer wees sendelinge met lidmaatskap van die Moederkerk. Dit gaan dus hier om 'n dubbele lidmaatskap wat in die vooruitsig gestel word.

## 6.2 Die Grondwet 1915

In 1915 is die eerste Grondwet van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk deur die Moederkerk vasgestel en in dieselfde jaar in die wetboek van die

---

[29] Acta Synodi Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1880, p. 57. Kerkargief, Kaapstad.

Moederkerk volledig opgeneem.[30]

Hierin is sekere bepalinge wat vir die historiese verloop van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk van belang was en dien hier vermeld te word.

- Kerkregering en Tug Artikel 3: "Zy (die Sendingkerk) zal zyn en blyven eene kerk welke hare tugt en regering uitoefen door kerkeraden, Ringsvergaderingen, en een Algemeene kerkvergadering of Synode ...".

  'n Duidelike Gereformeerde beginsel waarop die kerkregering en kerkverband geplaas word.

- Toepassing van tug op leraars: Artikel 6

  Hieronder word bepaal: "Over de nakoming van kerkelyke wetten en Bepalingen waken en kerkelyke tucht uitgeoefen over kerkeraden en kerkeraadsleden met dit voorbehoud echter, dat de leeraren onderworpen zullen zijn aan die tucht der Moederkerk alleen, overeenkomstig hare eigen wetten en Bepalingen".

## 6.3 Ongereformeerde aspekte rondom tugtoepassing

'n Afwyking van die Gereformeerde kerkreg is duidelik sigbaar, want geen kerk het die reg om tug uit te oefen op enigiemand anders as sy wettige belydende lidmate nie.

Die Gerformeerde standpunt ten opsigte van lidmaatskap en tug:

Om hierdie standput toe te lug sal daar van dr. H. Bouwman se beskouwing op p. 429 van sy geskrif "Gereformeerde kerkrecht" gebruik gemaak word.

---

30 Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1915, Artikels 254 - 266. Kerkargief, Kaapstad.

- Verhouding van die Bedienaar van die Woord en sy gemeente: "De roeping tot den heiligen dienst komt tot een predikant door middel van een plaatslijke kerk. De plaatselijke kerk, hoe klein ook, is eene selfstandige openbaring van het lichaam van Christus, een complete kerk, met eigen bediening van woord en sacramenten en tucht, en tegelyk een deel van het groote geheel:

**Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika**

'n Voorbeeld van 'n skending van die gereformeerde kerkreg.

Die stigting van 'n aparte kerk vir die verskeie swart etniese groeperings in die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika as uitdrukking van die stigting van afsonderlike kerk in eie kerkverband vir swartmense, is ook teen gereformeerde kerkreg.

Hierdie kerk is gestig om nie net die Nederduitse Gereformeerde Kerk ras suiwer te hou nie, maar ook die verskillende etniese groepe in die noorde van die land in aparte gemeentes te huisves.

Hierdie was 'n poging wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die latere jare verkeerd en ongereformeerd bewys het.

## 7. DIE VERKLARING VAN 'N STATUS CONFESSIONIS

'n Verklaring van 'n Status Confessionis het onafwendbaar vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk geword, om sodoende goed na geluister te word en verstaan te word rakende sy siening oor versoening, geregtigheid en vrede.

Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wat vir jare - sedert 1881 - onder die juk van aparte kerke op grond van 'n politieke stelsel, naamlik apartheid, gebuk moes gaan, moes noodgedwonge breek met die Nederduitse

Gereformeerde Kerk. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het naamlik die stelsel bybels gefundeer; 'n stelsel wat ten diepste 'n lewens en wêreldbeskouing, 'n religieuse gemotiveerde lewensstyl, 'n wyse van dink en menswees, die ordening van 'n samelewing in al sy fasette volgens 'n ideologie wat histories asook bewus of onbewus by baie mense vanuit die Woord begrond, gemotiveer en gepopulariseer is.[31]

Die afkondiging van 'n Status Confessionis, 'n kreet uit die hart wat mede-Christene terug roep van 'n verleidelike dwaalleer, was die mees aanvaarbare weg wat vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk oop was om die Nederduitse Gereformeerde Kerk te wys op die erns wat in die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk bestaan het.

Die afkondiging van 'n status confessionis is opgevolg deur die opstel en aanvaarding van 'n belydenis. Die aanvaarding van 'n konsepbelydenis het gespreek van 'n daad van liefde en gehoorsaamheid vanaf die kant van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. Hiermee het die Sendingkerk verder gevorder op die pad wat hy reeds betree het, naamlik om in gehoorsaamheid aan die woord te strewe na die eenheid van die kerk en veral onder die Nederduitse Gereformeerde kerk familie.

Die vraag na die **noodsaaklikheid van 'n belydenis** en of dit korrek was om 'n belydenis op te stel is noodsaaklik op hierdie stadium.

Aangesien die Nederduitse Gereformeerde Kerk sedert die stigting van aparte kerke, sodanige aparte kerkverbande vir kleurlinge en swart mense bybels begrond het en ook apartheid bybels verdedig het en dit as ketters deur die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk beskou is en die eenheid van die kerk, versoening en geregtigheid daarby betrokke was, is 'n belydenis as onafwendbaar beskou. Die dwaalleer wat hier ter sprake is, het gelei na 'n politieke bestel wat die lewe van miljoene mense geraak het, soveel so dat

---

31 Smith, N. 1973. Elkeen in sy eie Taal. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, p. 35.

wetgewing deur die regerende party in werking gestel is om verskeie groepe van mense uitmekaar te dwing.

Die belydenis beteken dus dat die einde van die pad bereik is. Grense moes getrek word; daar moes vir die waarheid getuig word. Ten spyte van die feit dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk sedert 1978 apartheid onomwonde as in stryd met die evangelie bestempel het en verklaar het dat die teologiese regverdiging daarvan niks anders as kettery is nie, het die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie eens kennis geneem daarvan nie maar met 'n teologiese onverskilligheid hierop geantwoord.

## 8. DIE ROL WAT DIE BELYDENIS VAN BELHAR ONDER ANDERE OOK IN NAMIBIË GESPEEL HET

Alvorens daar ingegaan word op die rol wat die Belydenis van Belhar in die verhouding tussen die Ring van Namibië, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië en later in die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika gespeel het, is dit noodsaaklik om eers 'n kort oorsig te gee van die aanleidende faktore tot die formulering en aanvaarding van die Belydenis van Belhar (1986).

Durand definieer apartheid soos volg: "'n omvattende ideologie en lewensbeskouing oor die reëling en ordening van mens en samelewing onder voorwendsel van 'n pseudo-evangelie: die oplossing van samelewingsprobleme, in hierdie geval deur die wetlike skeiding van groepe en mense op die grondslag van ras en kleur".[32]

Onder sterk aandrang van Nederduitse Gereformeerde Kerk instansies is sekere wette soos die Wet op Gemengde Huwelike, Groepsgebiedewet en ander deur die staat ingestel. Apartheid kan ook verantwoordelik gehou word vir die stigting van afsonderlike dogterkerke op grond van taal, kultuur en psigiese ingesteldheid en die latere opvatting dat die kerk apartheid voorgehou het as 'n

---

32 Cloete, G.D. en Smit, D.J. 1984. 'n Oomblik van Waarheid. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, p. 42.

Godgewilde staatkundige oplossing vir Suid-Afrika se samelewingsprobleme; asook 'n stelsel wat die orde in die land sou reël.

Die Nederduitse Gereformeerde Sendinkerk, wat dan ook die prooi van apartheid was en as 'n aparte kerk gestig was, het reg deur sy bestaan in opstand gekom teen hierdie afsonderlike kerkstigting. Die eerste protesstem het gehom van eerw. Teske, leraar van die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeente Beaufort-Wes, naamlik: "dat deze vergadering van gevoellen is dat Artikel 226 in het besluit van die Hoog Eerwaarde Synode van 1880 geheel in stryd is met het begrip eener kerk, die zich vry en onafhankelijk kan beweegen en ontwikkelen, dat dit artikel mede en middel is of kan zijn om het wantrouwen dat reeds zo diep bij de gekleurde bevolking bestaat, te doen toenemen - en eindelijk dat de artikel alzoo een middel kan zijn om ander gemeenten of lichamen die zich anders met deze te stichten kerk zouden vereniger, te vervreemden. Dat daarom deze vergadering de H.E. Zendingcommissie verzoeke by de naaste H.E. Synode een voorstel in te dienen om boven genoemde Artikel 226 te rooijeren en ingeval de Zendingcommissie daartoe geene vrijhed mogt gevoelen, dat dan deze vergadering en beschrijvingspunt dienaangaande inbrenge in de hoop dat de H.E. Synode behagen moge dat artikel weg te nemen - en dat verder deze vergadering adjournere tot na de zitting der eerstkomende H.E. Synode"[33].

Alhoewel daar nie aan hierdie protes die waarde geheg is wat dit verdien het nie, het dit desnieteenstaande bewys dat daar reeds ontevredenheid met die stigting van 'n aparte dogterkerk vir Kleurlinge was.

Nog 'n protesstem is die van ds. Isak Morkel. Die Binnelandse Sendingkommissie wou hom nie ondersteun in sy pleidooi dat: "Die ring verklaar dat hulle geen grond in die Heilig Skrif vind vir Kleurapartheid nie. Gevolglik kan die apartheidsbeleid van die regering nie vanuit 'n Christelike standpunt gesteun

[33] Handelinge Sinode Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1881 p. 4 en 5. Kerkargief, Kaapstad.

word nie".[34]

Hierdie twee gevalle was nie geïsoleerd nie, want die gevoel teen kerkapartheid asook die beleid van afsonderlike ontwikkeling het al hoe sterker geword.

Die uiteindelike goedkeuring van die Belydenis van Belhar in 1986 was 'n kerkregtelike mylpaal wat deur die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk behaal is want die belydenis kom in opstand teen die:

- verskeuring van die kerk op grond van ras en kleur;
- die feit dat die evangeliese boodskap van versoening in die gedrang kom;
- die uitbuiting van die magtelose deur die maghebber.

Die Belydenis het dus die verdeeldheid wat tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk bestaan het, probeer oorbrug asook die spanning verlig en oplos. In hierdie proses moes gelowiges mekaar die hand gee.

In die Belydenis gaan dit om die volgende:

- God wil één kerk en die eenheid van daardie kerk moet sigbaar en werksaam wees.

- God kan en wil Christene wat versoen is met Hom, in staat stel om werklik versoenend met mekaar te lewe.

- God is die hulp van die hulpelose en Hy roep sy kerk om Hom daarin te volg.

---

34 Cloete, G.D. en Smit, D. J. 1984. 'n Oomblik van Waarheid. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, p. 78.

'n Belydenis het dus as doel om die kerk te dien - dit gaan dus om die organisatoriese verband tussen belydenis en kerklike orde met ander woorde die wese van die kerk en die organisasie van die kerk.

Die kerk van die Here Jesus is kerk van die Woord. Die Woord kan of die verkondigde Woord of andersyds ook die inhoud van die Woord in 'n sistematiese vorm as 'n belydenis weer gee. Opsommend kan gesê word dat die belydenis 'n gesistematiseerde samevatting van die Woord is.

Vanuit die gereformeerde oogpunt beskou, is daar van die begin af aanvaar dat daar 'n noue verband tussen die belydenis van en die orde in die kerk is.[35]

Om die verband tussen Belydenis en kerkorde te verstaan kan gekyk word na 'n ontleding van die Nederlandse Geloofsbelydenis met besondere verwysing na Artikels 30, 31 en 32 waar dit eksplisiet gaan oor die regering van die kerk terwyl daar in artikels 27-29 ook elemente aangeraak word wat baie belangrik vir kerklike orde is.

Die feit dat die Here Jesus die Hoof van die kerk is, word in die onderskeie artikels beklemtoon. Hy word genoem: "Christus as 'n ewige koning wat nie sonder onderdane kan wees nie", "kortom as hulle ooreenkomstig die suiwere woord van God gedra, alles verwerp en daarteen stry en Jesus erken as die enigste Hoof"; "Jesus Christus as die enigste Hoof van die kerk" "Christus as enigste Meester".

Met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk hom dus heelhartig onderwerp aan die eise van die Woord van God.

Met hierdie stap het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk die

---

35 Coertzen, P. 1991. Gepas en Ordelik. 'n Teologiese Verantwoording van die Orde vir en in die Kerk. Pretoria: R.G.N., p. 142-143.

tradisionele ontvangersrol en gepaardgaande armoedsmentaliteit waarin hy so lank vasgevang gesit het, deurbreek. Die opvallendste kenmerk van die Belydenis is dat dit 'n belydenis van geloof is. Dit kom duidelik na vore in die aanhef, die drie afdelings en die slot wat almal met "Ons glo ... " begin. In die belydenis verklaar die kerk dat wat hy sê nie buite sy bestaan omgaan nie maar die hart van sy bestaan is. In die belydenis gaan dit vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, in die situasie waarin hy hom bevind, om die boodskap van versoening en wat daaruit voortspruit.

Die situasie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk word deur die belydenis vanuit die evangelie van Jesus Christus beoordeel. Dit gaan om 'n getuienis wat in 'n tasbare situasie gelewer word.

Sedert 1881 is die kerk verdeel en verskeur en hierdie verdeeldheid is niks anders as ongehoorsaamheid aan die woord.[36]

Verdeeldheid het veroorsaak dat aparte kerkformasies op grond van die natuurlike verskeidenheid in taal, kultuur, geestelike gawes geleenthede, agtergronde en oortuigings regverdigbaar en prakties is. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk neem dus in sy belydenis 'n standpunt in wat lynreg teenoor die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan. Die getuienis van die Heilige Skrif maak dit vir hom onmoontlik om iets anders te bely as "dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God.[37]

Alhoewel die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk duidelik verklaar het dat die deur vir gesprek, na aanvaarding van die Belydenis, oop sal bly, het die Nederduitse Gereformeerde Kerk veral in Suidwes-Afrika nie hul weg tot verdere

---

36 Cloete, G.D. en Smit, D. J. 1984. 'n Oomblik van Waarheid. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, p. 53.

37 Cloete, G.D. en Smit, D.J. 1984. n Oomblik van Waarheid. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, p. 54.

gesprek oopgesien nie. Toe dit blyk dat die Ring van Suidwes-Afrika/Namibië in 1983 die konsepbelydenis gaan goedkeur, het die moderator in die teenwoordigheid van Sendingsekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika gewaarsku dat die Ring "versigtig moes omgaan met die belydenis".[38]

Aanvaarding van die Konsepbelydenis moes die twee kerke bymekaar bring maar in plaas daarvan het die verwydering in Namibië groter geraak.

Die Ring van Suidwes-Afrika het ten spyte van moontlike vervreemding tydens die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1986 die Belydenis van Belhar aanvaar en daarmee te kenne gegee dat hulle geensins met "kerklike apartheid" saamstem nie.

Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika op sy beurt het ook ingegaan op die Belydenis en toe die situasie ten opsigte van kerklike skeiding ondraaglik word, het hulle in 1995 die Belydenis in beginsel goedgekeur en met eenwording in 1997 die belydenis volmondig aanvaar.

Met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar het drie sake wat vir die kerk belangrik was tot stand gekom, naamlik

- die kerk het die belydenis beredeneer.
- dit op skrif gestel en
- Belhar het die vierde Belydenis van die N. G. Sendingkerk geword.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk kan nog nie tot ander insigte beweeg word nie, maar die verwagting is sterk dat daar 'n hartsverandering sal plaasvind. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië, as streeksinode, het dus ook geen ander keuse as om eenwording op die lange baan te skuif op grond van sy verbintenis met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

---

38 Ringsnotule Ring van Suidwes-Afrika 1983. Gobabis.

## 9. DIE KERKREGTELIKE PERSPEKTIEF OP DIE KERKORDE VAN 1978

Die opstel en aanvaarding van 'n eie kerkorde vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk was kerkregtelik 'n groot mylpaal in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika.

Dit is egter belangrik dat daar eers ingegaan sal word op die historiese ontwikkeling ten opsigte van die ordelike reëling van sake.

Die probleem het egter na vore gekom in Artikel 221 van die Grondwet van die N.G. Sendingkerk wat bepaal het wie lede van hierdie kerkbestuur sal wees: "Alle diensdoende Zendelingen van erkenden Gemeente, behorende tot die Nederduitsche Gereformeerde Kerk ... leden van dit Bestuur, naamlik van Kerkraad Ring en Sinode sal onder meer wees sendelinge met lidmaatskap van die Moederkerk. Hierdie artikel lê by implikasie 'n dubbele lidmaatskap vas. Artikel 222 bepaal verder: "de Geordende Zendelingen ... hebben regt van stemmen in de vergaderingen van 't Bestuur."

Die Eerste Grondwet van 1915 soos deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vasgestel, het verder bepaal dat: "Over de nakoming van Kerkelijke Wetten en Bepalingen waken, en kerkelijke tucht uitgeoefen over kerkeraden en kerkeraadsleden, met dit voorbehoud echter, dat de leeraren onderworpen zullen zyn aan de tucht van der Moederkerk alleen, overeenkomstig hare eigen wetten en Bepalingen".

Die argument wat hier gevoer kan word, is dat geen kerk volgens Gereformeerde kerkreg die reg het om tug toe te pas op enigiemand anders as sy wettige belydende lidmaat nie.[39]

Met die begin van die sendingwerk in Suidwes-Afrika die aanstelling van die

---

[39] Handelinge van die 22ste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1978 p. 69-71. Kerkargief, Kaapstad.

eerste sendeling deur die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Gibeon "om die hele kleurlingbevolking" in die land kan daar dus genoem word dat dubbele lidmaatskap reeds aan die orde van die dag was.

Hierdie sendelinge was deur die gemeente onderhou en veel later deur die Sendingraad. Veel later toe daar gebruik gemaak is van Dienspligkapelane in gemeentes was dit nie net gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat betrokke was nie, maar ook 'n tweede party naamlik die Suid-Afrikaanse Weermag wat hierdie kapelane beskikbaar gestel het deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die Ring van Suidwes-Afrika het egter onbewus van die kerkreg hierdie mannekrag gebruik en in die lig van die finansiële hulp sowel as te kort aan predikante op "ongereformeerde" pad beland.

In die geval van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika was die situasie van dubbele lidmaatskap noodwendig toegelaat vanweë die feit dat daar finansiële steun was ten opsigte van die salaris alleen vir die "geleende broeders" aan die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika.

## 9.1 Opheffing van die Grondwet 1975

Met die opheffing van die Grondwet van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1975 en die opstelling en aanvaarding van 'n Akte van ooreenkoms tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk onder datum 27 November 1975 is die weg gebaan vir die aanvaarding van 'n eie Kerkorde vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1978.

Ook by die aanvaarding van die Kerkorde is 'n groot Kerkregtelike en historiese mylpaal bereik.

Alvorens daar verder gegaan kan word, is dit noodsaaklik om, kortliks te kyk na kriteria waaraan 'n Kerkorde behoort te voldoen om te beantwoord aan Gereformeerde Kerkregtelike beginsels.

'n Algemene opmerking is hier noodsaaklik met verwysing na die siening van Calvyn ten opsigte van 'n eenvormige orde vir en in die Kerk.

Vir hom is dit belangrik dat die Here self en alleen in die kerk moet regeer en heers, die leiding moet neem en die hoogste gesag beklee.[40]

Calvyn huldig die mening op grond van 1 Korinthiërs 14 vers 40 dat net soos elke gemeenskap van mense 'n regeringstruktuur het vir eendrag en vrede, die kerk geen uitsondering is nie. Die wette vir die kerk is volgens Calvyn die senuwees van die kerk waarsonder die kerk ontvormd en verstrooi sou wees.[41] Alle wette het vir Calvyn 'n tweerlei doel, naamlik die gebruike vir seremonies en vir die toepassing van tug en die bewerking van vrede in die gemeente.[42]

Die Here het egter nie die weg en vorm wat gevolg moet word met betrekking tot uiterlike seremonies en tug volledig in die Skrif voorgeskryf nie, omdat Hy voorsien het dat hierdie sake van tydsomstandighede sou afhang en dat één weg en vorm nie vir alle eeue geskik sou wees nie.

## 9.2 Ontleding van sommige artikels van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk soos in 1978 aanvaar is

- Oor die geestelike regeringswyse wat die Here die kerk geleer het in Sy Woord (Nederlandse Geloofs Belydenis Art 30) kan hier verwys word na artikel 1 van die kerkorde waarin die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk homself op die Bybel as die Heilige en onfeilbare Woord

40 Calvijn, J. 1956. Institutie uit het Latijn vertaald door AS1200 Derde Deel Delft: W.D. Meinema, p. 71.

41 Calvijn, J. 1956. Institute uit het Latijn vertaald door AS 1200 Derde Deel Delft: W.D. Meinema, p. 71.

42 Calvijn, J. 1956. Institute uit het Latijn vertaald door AS 1200 Derde Deel Delft: W.D. Meinema, p. 71.

van God beroep.

- Met betrekking tot die Christus regering is daar in Art 2.3 "By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is". Hierdie bepaling moes nie as 'n algemene orde reëling vir die kerk gestel word nie dit moes in werklikheid as 'n belangrike aspek behandel word, omdat Christus bo die ampte verhef is.

- Wat betref die aantal ampte in die kerk sluit die kerkorde hom direk aan by Art 30. "Niemand kan in die kerk in enige amp dien sonder dat hy op wettige wyse daartoe geroep word en daarin bevestig word nie. Die roeping bestaan uit die beroeping of verkiesing en die approbasie of goedkeuring.

- Die kerk is geroep om 'n orde vir die kerk daar te stel sodat alles welvoeglik en ordelik daaraan kan toegaan. Dit word in Art 74 van die K.O. gereël. Hierdie reëling se sekondêre oorsprong lê duidelik in Art 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hiermee saam moet egter ook die Artikels oor die reg van appél in die K.O. gelees word. Hierdie artikels wat juis 'n middel is om die Christusregering te soek en te bevorder sluit aan by die verdere bewoording van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

- Werksaamhede van die kerk soos uitgespel in die K.O. Art 46-73 sluit duidelik aan by wat ons lees in N.G.B. Art 30 en 32. Die bestaan van die onderskeie kerkvergaderings Art 18-45 vind aansluiting by Art 30 van die N.G.B.

Uit bogenoemde is dit baie duidelik in watter mate die Nederlandse Geloofsbelydenis as bron vir die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde

Sendingkerk gedien het.

Hierdie kerkorde omdat dit getrou aan die Woord van God is, en Christus as die middelpunt het, het sedert 1978 as basis vir verdere ontwikkeling in die leer en lewe van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 'n belangrike rol gespeel.

Die Ring van Suidwes-Afrika sowel as die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika het geen ander keuse gehad as om getrou aan hierdie kerkorde hulle te voeg by besluite rakende kerkeenheid binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk familie nie. Toe dit dus blyk dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika/Namibië nie hul weg oopsien om binne eie kerkverband te verenig nie, was dit 'n uitgemaakte saak dat die Ring van Namibia die pad van eenwording met die res van die kerk volg.

# HOOFSTUK 5

## DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA MET INBEGRIP VAN DIE GEMEENTES IN NAMIBIË

In hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op apartheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en hoe dit latere besluite van die kerk in sy verhouding met die "dogterkerke" beïnvloed het, asook die reaksie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. Hierdie reaksie van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die breë het noodwendig die posisie van die Ring van Namibië (Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk) teenoor die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië beïnvloed.

### 1. APARTHEID IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Apartheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerk het 'n lang geskiedenis. Die apartheidsgevoel kan aan verskeie faktore gekoppel word, naamlik die fisiologiese verskille tussen blank en nie-blank, verskillende beskawingspeile, vrees vir getalle-oorwig en die solidariteitsgevoel by die Afrikaner as gevolg van die ontwikkeling van 'n dinamiese nasionalisme.

Die Afrikaners het hulle posisie gekoppel aan die geskiedenis van die volk Israel as die uitverkore volk van God. Hulle het soms hierdie posisie letterlik op eie situasie oorgedra.

So byvoorbeeld is 'n bevel van God dat die Israeliete nie mag vermeng met die heidense nasies nie, direk van toepassing gemaak op die verhouding tussen blank en nie-blankes. Die rassegevoel het so ernstig geraak dat daar deur kerkleiers, sake rondom rasseskeiding, op 'n meer amptelike vlak soos kerkvergaderings bespreek en beplan is. Die enigste regverdige oplossing het

geblyk apartheid te wees en dit met 'n beroep op die skrif.[1]

Baie pogings is aangewend om die kerklike standpunt rondom apartheid bybels te regverdig. Wat later sou beteken dat die rassevraagstuk ook die gang van kerklike sake sou beïnvloed. Tydens die Armeblanken Congress (1916) is daar besluit dat daar van die Regering gevra sal word vir segregasie op arbeidsgebied. Toe daar in 1911 'n Kleurlingverenigingsakte opgestel word, was die kwessie van die rassevraagstuk die oorsaak dat die byeenkoms onsuksesvol was.

Die Federale Raad van kerke het ook insette gelewer, want in 1915 gee die Raad sy volle steun aan die Naturele Grondwet.[2] In 1923 tree die Federale Raad weer na vore om 'n poging aan te wend om die rassevraagstuk te bespreek. Die doel was om mekaar beter te leer ken en vanuit die oogpunt van die Christelike beskouing te besin oor die belange van blankes en gekleurdes.[3]

Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk het in 1950 'n Kommissie benoem om apartheid te beoordeel. Hierdie kommissie beveel aan dat die bespreking van die netelige saak "die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die donker doolgange van politieke redenasies sou voer waarin die lig van menige kerk reeds verdonker het"[4].

Die eindresultaat in al hierdie vergaderings deur die Federale Raad was die opstelling van 'n Algemene Sendingbeleid wat deur al die Nederduitse Gereformeerde Kerke goedgekeur en aanvaar is (1935).

Hierdie sendingbeleid sou onder andere die volgende sake reël:

---

1 Van der Walt, P.B. 1988. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975. Kaapstad: N.G. Kerk Boekhandel, p. 75.

2 Hierdie wet het territoriale segregasie vasgelê.

3 Van der Walt, P.B. 1988. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975. Kaapstad: N.G. Kerk Boekhandel, p. 78.

4 Acta Synodi N.G. Sendingkerk 1950, p. 54. Kerkargief, Kaapstad.

- rasseskeiding wat identiteit verseker as Godgegewe en daarom is die sendingbeleid daarop gemik om identiteit te beskerm en binne eie groepsverband volledig te laat ontwikkel.

Uit die formulering van die sendingbeleid is dit duidelik in lyn met die ontwikkeling van afsonderlike kerke. [5]

Van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was dit dus 'n uitgemaakte saak dat daar geen anderweg was hoe om op kerklike gebied te werke gegaan sal word nie.

Vanaf die kant van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk het die saak rondom kerkapartheid al hoe meer ernstiger geword. Daadwerklike pogings moes aangewend word om op een of ander wyse die saak rondom kerkapartheid aan te spreek. So 'n poging is in 1950 begin toe daar besluit is om by die Grondwet van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk te voeg: (Artikel 16a) "Met die oog op onderlinge voorligting sowel as die bevordering van die instandhouding van voortdurende goeie gesindheid tussen die Moeder- en Sendingkerk, vorm die Subkommissie vir Binnelandse Sending en die Moderatuur van die Sendingkerk gesamentlik 'n skakelkommissie om oor en weer slegs te beraadslaag."[6] Hierdie skakelkommissie sou later oorgaan in die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke, wat ook later geblyk het slegs 'n gespreksforum, met geen besluitnemende mag.

Intussen het die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op grond van die verslag[7] van die Algemene Sendingkommissie in beginsel goedgekeur dat die Grondwet vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk

---

5 Van der Walt, P.B. 1988. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975. Kaapstad: N.G. Kerk Boekhandel, p. 80.

6 Wette en bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1950. p 5. Kerkargief, Kaapstad.

7 In 1965 het die A.S.K. van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 'n opdrag ontvang om 'n deurtastende ondersoek in te stel na die vordering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk op die weg van selfstandigwording.

herroep sou word sodra die Akte van ooreenkoms tussen die twee kerke opgestel en deur beide partye goedgekeur is.[8]

Hierdie Akte van Ooreenkoms en die opstelling van 'n eie Kerk-Orde was vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van groot belang. Die Akte van Ooreenkoms het sake rondom dubbele-lidmaatskap van Nederduitse Gereformeerde Kerk predikante in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk nie kon beredder nie. Dus in 1978 dien die volgende besluit "... dat die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk as kontrakterende party uit die akte van ooreenkoms tree en dra dit aan die Permanente Regskommissie op om oor die opsegging van die kontrak te onderhandel ...". Dus na die opsegging van die akte van ooreenkoms en die daarstelling van 'n eie kerkorde het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 'n rigting gekies wat sou uitloop op eenwording. Net jammer dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie wou deelneem tot inskakeling nie.

Sedert hierdie Sinode (1978) het die stemme vanuit die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, ten gunste van eenwording tussen kerke van gereformeerde belydenis, al hoe sterker opgekom. Dit blyk uit die volgende twee beskrywingspunte wat voor die betrokke Sinode gedien het:

- "Aangesien die Nuwe Testament die eenheid van die kerk as liggaam van Christus baie duidelik leer, besluit die Sinode om die beginsel van eenwording van die Nederduitse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika te aanvaar"[9].

- "Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Arika verkies eenwording met die ander Nederduitse Gereformeerde Kerk familie en indien een van die ander kerke nie die beginsel oor eenwording onderskryf nie, sal die Sinodale kommissie die ideaal met die

[8] Handelinge van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1970, p 271.

[9] Handelinge van die 24ste Sinode van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1986, p. 577.

oorblywende kerk of kerke in die reses opneem en probeer verwesenlik".

In beide beskrywingspunte was daar die dringendheid om die bybelse opdrag tot eenheid verwesenlik te sien. Dus het eenwording alhoemeer op die agendas van Nederduitse Gereformeerde kerk in die land as 'n punt van bespreking verskyn.[10]

## 2. BELYDENISGRONDSLAG VIR KERKVERENIGING: BELYDENIS VAN BELHAR (1986)

Eenwording binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk familie was vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van die grootste belang omdat dit bybels korrek is. Vir baie jare is die eenheidsideaal deur die sendingkerk gekoester en lewendig gehou. Tydens die Sinode van 1986 is die ideaal in praktyk omgesit toe die Belydenis van Belhar aanvaar is. Hierdie belydenis sou dus die grondslag vir kerkvereniging in die toekoms vorm.

Na die aanvaarding van die Belydenis het sake vinnig begin verander. Die Sendingkerk kon duidelik sien hoe die pad van isolasie verder vorentoe sou vorder. Heel aan die begin was die Sendingkerk daarvan beskuldig van omgekeerde rassisme, omdat die Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgesluit gevoel het, maar ongeag beskuldigings, moes die pad van eenwording geloop word.

Op grond van die feit dat lede van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika hulle in Suidwes-Afrika gevestig het en ook die feit dat hulle as "objek vir sending" beskou is, sal dit noodwendig van groot belang wees om op hierdie stadium enkele vergelykings te noem wat by die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1881 en die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika aanwesig was:

---

[10] Handelinge van die24ste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1986, p. 718-726. Kerkargief, Kaapstad.

- Die "vir kerk" is gestig op die inisiatief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika.
- Die eerste moderator was die sendingsekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Die beleid van afsonderlike ontwikkeling op die gebied van aparte kerke is gehandhaaf.
- Dubbele lidmaatskap ten opsigte van Nederduitse Gereformeerde Kerk predikante is gehandhaaf.
- Sendelinge is beskikbaar gestel om werk in die latere Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk - Ring van Namibië te verrig.
- Daar was geen verskil by die totstandkoming van gemeentes nie in die sin dat die Sinodale Sendingkommissie die stigting geïnisieer het.

Die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Suidwes-Afrika het juis plaasgevind as bevestiging van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Hierdie stigting kan beskou word as 'n fout wat aanvanklik begaan is en wat moeilik reggestel kon word. Hierdie aparte "Kleurlingkerk" moes dieselfde leed deurmaak wat, in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, in 1881 begin is. 'n Voorbeeld van die leed kom na vore in 'n Ringsbesluit wat in 1984 geneem is.

Die Ring neem met leedwese kennis van die opskorting van finansiële hulp in die Lüderitz gemeente en besluit:

"Die Ring spreek sy waardering en opregte dank uit teenoor die Skakelkommissie en Sinodale Sendingkommissie vir finansiële hulp ten opsigte van Lüderitz-gemeente. Ons is egter bewoë op die wyse waarop die saak hanteer is en fondse onttrek is. Die Ring versoek die Sinodale Sendingkommissie en ander betrokke instansies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië om beter skakeling en gesamentlike beplanning met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en Ring van Suidwes-Afrika te bewerkstellig. Daar word ook gevra vir N.G. Sendingkerk verteenwoordiging

op die Sinodale Sendingkommissie.[11]

Ten opsigte van geslote deure besluit die Ring van Suidwes-Afrika dat dit vir die ring onaanvaarbaar is dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika nog steeds lidmaatskap beperk tot die blanke bevolking van die land.[12]

Die verwydering wat stadig maar seker tussen die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk - Ring van Namibië - na 1983 groter geword het, moes aan bande gelê word. Bo en behalwe die aanvaarding van die Konsepbelydenis van Belhar, besluit die Ring ook om waarnemingstatus by die Raad van Kerke in Namibië aan te vra.[13] Hierdie was volgens die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n gevaarlike neiging wat tevoorskyn tree en dus moes die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië 'n teenvoeter vir die nuwe denke wat op die horison verskyn het in die lewe roep. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk roep toe die Beraad van Nederduits Gereformeerde Kerke in die lewe.

## 3. DIE BERAAD VAN NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKE

Deur die Beraad wou die Nederduitse Gereformeerde Kerk op sy manier gestalte probeer gee aan "eenheid" en "broederlikheid". Die kerk wou graag bewys dat daar samewerking op kerklike vlak plaasvind. As daar krities gekyk word na die Reglement van die Beraad word die vermoede bevestig dat die nuwe "kerkregtelike uitvindsel" nie soseer gegaan het om die soeke na eenheid en broederlikheid nie, maar moes die Beraad verskeie funksies vervul.[14]

Die Beraad is uitdrukking van die erkenning dat dit onmoontlik geword het om die verskillende Nederduitse Gereformeerde Kerke heeltemal los van mekaar te laat funksioneer. Kerkpolities kon dit net nie meer nie. Die Raad as slegs 'n

---

11 Ringsnotule: Ring van Suidwes-Afrika 1984 p 144-148. Narraville. Walvisbaai.

12 Ringsnotule: Ring van Suidwes-Afrika. 1984.

13 Ringsnotule: Ring van Suidwes-Afrika 1983 p 126. Gobabis.

14 Hierdie funksies wat vervul moes word, was almal in belang van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië se "ekumeniese agenda".

gespreksforum kon slegs "adviserende besluite" neem. Maar terselfdertyd sou die adviserende gespreksbasis van die Beraad alle geleentheid aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië bied om "leerstellige dogmatiese beginsels ten opsigte van terreine waarop lede probleme mag ondervind" te formuleer.

Hierby is gevoeg dat ekumeniese betrekking nie aangegaan kon word nie mits die Nederduitse Gereformeerde kerke in Suidwes-Afrika nie in die saak geken is nie. Dus kon individuele aansluiting by die Raad van Kerke nie gesoek word nie.

Die "Beleid" wat deur die Beraad gevolg is, is nie altyd deur die Ring sowel as die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika geredelik aanvaar nie. Nadat baie geduld vanuit die geledere van die Ring en die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika aan die dag gelê was en daar nêrens ernstig besin is oor eenwording nie, doen die Ring van Namibië verslag:

"Oor feitlik geen wesensaak kon konsensus bereik word nie, tog was die Nederduitse Gereformeerde Beraad van 10 Augustus 1994 geensins 'n mislukking nie. Inteendeel, dit was 'n waterskeiding waartydens "amptelike" Nederduitse Gereformeerde Kerk standpunte oor kerkapartheid en Nederduitse Gereformeerde eenwording vir eens en vir altyd as skyn, kosmetiese aanpassings en "window dressing" ontmasker is. Wanneer dit gaan om sake wat die hart wat die evangelie aantas - soos rassisme (kerkapartheid) en Nederduitse Gereformeerde eenwording in Namibië kan daar verder nie meer stilgebly word nie.

Hierdie besluit het daartoe gelei dat die Ring van Namibië dit goedgevind het om met die eenwording tussen die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika alleen te loop. Hierdie breuk wat daar in Namibië ontstaan, skakel nou in met wat daar tydens die kerkeberaad in Vereniging tussen die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika en die

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika plaasgevind het. Hier het die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder andere verklaar: "dat hulle nie hulself kan identifiseer om te werk vir een verenigde, nie-rassistiese Gereformeerde Kerk in Suidelike en Sentraal Afrika nie. Hulle was nog nie gereed om te sê wat die strukturele model van die een-kerk-in-wording sal wees nie.[15]

Met die optredes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika/Namibië het onderhandelings nie opgehou nie, maar in Namibië het daar net 'n verandering in die benadering gekom naamlik om eenwording tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika. Dus sal daar verder besin word oor:

## 4. DIE EENWORDING IN 1994 AS 'N KORREKSIE OP DIE SENDINGBELEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (KERKLIKE APARTHEID)

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat deur die jare - sedert 1935 - daarvan oortuig was dat sy sendingbeleid die enigste wegwyser en ware norm was vir die stigting van aparte kerke vir die inheemse volke, moes uiteindelik aanskou hoe die hele sendingbeleid ten opsigte van die ander Nederduitse Gereformeerde kerke in duie stort. Die mondigwording van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika en die bewuswording dat eenheid tussen die N.G. Kerke in Namibië een moes word, het lank geneem om te realiseer.

Uiteindelik toe die oomblik van waarheid vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk aanbreek sowel as gehoorsaamheid aan die opdrag van die Hoof van Kerk, Jesus Christus, nie meer geïgnoreer kon word nie kon die kerke die opdrag "en hulle sal eenword" nie meer eenkant laat nie.

Die resultaat was die volgende twee besluite van die Nederduitse

---

15 Fourie, P. J. Ligdraer 3 April 1989: Kerkeberaad te Vereeniging.

Gereformeerde Kerk in Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika onderskeidelik.

- "In gehoorsaamheid aan die bybelse opdrag omtrent die eenheid van die kerk en in gehoorsaamheid met die Gereformeerde opvatting dat die sigbare eenheid van die kerk gestalte moet vind in een kerkverband het die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika op sy vergadering gehou te Mitchells Plain op 1 Oktober 1990 besluit om te verenig in een nuwe kerkverband met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika wat bekend sal staan as die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.[16]

Van ewe belang is ook die besluit van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk om op grondslag van die beginsel besluit tot eenheid een te word met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika en bring hulde aan God wat die kerk tot hierdie historiese daad gelei het.

## 5. INSKAKELING VAN DIE EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA BY DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA

Na die besluit van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika om een te word, was die saak wat die Ring van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Namibië aanbetref nog nie voltooi nie.

Na vele onderhandeling sedert 1975 het die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika besluit om by die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in te skakel.

Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika het tot die oortuiging gekom dat die pad van eenwording nie verder uitgestel kon word nie. Die besluit wat

---

16 Handelinge van die Sinode Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika 1 Oktober 1990, p. 360.

tydens die Sinode van 18-20 Augustus 1995 geneem is, was onafwendbaar. Die Sinode besluit dus: "Die Sinode besluit om een te word met die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika".

Die inskakeling van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika by die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika was 'n historiese gebeurtenis van groot waarde. Hierdie toetrede het gedui op 'n breuk met die Nederduits Gereformeerde Kerk in Namibië. Gepaardgaande hiermee is die oortuiging bevestig dat die stelsel van aparte kerkvorming gebou op die stelsel van kerkapartheid nie bybels is nie. Die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika se verdere oortuiging is ook bevestig dat die Woord van God die enigste norm vir die lewe van die kerk is.

Met die inskakeling by die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het hulle hul gevoeg tot die Belydenis van Belhar (1986) met die klem op eenheid, versoening en geregtigheid.

Verder het hierdie inskakeling gewys op die onvoltooide sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië. Die rede hiervoor is dat die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika wat as 'n tipiese apartheidskerk tot stand gekom het, nie in een kerkverband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië 'n bestaan kon voer nie. Die bekeerlinge uit sy eie sendingwerk kon nie plek vind by die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie.

Dr Beyers Naude beskryf hierdie eenwording baie kortliks wanneer hy met nadruk sê dat dit 'n dringende boodskap tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk inhou, naamlik: "Kom en verenig met ons".[17]

Hierdie eenwording is gevolg deur die stigting van die eerste Streeksinode, van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, van Namibië. Hierdie streeksinode bestaan uit ongeveer 10,000 lidmate, vyf en twintig predikante en vyf

---

17 Fourie, P.J. Ligdraer: 5 Mei 1997.

en twintig gemeentes.

## 6. DIE PAD VERDER

Die Tweede Algemene Sinode van Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het die weg waarlangs opgetree moet word ten opsigte van sy verhouding met die Nederduitse Gereformeerde Kerk baie duidelik gestel: "dat die Belydenis van Belhar deel sal vorm van die nuwe verenigde kerk, met die Nederduits Gereformeerde en Reformed Church in Africa. Ook dat die aanvaarding van die Belydenis deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Reformed Church in Africa nie 'n voorvereiste is om verder met hulle oor die kerkeenheid gesprek te voer nie.[18]

Die motivering hiervoor is dat die Belydenis van Belhar het baie laat gekom op die pad na eenheid. As in ag geneem word die pad waarlangs die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk met die Nederduitse Gereformeerde Kerk gekom het dan kan die Belydenis nie as 'n hindernis op die weg van eenheid beskou word nie. Dus selfs in Namibië waar Belhar nooit 'n faktor was nie wou die Nederduitse Gereformeerde Kerk nooit verenig nie, omdat daar altyd een of ander rede teen eenwording aangevoer is.

Dus het die Verenigende Gereformeerde Kerk na alles nog nie die deur tot gesprek gesluit nie en besluit om die deur vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk oop te hou en die Algemene Sinodale Kommissie volmag te gee om die proses van kerkeenheid as 'n saak van dringendheid voort te sit en deurgaans te beoordeel in die lig van die eise van elke moment en konteks.

Hiermee is die eerste hoofstuk van eenwording afgesluit en nou word daar, veral in Namibië, gewag dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië die volgende tree tot toenadering gee.

---

18 Fourie, P. J. Ligdraer 5 Mei 1997.

## BIBLIOGRAFIE


1. Bauman, J. 1967. Van Sending tot Kerk: **125 Jaar Rynse Sendingarbeid in Suidwes-Afrika/Namibië 1842-1967**. Boeke Depot Karibib.

2. Bellagamba, A. 1992. **Mission and Ministry in the Global Church**. Maryknoll, New York 10545: Orbis Books.

3. Berkouwer, G.C. 1970. **Dogmatische Studien**. De Kerk Deel 1. Kampen: J.H. Kok.

4. Bosch David, J. 1979. **Heil vir die wêreld**. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

5. Bruwer, J.P. van S.,1966. **South West Africa: the Disputed Land**. Elsiesrivier: Nasionale Boekhandel.

6. Buys, G.L. en Kritzinger, J.J. 1989. **Salig die Vredemakers**. Silverton: ISWEN, U.P.

7. Cloete, G.D. en Smit, D.J. 1984. **'n Oomblik van Waarheid**. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

8. Cronje, J.M. 1981. **Aan God die Dank**. Pretoria: Nederduitse Gereformeerde Kerk Boekhande.

9. Cronje, J.M. 1962. **Selfstandigwording van die Bantoekerk**. Bloemfontein: Nederduitse Gereformeerde Sendingpers.

10. Coertzen, P. 1991. **Gepas en Ordelik**. 'n Teologiese Verantwoording van die Orde vir en in die Kerk. R.G.N. Pretoria.

11. Dreyer, A. 1927. **Kruisgesante**. Kaapstad: Nasionale Pers.

12. Du Plessis, H. 1976. **Gaan dan Heen**. Potchefstroom: Pro Rege.

13. Du Plessis, J.1932. **Wie sal Gaan**. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

14. Du Plessis, J. 1965. **History of Christian Missions in South Africa**. Cape Town: Struik.

15. Du Toit, H.D.A. 1967. **Die Kerstening van die Bantoe.** Pretoria: Nederduitse Gereformeerde Kerk Boekhandel.

16. Gerdener, G.B.A. 1951. **Reguit Koers Hou**. Kaapstad: Nederduitse Gereformeerde Kerk Uitgewers.

17. Gerdener, G.B.A. 1958. **Recent Developments in the South African Mission Field**. Kaapstad: Nederduitse Gereformeerde Kerk Uitgewers.

18. Gerdener, G.B.A.1959. **Die Afrikaner en die Sending**. Kaapstad: Nederduitse Gereformeerde Kerk Uitgewers.

19. Goldblatt, I. 1971. **History of South West Africa from the Beginning of the 19th Century**. Cape Town: Juta.

20. Hanekom, Ongedateerd. Kerk en Volk. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

21. Heese, C.P. Ongedateerd. **Sendingonderwys in Suidwes-Afrika 1806 - 1870.** Goodwood: Nasionale Boekdrykkery.

22. Heyns, J.A. 1978. **Dogmatiek**. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel Transvaal.

23. Irle, J.J. 1906. **Die Herero**. Gütersloh: C. Bertelsman.

24. Kritzinger, J.J. 1972. **Sending en Kerk in Suidwes-Afrika**. Pretoria. D.D. Verhandeling.

25. Kriel, C.J. 1963. **Geskiedenis van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1956.** Paarl: Paarlse Drukpers.

26. Kriel, C.J. 1971. **Sendingwetenskap**. Teologiese Skool, N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. U.W.K. **Aantekeninge.**

27. Kleinhans, E.P.J. Ongedateerd. **Gereformeerde Kerk**: Deel 1, Inleiding. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel Transvaal.

28. Lombaard, C. en Hunter, J. 1995. **Kom ons Word Een** . Windhoek: Ein Publications.

29. Louw, A.F.1962. **My eerste Neentig Jaar**. Kaapstad: Nederduitse Gereformeerde Kerk Uitgewers.

30. Loff, C.J.A. 1997. **Bevryding tot Eenwording. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881 - 1994**. Theologische Universiteit, Kampen.

31. Marais, J.S. 1939. **The Cape Coloured People 1652-1937.** London: Longmans Green.

32. Nieuwoudt, M.M. 1979. **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika.** Windhoekse Argief.

33. Petersen, L.R. 1995. Sendingmotiewe by die Ned. Geref. Kerk. Ongepubliseerd M Th verhandeling, UWK.

34. Pont, A.D. 1981 **Die Historiese Agtergronde van ons kerklike reg**. Pretoria: H.A.U.M.

35. Pretorius, H.L.1987. **Reflecting on Missions in the African Context**. Bloemfontein: Pro. Christo Publications.

36. Shaw, B. 1970. **Memorials of South Africa.** Cape Town: Struik.

37. Smith, J.J.V. 1970. **Sendingarbeid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Kleurlinge en Basters van Suidwes-Afrika**. (Ongepubliseerd.)

38. Smith, N. 1973. **Elkeen in sy eie Taal**. Die planting van afsonderlike kerke vir Nie-Blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria: Ned. Geref. Kerk Boekhandel.

39. Tötemeyer, G.1935. Southwest Africa/Namibia: **Facts, Attitudes, Assessments and Prospects 1977.** Cape Town: Fokus Suid Publishers.

40. Van der Merwe, W.J. 1967. **Gesante Om Christus Wil**. Kaapstad:Ned. Geref. Kerk Uitgewers.

41. Van der Walt, P.B. 1988. **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975.** Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

42. Van der Walt, I.J. 1963. **Eiesoortigheid en die sending**. Proefskrif. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

43. Vedder, H. 1934. **Das Alte Südwest-Afrika.** Berlin.

44. Villa Vicencio, Charles. 1988. **Trapped in Apartheid**. Maryknoll, New York: Orbis Book.

45. White, John Mancip, 1969. **The Land God made in anger**. London: George Allen and Urwin.

## 1. NOTULES VAN VERSKEIE KERKVERGADERINGS

Ring van Suidwes-Afrika. N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Gobabis 1984.

Algemene Bestuur van die Driehoekige Ooreenkoms Windhoek 19 Mei 1958

Federale Kommissie van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika en die N.G. Kerk vir Suidwes-Afrika. Windhoek 16 September 1969.

N.G. Bastergemeente, Rehoboth.

1 Augustus 1970

31 Oktober 1970

30 Januarie 1971

25 April 1971

Ring van Suidwes-Afrika 1975.

Ringskommissie van die Ring van Suidwes-Afrika. Windhoek 1983. Walvisbaai.

Ring van Suidwes-Afrika. Walvisbaai 1983.

Ring van Suidwes-Afrika 1986. Tydens die Sinode van die N.G. Sendingkerk. Belhar 4.10.82.

Ring van Suidwes-Afrika Gobabis 1984.

Vierde Ring van Suidwes-Afrika 1984.

Tweede Ring van Suidwes-Afrika 1975 en 1976.

Ring van Suidwes-Afrika tydens die 23ste sinode van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Belhar 4.10.82.

Stigtingsnotule van die Gemeente Mariental 1961. Mariental.

Stigtingsnotule van die Gemeente Windhoek 1961. Windhoek.

## 2. ACTAS/HANDELINGE VAN VERSKEIE SINODES / RAAD VAN KERKE

Ned. Geref. Kerk in Suidwes-Afrika 1957.

Ned. Geref. Kerk in Suidwes-Afrika 1-5 Oktober 1969.

Raad van Kerke 1935 Bylae A p. 95.

Raad van Kerke 1941 p. 98.

Raad van Kerke 1947 p. 35.

Raad van Kerke 1949 p. 224.

Acta Synodi: N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Worcester. 1962.

Eerste Vergadering van die Sinode van die N.G. Kerk vir Suidwes-Afrika. Windhoek 1962.

N.G. Kerk vir Suidwes-Afrika. Windhoek 1963.

(Memorandum van 'n selfstandige kerk vir Nie-Blankes in Suidwes-Afrika.)

Sinode van die N.G. Kerk in Suidwes-Afrika. Windhoek 1966 (Verslag van die Onderhandelinge tussen die Moderatuur van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika en die N.G. Kerk vir Suidwes-Afrika).

Sinode van die N.G. Kerk vir Suidwes-Afrika. Windhoek 1966 en 1970.

Raad van N.G. Kerke 1947.

Eerste Vergadering van den Raad der Nederduitse Gereformeerde Kerke in Zuid-Afrika Maart 1907.

Raad van Kerke 1935.

Raad van Kerke 1939.

Raad van Kerke 1949.

Sinode Moederkerk 1880.

Sinode N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Wellington 1881.

Twee en twintigste Sinode van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Belhar. 1978.

Sinode N.G. Sendingkerk 1 Oktober 1990. Belhar.

## 3. VERSLAE

Viall J.D. Regeringsverslag: Geskiedenis van die Rehoboth Basters. Rehoboth 27.01.1959. Ongepubliseerd. Verslag aan die Eerste Minister van Suid-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika:
Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Nie-Blanke Onderwys in Suidwes-Afrika. Deel 1. Inboorling Onderwys Ongepubliseerd. Windhoek. 1958.

Strauss, P.D. Sendingsekretaris. Sendingblad Januarie 1976.
Verslag aan die S.S.K. S.S.K. Sakelys
Vergadering Sendingsekretaris van die N.G. Kerk in Suidwes-Afrika 1961.
Verslag: Tydelike Regskommissie. Acta Synodi. N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1962.
Verslag: Tydelike Kommissie vir Ekumene. 25ste Sinode van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. Belhar. 20 Septmeber - 4 Oktober 1990.

## 4. KERKORDES, BEPALINGS EN REGLEMENTE

Bepaling en Reglemente van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1970.
Kerkorde en Bepalinge van die N.G. Kerk in Suidwes-Afrika 1979.
Wette en Bepaling van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1950.

## 5. GESPREKKE

Die Studie is voorafgegaan met persoonlike gesprekke met van die oudste lidmate van die N.G. Sendingkerk woonagtig in die onderskeie gemeentes. Gesprekke is gevoer in groepe om sodoende die egtheid van die feite te kontroleer. Die gesprekke het gedurende 1992 plaasgevind.

In die geval van die gemeente Mariental is 'n persoonlike gesprek met Mnr. Barry, 'n gerespekteerde inwoner van Mariental gevoer. Hy was een van die lidmate wat van oortuiging was dat aansluiting by 'n bestaande N.G. Kerk in Suidwes-Afrika en nie by 'n kerk in Suid-Afrika, die aangewese weg vir lidmate sou wees.

## 6. TYDSKRIF ARTIKELS EN REFERAAT


Die Kerkbode, 28 Augustus 1940 Albertyn, P.K.: Die Finne, hul Kerk en hul Sending.

Die Kerkbode, 19 Maart 1941. Kies, C.F. Die Jongste vergadering van die A.S.K.

Die Kerkbode: Deel XXII, No. 12.

Die Ligdraer, Kerkblad van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika, 3 April 1989, 5 Mei 1997.

Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif. Kritzinger, J.J. Twee strome in die N.G. Kerk, Maart 1969.

Journal of Theology for Southern Africa, No. 70. Kinghorn, J. 1990. On the Theology of Church and Society in the D.R.C.

Tydskrif van Rasse-aangeleenthede. Scholtz, G.D. Die ontstaan en wese van die Suid-Afrikaanse Rassepatroon. 1958.

Durand, J. J. F. Referaat: Sendingkongres N.G. Kerk van Suid-Afrika. Kaapstad 1972.

Bylaag 2

3

# THE FEDERAL MISSION COUNCIL (FEDERALE SENDINGRAAD) OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

THE HISTORICAL development of the different churches and mission societies in South Africa, as discussed in chapter one, has highlighted different types of co-operation, ranging from efforts at church union to what could factually be called business-agreements regarding the work itself. The Federal Mission Council of the Dutch Reformed Church would, in point of fact, fit very well within the category of the above-mentioned forms of co-operation. However the Federal Mission Council (henceforth referred to as FMC) acted virtually as the ecumenical arm of the Dutch Reformed Church in the sphere of missions. The launching of the FMC was also partly responsible for the fact that the DR Synod of the Transvaal withdrew its membership of the CCSA; that the Cape Synod abandoned the idea of joining the CCSA and that the other DR Synods never even considered joining the Council. For this and for other reasons which will emerge during this exposition, it appeared justifiable to discuss the FMC in a separate chapter.

The Federal Council of the Dutch Reformed Synods (hereafter referred to as the Raad der Kerken) was the Council which was responsible for organising the FMC. The Raad der Kerken played an important role in the early 20th century history of the DRC and also, through the FMC, in regard to the mission work and the ecumenical development in South Africa.

The DR Synod of Natal, the smallest of the four DR Synods, gave the stimulus to the formation of a Federal Council. In April, 1903, the Natal Synod appointed a Commission, composed of the Synodical Committee as well as the minister of Greytown and an ex-deacon of Newcastle, to meet a Commission of the DR Synod of the Transvaal, in order to discuss the desirability and the practicability of closer co-operation between the two Synods.[1]

On May 13, 1903, the Transvaal Synod appointed a Commission of five to deliberate with the Natal Commission to bring about "'n vereniging tussen die Kerk van Natal en ons Kerk..."[2] The terms of reference given to the Commission were that it should try to work towards union between the two Synods. The Transvaal Synod subsequently sent a telegram to the DR Synod of the Orange

River Colony to ask that Synod to appoint a similar Commission. The Commission of the Transvaal Synod was thus given a further term of reference, viz. to communicate with the DR Synod of the Orange River Colony and subsequently with the Synod of the Cape Province as well.[3]

In October, 1903, the Cape Synod appointed their Commission, composed of the following members: the Revds. J.H. Hofmeyr (Moderator), A. Moorrees (Assessor), W.A. Joubert, C.A. Scholtz, D.S. Botha, F. Sypkens, Dr Andrew Murray and Professor C.F. Muller. The Commission of the Orange River Colony included the ministers of Winburg and Parys, as well as the Revds. C.D. Bam, G.W.B. van der Lingen, P.S. van Heerden, J.A. Joubert and J.C. Hefer.[4]

These four Commissions met at Colesberg on August 9 and 10, 1904, and decided to recommend to the four respective Synods that a Raad der Kerken be formed among them on the following lines:

> Each Synod should maintain its own structure, with judicial, legislative and administrative power.
>
> The interests of the four Synods would be promoted by a Federal Council which would become known afterwards as "Die Raad van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika".[5]
>
> The Council would be composed of 30 delegates: 14 from the Cape, 2 from Natal, 7 from the Orange River Colony and 7 from the Transvaal.
>
> The Council would deliberate on matters entrusted to it by one or more of the respective Synods or Synodical Commissions or raised by any of its members.
>
> The Council's decision would only be binding on any Synod after the respective Synod had approved the decision.[6]

During the year 1906 the decisions of the Colesberg Conference were accepted by the four DR Synods. Stipulated numbers of members were subsequently appointed to the Raad der Kerken.[7] These representatives met on March 5, 1907, in Pretoria to deliberate on ways and means of closer cooperation.[8]

The Raad der Kerken was the culmination of efforts towards unity which started when the DRC was forced to organise separate Synods in 1862. The Ordinance of 1846 had defined the borders of the DRC of the Cape, and according to the interpretation of the Ordinance by the High Court during the Ludolf case in 1862, the Cape Synod had no jurisdiction beyond the borders of the Cape Colony. The separated synods were, however, determined to seek unity. Immediately after 1862 unity within one synodical structure had, however, proved to be impossible, because (a) the synods fell under different governments and (b) because of the interpretation of the 1846 Ordinance by the Court during the hearing of the Ludolf case, which limited the Cape Synod to the geographical boundaries of the Cape Colony.[9]

By 1907 the situation had changed in various respects. The 1899-1902 war had united Afrikaans-speaking South Africans in the four provinces into one national unit. The leadership role of the church in guiding the developing nationalism was increasing. The national crisis caused by poverty and the threat of annihilation in the post-war period had made demands on the church which were fully accepted. P.J. Viljoen wrote that, "Die stigting van die Raad van die Ned. Geref. Kerke het ontstaan uit die verlamming wat gevolg het op die Anglo-Boere-oorlog. Die Afrikanerdom het gevoel dat hulle soos nooit tevore moet saamstaan om te red wat nog gered kon word. Dis die eer van die kerk dat hy die eerste liggaam was wat na landwerklike eenheid gesoek het."[10]

The church forged ahead and interpreted the desire for unity in the DRC which was the spiritual home of the great majority of Afrikaans-speaking South Africans, into a Council, the Raad der Kerken. The desire for a united racial and mission policy was probably one of the most urgent motives in forming a closer denominational link between the DRC synods.

The Raad der Kerken met regularly and set to work in co-ordinating the policies and work of the federated synods. Its work bore fruit in the organising of several Federal Committees through which the co-ordination of the work in various fields took place, viz. the Federal Sunday School Commission, the Federal Poor Relief Commission, the Federal Commission for Public Morality, the Federal Youth Council, the Curatorium of various Training Centres, the Commission for Examiners, the Commission for Publications and the Federal Mission Council. The Raad der Kerken is of particular importance for our purpose, because it:

- initiated the Federal Mission Council,
- formulated the Church's Mission Policy,
- formulated the Church's Racial Policy,
- guided the respective Synods in ecumenical matters and
- engineered the unity of the DR Synods which was achieved in 1962 when the Raad der Kerken (1907-1962) was dissolved.[11]

In 1923 the Raad der Kerken, at its meeting in Parys (Orange Free State), resolved to appoint a commission to call together an inter-racial conference of all the Protestant churches in South Africa, as well as leaders in the service of the state. The purpose of the conference was primarily to increase their knowledge and appreciation of one another and to work towards a better relationship among the various racial groups in the country. The Conference was held in September, 1923. Eleven churches and mission societies were represented by 63 persons.[12] When, in 1925, the Raad der Kerken again discussed this successful conference, the decision was taken to appoint a standing committee for native affairs (Kommissie over Naturelle Zaken). The initial members of the commission were: the Revds. H.J. Louw, A.F. Louw, P.G.J. Meiring, D.S. Botha,

On September 29, 1926, the Native Commission of the Raad der Kerken organised a conference in Bloemfontein at which representatives of the Anglican, Presbyterian and Wesleyan Churches met with the DRC in consultation, so as to come to a better understanding of one another's approach to the "Naturelle Kwessie".[14]

The incentive for this important consultation came from a letter written by the Bishop of Bloemfontein to the Rev. A.F. Louw in June, 1926, inviting the Federal Council to initiate such a conference. The conference was conducted behind closed doors in a spirit of fraternal fellowship.[15] The evaluation of this conference as given by the Federal Council read that the conference was marked, "door 'n geest van eensgezindheid en met 'n aanmerkelike mate van eenstemmigheid werden de verschillende besluiten aangenomen. De proefneming om de leiders van de Kerken bijeen te brengen in 'n broederlike konferentie is zeer suksesvol geweest, en er werd sterk gevoeld dat de deur die geopend werd door de opmerkelike vergadering niet zou worden toegelaten om weer dicht gedaan te worden."[16]

At the beginning of the Conference three statements were made:

> That is is God's purpose to unite all nations in Christ;
>
> That it is our duty to extend the Kingdom of Christ in Africa;
>
> That no solution to the Native problem can create an expectation of permanency, unless it be based on Christian principles.

The Conference subsequently took the following decisions, based on the general principle of co-operation between white and black for the prosperity of the fatherland:

> It was contrary to Christian principles to limit the progress of the nations.
>
> It was not necessarily contrary to Christian principles to seek the progress of the native people separately from the whites.
>
> It is the duty of Christians to keep a watchful eye with regard to discriminations, however, so as to make sure that all sections of society receive equal treatment.[17]

The Anglican, Presbyterian, Methodist, Baptist, Congregational and Dutch Reformed Churches were represented at the conference. The concepts of the "landswet" and the "Unie-Naturelle Raad" were discussed, and also the economic situation of Africans, but the Native Vote was not discussed, so that the harmony which had marked the meeting would not be marred.[18] At this point one of the major aspects of disagreement between the majority of the adherents of the DRC and those of the other churches becomes apparent. And equally important is the fact revealed by these early 20th century conferences, that the DRC was actively conscious of the need for direct communication between Christians belonging to the different races. It is striking a...

encouraging to note to what extent the DRC, through her commissions, exerted herself to establish such contacts as regards denominations and races. But the tensions which then existed between adherents of the different concepts of racial policy, prevented the churches from coming to a deeper understanding as regards church, state and race. During the third decade of the twentieth century there was a desire for communication among the churches in South Africa. But already the tensions were mounting.

The Native Commission did not achieve much between 1924 and 1931, but before the 1935 meeting of the Raad der Kerken, the DRC participated in two meetings—one held with the Coloured People (and organised jointly by the Cape Coloured and European Council and the South African Institute of Race Relations), and one held with Africans. Several DRC representatives participated actively in the discussions, although there was a little ill-feeling in a few minds because the DRC had been bypassed in the organising of the conference.[19]

On May 23, 1934, the Native Commission, together with representatives of the Raad der Kerken, the DR Mission Church (Coloured) and the Stofberg Gedenkskool, met in consulation. This meeting was unanimously convinced that a Mission Policy of the Federated Churches had to be worked out before a conference could be held with the coloured and black people. A sub-commission was asked to pay attention to this task—the Revds. G.C. Olivier and J. Reyneke (Tvl.), the Revds. J.M.N. Breedt and A.F. Louw (Cape), and the Rev. G. Thom (Natal). A draft mission policy was laid before the Raad der Kerken. The Native Commission at this stage included the following members: J. Rabie, J.M.N. Breedt, G.L. van Heerde, J.G. Strydom, J. Reyneke.[20] This policy, after it had been approved by the different Synods,[21] became the accepted policy of the Dutch Reformed Churches in missionary matters.

When the Federal Council met in Bloemfontein in March 1939, it was decided to advise the respective churches to appoint a Federal Mission Council according to the pattern of the Federal Council for poor relief. This Council could subsequently advise the churches on mission policy, etc., and this would then make the Native Commission of the Federal Council superfluous. Each Synod would finance its own delegation.[23]

In March, 1941, the Native Commission was able to report to the Raad der Kerken in session at Pretoria that all four synods had agreed to the establishment of a Federal Mission Council. The Native Commission advised that the following should serve on the Federal Mission Council: the four mission secretaries, one representative of each white DR Church and one representative of each daughter DR Synod. This added up to a total of eleven.[24] Gerdener relates that the FMC was formed with fourteen members: six from the Cape Church (including one from the Coloured Church), three each from the Transvaal and OFS churches and two from Natal. In every case the younger black churches were also represented. Thus nine Dutch Reformed Synods were

## *The Federal Mission Council*

On May 6, 1942, the Federal Mission Council was constituted. According to the minutes of the FMC the aims in founding this Council were as follows:

to study the results, application and intention of the mission policy;

for joint planning of mission strategy;

for joint action on various mission levels;

to organise mission conferences on a Union-wide basis and on a Regional basis.[26]

The Federal Mission Council now took the place of the Native Commission of the Raad der Kerken.

This Constitution was accepted at the first meeting of the Council, held in Bloemfontein on April 18, 1942.

*Membership of the Council:* The Council would be composed of 14 members; six from the Cape, three from the Transvaal, three from the Free State and two from Natal. Each church would appoint her own representatives, but would request the mission church to delegate one representative.

The purpose of the Council was to put the declared DRC mission policy into practice and to advance co-operation and unity of policy in the mission work within the Union.

It would act in a consultative and advisory capacity and would not act in the area of the mission bodies of the Church itself.

The Council would deal with matters committed to the Council by the Federal Council of DR Churches, any Synod, Synodical Commission, or Synodical Mission Commission of the constituent Churches, and any point arising from reports or agenda of members of the FMC.

The Council would be primarily concerned with mission aspects covering the whole Union, e.g. language and literature, Bantu education and law, health services, youth organisations, heathen customs in the Christian church, as well as all racial, social and economic problems, and it would from time to time organise conferences, with due inclusion of African and Coloured Christians.

A general annual report would be made to the respective Mission Commissions, which would in turn report to their synods; an Executive Committee would be appointed annually to take up any urgent matters. The Committee would be composed of the chairman and secretary, and one member for each province not represented by these persons. Other organisational matters were also decided.[28] One of the important achievements of the Native Commission had been the preparation of a DRC Mission Policy which was laid before the Raad der Kerken at its meeting in 1935. This policy was eventually approved by the different Synods and thus became the fixed policy of the church in missionary matters. The work of the FMC was subsequently to be an attempt to implement this policy, and it is of importance to note the following points relevant to our discussion.

The DRC based the motivation of her mission work on the command of Christ to his disciples. Evangelisation through the proclamation of the Word was basic to the mission task. The Constitution of the FMC laid down, however, that the Council would not act in the area of the mission bodies of the various synods, but would act in a consultative and advisory capacity.[29] The work of the FMC was thus not directly connected with the evangelising task, but rather, (as was also noted with the Christian Council of South Africa) with the other aspects of mission work as defined in the comprehensive approach at Jerusalem and Tamboram. These are called "lawful and proved accessory means of opening the hearts of the heathen to the Gospel."[30] These were identified as related to education, medical work, agriculture and industry, literary activities and such like.[31] The Constitution of the FMC thus makes provision for those activities with which the Union as a whole was concerned.[32]

The mission policy identified the work of evangelisation as the converting of individuals, who are to be gathered in congregations and eventually organised into churches which must develop towards independence so as to become self-supporting, self-governing and self-expanding.[33]

There is a remarkable degree of similarity between the DRC mission policy and the mission activities of the member churches of the CCSA and of the Council itself. Although evangelisation was a basic aim in the Constitution of the CCSA, in practice little was done directly about this aspect of its task. Both the CCSA and the FMC devoted more time and imagination to the educational, medical and literary aspects, because related problems were usually of a more comprehensive type. On these points whole-hearted co-operation between the CCSA and the FMC, or the inclusion in one body, would have been of great value to both parties.

The Mission Policy of the DRC defined the church's attitude towards other churches by saying that:

> there should be hearty co-operation and unity of action between the Federated churches;
>
> hearty co-operation but without the waiving of principles as regards acknowledged Protestant churches and denominations;
>
> the church should act in the spirit of Christ as regards unrecognized Protestant and other bodies.[34]

The divisions between the concepts of the CCSA and the FMC fall under the category 'social' in the DRC's mission policy and in the definition of the church's attitude towards other churches. Genuine co-operation must be "without the waiving of principles", and history shows that some of these principles and "accepted beliefs, which are in vogue in the DRC", were related to accepted racial views within that denomination.[35]

# VERSLAG AAN DIE SSK OOR DIE GESPREK N.G. KERK/VELKSWA WAARBY DIE SSK OOK BETROKKE IS

Hierdie verslag aan u word gelewer na aanleiding van u besluit (par. 6.2) tydens die vergadering van die SSK, Junie 1974.

Aangesien dit die eerste verslag van sy soort aan die SSK is, het ek dit goedgedink om nie alleen verslag te doen aangaande die gesprek tussen die Nederduits Gereformeerde Kerk/VELKSWA gedurende 1974 nie, maar om u ook 'n kort oorsig te gee van faktore wat gelei het tot die huidige gesprek; die algemene verloop daarvan en samevattende indrukke.

1. TYDPERK VOOR 1969:

Tussen die "Boere" en die Sendelinge van veral die ou Rynse Sendinggenootskap het daar sedert die vroegste dae 'n gees van wedersydse respek en samewerking geheers. (Sien Nieuwoudt M.M.: Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.W.A.) Hierdie gevoel van geloofs- en geesgenote te wees, het op die oog af sy hoogtepunt bereik gedurende die jare tydens en kort na die tweede wêreld-oorlog en het dan ook uitdrukking gevind in die sogenaamde "Gibeon-ooreenkoms" (1942) en die Driehoek-Ooreenkoms (1947).

1.1. "Gibeon-Ooreenkoms":

In 1942 aanvaar die Ring van Gibeon, wat toe nog al die gemeentes van die N.G. Kerk in S.W.A. ingesluit het, 'n voorstel ten opsigte van die bearbeiding van die Nie-Blankes in S.W.A. Hiervolgens sou die Herero's, Damara's, Nama's en Rehoboth-basters, die bearbeidingsverantwoordelikheid van die Rynse Sendinggenootskap geword het. Die Owambo (en seker ook die Kavango?) word die verantwoordelikheid van die Finse, Rynse en Anglikaanse Sendinggenootskappe. Die N.G. Kerk sou verantwoordelikheid vir Kaapse Kleurlinge aanvaar, mits hulle tot die N.G. Kerk behoort. Wat Plaaslike Sending betref, het die Ring besluit : "Die Ring van Gibeon is van mening dat die Sendingwerk binne die grense van sy ou gemeente betref, daar nie meer ruimte is vir ons N.G. Kerk om sendingwerk nog naas die uitgebreide sendingwerk van die Rynse Sending in S.W.A. te doen nie ............"

Hierdie/.......

Hierdie besluite van die Ring van Gibeon het nooit op 'n formele ooreenkoms met die Rynse en Finse Sendinggenootskappe uitgeloop nie. Tog is van N.G. Kerk-kant deur die jare geglo dat daar wêl 'n formele ooreenkoms bestaan wat die land in arbeids-stroke verdeel het. So sterk is oor die terme van die gewaande Gibeon-ooreenkoms gevoel dat alle plaaslike sendingwerk te Otjiwarongo bv. tot nog so onlangs a. April 1969 vanuit die Sendingkantoor van die N.G. Kerk "verbied" is, omdat "Gibeon dit nie toelaat nie."

Onder druk van 'n groep jonger predikante, doen ds. A.J. Etsebeth tydens die SSK-vergadering van Junie 1969 navraag oor die "Gibeon-ooreenkoms", omdat geen lid van die SSK. dit nog ooit onder oë gehad het nie. Na 'n soektog en verdere navrae, antwoord pastor H.K. Diehl, destyds preses van ELK, dat daar nog nooit so 'n ooreenkoms bestaan het nie, maar dat daar gedurende die veertiger-jare dikwels in ekumeniese gesprekke gesê is dat dit goed sou wees as daar wel 'n duidelike gebiedsafbakening kon plaasvind.

1.2 <u>Driehoek-Ooreenkoms:</u>

Dit moet beklemtoon word dat die Driehoek-ooreenkoms tussen die N.G. Kerk/Rynse en Finse Sendinge, slegs gegaan het om die bearbeiding van die "kontrak-Owambo's en nie om Plaaslike Sending as sodanig nie. Teen 1969 was daar 17 Evangeliste en 1 Leraar in die Sentrale gebiede werksaam in terme van die Driehoek-ooreenkoms.

Ekumeniese gesprekke en samewerking tussen die jare 1947 en 1969 het dan ook hoofsaaklik gegaan om die implimentering van hierdie Ooreenkoms. Verskeie Pastore van veral ELOK beweer vandag dat die Driehoek-Ooreenkoms slegs die begin was en as basis moes dien vir verdere en wyere ekumeniese samewerking tussen die N.G. Kerk en die huidige VELKSWA. Nêrens vind ons egter getuienis daarvan in die bestaande geskrewe stukke nie, hoewel ons moet toegee dat die Ooreenkoms vir die N.G. Kerk, en so seker ook vir die latere ELK en ELOK veel groter betekenis gehad het as die blote terme in Ooreenkoms geskryf. In 'n sekere sin sou ook gesê kon word dat

die Ooreenkoms in meer as een opsig as katalisator gedien het waardeur vele verskille en misverstande bespreek kon word, aangesien dit die enigste amptelike kontak tussen die betrokke kerke was.

2. VERBREKING VAN DRIEHOEK-OOREENKOMS:

Die Sinode van die N.G. Kerk van SWA. (Oktober 1969) het sonder enige voorafraadpleging of kennisgewing aan ELK of ELOK, besluit:

1. Die N.E. Sinode besluit in beginsel dat die Driehoek-ooreenkoms beëindig word in die lig van sy eie Sendingaksie.
2. Aangesien daar egt gemeentes is wat op vrywillige basis aan die driehoekooreenkoms deelneem, hulle tydelik daarmee mag voortgaan. Dit word aan die SSK opgedra om die beginsel-besluit in die reses te finaliseer.
3. Kerkrade word gewys op Art.53 van die Kerkorde wat lui: "Sendingwerk is in die eerste plek die roeping van elke lidmaat van die gemeente en van die plaaslike kerkraad." Vergelyk verder Bep. 88.1, nl: "Elke plaaslike kerkraad is daartoe geroep om binne sy eie grense mee te doen aan die verkondiging van die evangelie aan die heidene."
4. Aangesien dit die bepaling van die Kerkorde is, o.g.v. Gods Woord is en omdat die Sinode kennisgeneem het dat daar geen ooreenkoms hoegenaamd bestaan wat ons verhinder om plaaslike sendingwerk te doen nie, versoek die Sinode kerkrade en lidmate baie dringend om nou kragdadiglik hierdie roeping te vervul deur die opdrag van die Here uit te voer." (Acta. p.758)

Hierdie besluit van die Sinode was 'n waterskeiding in die ekumeniese betrekkinge tussen die N.G. Kerk en VELKSWA. Die vraag kan met reg gevra word wat aanleiding tot so 'n drastiese stap deur die Sinode kon gegee het? Kritzinger sê:

" Van voor die tweede wêreldoorlog af was daar egter reeds twee strome in die N.G. Kerk te bespeur wat getipeer kan word as (i) die ekumeniese en (ii) die selfstandige rigting. Die twee gedagterigtings het ook beurtelings die botoon gevoer ........ Hierdie twee lyne kan gemaklik tot in die jongste geskiedenis deurgetrek word en lê ten grondslag van die inkonsekwensies in hierdie geskiedenis."

So 'n stelling is myns insiens darem 'n bietjie te simplisties en oppervlakkig. Wie met hierdie formule die ekumeniese en sendinggeskiedenis van die N.G. Kerk in SWA. wil benader, sal noodwendig op allerhande sogenaamde "inkonsekwensies", wat hy net nie sal kan verklaar nie, afkom.

Indringend kan die saak nie hier behandel word nie, maar die volgende faktore het tog 'n belangrike rol gespeel in die voorbereiding van die klimaat waarin die besluit van die 1969-Sinode gestalte gekry het.

2.1. Agterdog teenoor ELK en ELOK:

Die vraag kan met reg gevra word hoe diepgaande die ekumeniese stroom tussen die N.G. Kerk en die Rynse - Sendinggenootskappe werklik was. Ten spyte van 'n mooi front na buite, wil dit dikwels voorkom asof dit vanaf die begin ook 'n sterk pragmatiese inslag gehad het. Wanneer die hulp van die "Duitse Sendelinge" aan die "Boere" bespreek word, moet die gesamentlike stryd van die Sendelinge en Boere teen die destyds Duitse bewindhebbers nie uit die oog verloor word nie. Ook wanneer gepraat word van die bloeityd van die ekumene in SWA gedurende en na die tweede wêreldoorlog, mag die finansiële verknorsing van die voorheen genoemde Genootskappe, asook die politieke stryd van die dag nie uit die oog verloor word nie. Opmerklik is dan ook dat die ekumeniese entoesiasme van die Genootskappe begin verflou het toe hul finansiële krisis verlig is en dat dieselfde Ring van Gibeon wat in 1942 sulke mooi "ekumeniese besluite" kon neem, op 16 September 1946, toe van die langverwagte oornames van die Rynse en Finse Sendingwerk niks gekom het nie, besluit dat SWA " .......... so spoedig moontlik sy eie algemeen georganiseerde sendingwerk sal begin ........."

Tog sal niemand wil ontken dat daar ook vele elemente van opregte ekumene in die samewerking geskuil het nie, veral van die kant van individue. Algemeen gesproke was daar dus 'n mooi gees van onderlinge respek en vertroue tussen die N.G. Kerk en die ou Sendinggenootskappe. Nou is dit egter belangrik om te besef dat die kerke wat as vrug van die Genootskapsending totstand gekom het, nl. ELK (1957) en ELOK (1961), [illegible] dieselfde affiniteite van

die ou Genootskappe teenoor die N.G. Kerk, gehad het nie. Aanvanklik was die verskil in siening skaars sigbaar, maar hoemeer die "ou sendelinge" plek gemaak het vir die jongeres, asook vir inheemse leiers, hoe vinniger en groter het die afstand tussen hierdie kerke en die N.G. Kerk geword. Veral die feit dat die jong selfstandige kerke afsonderlike kerkvorming of "stamkerke" van die ou Genootskappe verwerp het ten gunste van 'n "eenheidskerk", wat met al groter wordende ywer nagestreef is, het die verwydering gestimuleer. In die plek van die vroeëre "vertroue" het daar nou alhoemeer 'n gevoel van wantroue tussen ELK/ELOK en die N.G. Kerk begin posvat.

"Laat ons eerlik wees oor die "vertroue" in die verlede. Dit is geen geheim onder ons geledere van die Lutherse Kerke dat baie van ons oud-sendelinge die beleid van "Apartheid" ondersteun en goedgepraat het nie. Dit lyk asof ons vertroue sal hê as ons eens is oor die beleid van "Apartheid" (Uiteensetting van Standpunt van VELKSWA met betrekking tot samewerking met die N.G. Kerk - p. 2 Pastor Maasdorp).

Interessant in verband met die ekumeniese klemverskuiwing van die sestigerjare is 'n opmerking van die destydse Sendingsekretaris. Hy was op daardie stadium voorsitter van die Algemene Bestuur van die Driehoek-Ooreenkoms en het die"pad van die ekumene" van voor die tweede wêreldoorlog in SWA deurloop. In 'n skrywe aan Dr. B.J. Odendaal sê hy: "Ek is bang vir Pastor Arvo Eirola ..... bang en versigtig: hy is een van die nuweres uit Finland en wil blykbaar hê dat die swart broertjies tog in alle moontlike voorregte saam met die blankes moet deel ...... en dan wil hy hê die N.G. Kerk moet daarvoor opdok. So het ek dit ook by die Driehoek-Ooreenkoms gevind. Ek kon my nog nie vir die "new look" laat vind ......."

Oor die meriete van die "new look" laat ek my nie uit nie, maar dat daar gedurende die sestigerjare 'n totale nuwe ekumeniese situasie ontwikkel het, kan nie ontken word nie. Wie hierdie feite miskyk sal die besluite van die

2.2. Die Rol van die "Jonger Pastore":

Die optrede van die sogenaamde "jong ingevoerde pastore" het 'n baie belangrike rol in ekumeniese verhoudinge gedurende die sestigerjare gespeel, en kan nie slegs met 'n voetnota af...maak word nie. Veral die optrede van persone soos pastore Heinrich Johannes (Otjiwarongo), Klaus Eicholt (Outjo), Althaus (Windhoek) en andere se uitsprake en optredes het hulle die gramskap van nie alleen baie lidmate en predikante van die N.G. Kerk op die hals gehaal nie, maar ook die van die DELK.(Deutsche Evangelische Lutherse Kirche). Veral toe verskeie van hierdie Sendelinge die N.G. Kerk openlik aanval as "Regeringskerk, Boere-kerk en Kerk van die Onderdrukkers" het hulle die Driehoek-Ooreenkoms in gevaar gestel.

Sommige van hierdie pastore het ook geen geheim daarvan gemaak dat hulle ...patie by die "vryheids-vegters" op die grense lê nie. Hulle is voorgestel as "ware Christene" bereid om woorde en dogma in dade om te sit en met lewensgevaar te stry teen die "onwettige regimé met al sy onderdrukkende, onmenswaardige, diskrimminerende, verdelende wetgewing en beleidsrigtings." In talle gesprekke en vergaderings is die verduidelikings van die N.G. Kerk eenvoudig geïgnoreer of voorgestel as "tipiese argumente van die Kerk van die Heersersklas."

Dit kan nie ontken word dat die politiek van die dag gedurende die jaresestig - met sy "windevan verandering"; Wêreldhof-sake; V.V.O. optredes; versnelde Tuisland-ontwikkeling, ensovoorts - die optredes van die onderskeie kerke beïnvloed het nie. Voeg nog hierby die optrede van die jonger sendelinge van VELKSWA (asook enkeles in die DELK) en dit is te begrype dat die ekumeniese bande met die N.G. Kerk besig was om tot die uiterste toe gespan te word.

2.3. Drang tot Plaaslike Sending:

Ten spyte van al die ekumeniese samewerking en hulpverlening, vind ons die aandrang tot 'n "eie selfstandige sendingaksie" deur die N.G. Kerk vanaf 1946 en sedert 1952 kry dit almeer momentum. Die aanvang van sendingwerk in Kaokoland en kort daarna die totstandkoming van 'n eie

van die lidmate in SWA gestimuleer. Toe daar ook nog met sendingwerk in die Boesmangebied en die Kavango begin is, het die vrae oor Plaaslike Sending vanselfsprekend al hoe dringender en harder geklink en met nuwe oë is na die bindinge van die Driehoek-Ooreenkoms, soos deur die Kerk in die breë geinterpreteer en belewe, gekyk.

Die gevoele het dan ook al sterker geword dat die N.G. Kerk slegs hulp verleen - en dit nog aan kerke wat intussen ver van die ou Send[illegible]enootskappe "afgedwaal" het - maar sendingwerk in die ware sin van die woord, word nog nie op plaaslike sendingvlak gedoen nie. Die lidmaat wou meer doen as net "geld-te-gee," hulle wou self ook getuig. Hierdie gevoel was nie net gerig teen die Driehoek-Ooreenkoms nie, maar ook teen die SSK. met hulle sogenaamde "Kommissie-sending", waarin die kerk dan 'n buitestaander sou geword het, behalwe vir soverre hulle nog hulle finansiële bydraes moes gee.

Die druk vir Plaaslike Sending het veral gedurende die Sinode van 1961 reeds sterk na vore getree, en hoewel die Sinode nog die "ter[illegible]e" van ander Protestatse Kerke erken het, was dit reeds duidelik dat dit 'n kwessie van tyd was voordat die N.G. Kerk oor die hele land-heen tot sendingwerk sou toetree. Hoewel finansies steeds 'n dempende invloed was, was die al groter wordende finansiële ondersteuning van buite SWA 'n aansporing en verder was die gevoele dat die gelde wat tans in ieder geval vir die ondersteuning van 17 evangeliste en 1 leraar onder die Driehoek-Ooreenkoms gegee is, net sowel in 'n eie aksie gebruik kon word.

Toe daar nou ook nog ontdek word dat daar nog nooit soiets as 'n Gibeon-Ooreenk[illegible] bestaan het nie, het baie predikante en lidmate diep ongelukkig gevoel oor "al die verlore jare." Talle vergaderings is gehou en drukke gesprekke is gevoer en toe die Sinode vier maande later plaasvind, was die atmosfeer reeds geskep vir 'n dinamiese "eiesending-poging" veral op Plaaslike Sendingterrein. (Ons vind dan ook die skadu van die ou sogenaamde "Gibeon-Ooreenkoms" in die vierde paragraaf van die Sinodale

2.4. 'n Logiese uiteinde:

Teen die agtergrond tot hiertoe geskets, is dit dus duidelik dat hier baie meer op die spel was as slegs 'n "Ekumeniese Rigting" versus "Selfstandige Rigting". Hier is ook moeilik sprake van "inkonsekwensie". Die besluit van die Sinode van 1969 sou veel eer gesien kan word as die kulminering van die kerklike-; politieke- en ekumeniese-strominge van die voorafgaande dekade. Só gesien was die besluit dus geen verrassing nie, hoewel dit uiters jammer bly dat dit op so 'n eensydige wyse geneem was.

3. TYDPERK NÁ 1969:

Die SSK het die moeilike taak gehad om die Driehoek-Ooreenkoms op so 'n wyse te beëindig dat die broederlike gesindheid wat daar nog mag wees nie verdere skade berokken word nie. Deur korrespondensie en persoonlike samesprekke-heen is die besluit van die Sinode oorgedra en op 30 April 1970 antwoord Biskop L. Auala namens ELOK en preses H.K. Diehl namens ELK:

"Ons verstaan die houding van die Sinode soos dit in paragraaf 3 van die Memorandum verduidelik word, goed nl. dat elke Kerk die opdrag het om die Evangelie van Jesus Christus op die mees effektiewe wyse te verkondig ....... binne die grense van die land (is) nog baie heidene aan wie ons nog die blye boodskap skuldig is.

Dus verstaan ons ook dat u Kerk bemoeid moet wees om die fondse wat deur u gemeentes versamel word, in die eerste instansie gebruik moet word om die sendingwerk wat deur die N.G. Kerk in SWA beplan is, te bevorder."

'n Mens sou wens dat hierdie pragtige broederlike woorde en skrywe die slotparagraaf van die Driehoek-Ooreenkoms-era kon gewees het. Ongelukkig was die afloop van die saak nie so eenvoudig nie. Sonder om in besonderhede te gaan, word die reaksie/ervaringe, soos veral in die kerkblaaie van VELKSWA weerspieël, nou kursories saamgevat:

VELKSWA het seergevoel oor die eensydige wyse waarop 'n jarelange ooreenkoms opgehef is; die motiewe van die N.G. Kerk se sendingwerk is bevraagteken en die N.G. Kerk is verder beskuldig as 'n front-organisasie van die "apartheids-regering" wat gebruik word om die vakuum te vul wat sal ontstaan met die deportering van

buitelandse/........

buitelandse sendelinge.

"Vir twee Lutherse Kerke was herhaaldelik, in gesprekke met die N.G. Kerk, voorgehou dat die N.G. Kerk 'n eie sendingaksie wil loots en derhalwe afstand gedoen het van die Driehoek-ooreenkoms. Waar ons Kerk voor die vraag te staan gekom het of ons hierdie siening van die N.G. Kerk verstaan, ........ kan ek maar net sê dat dit nog meer skokkend en teleurstellend was as die verbreking van die Driehoek-Ooreenkoms". (Pastor Maasdorp: Uiteensetting van die standpunt van V.. KSWA met betrekking tot samewerking met die N.G. Kerk)

Toe dit kort daarna (1970) bekend word dat die N.G. Kerk sy eie evangeliste en moontlik ook leraars gaan oplei, en dat talle kandidate wat aansoek gedoen het lidmate van ELK en ELOK is, het die gemoedere hoog geloop. Dieselfde jaar verskyn nog die sogenaamde "Ope-Brief" deur ELK en ELOK aan die Eerste Minister; die Owambo-staking volg teen die einde van dieselfde jaar met al sy kerklike betrokkenheid en emosionele reaksies. Vroeg die volgende jaar laai ook die VELKSWA/DELK stryd op, en word sendingwerk in Owambo deur die N.G. Kerk 'n vo...onge feit. Dwarsdeur dit alles heen moes die een kerklike na die ander SWA verlaat en VELKSWA voel hom van alle kante bedreig.

Al hierdie gebeurtenisse en nog vele ander, het diep spore in die kerklike verhoudinge getrap en hierdie tyd sal seker in SWA aangemerk staan as 'n laagtepunt in die ekumene - ten minste sover dit die N.G. Kerk en VELKSWA aangaan.

HERNUDE PDGINGS TOT KONTAK:

4.1. Samesprekinge begin:

Op 16 Augustus 1972 aanvaar u Sekretaris die huidige betrekking. Ongeveer 'n maand later word daarin geslaag om samesprekinge met Biskop Auala en Preses H.K. Diehl in die Sendingkantoor te belê. Die samespreking het hoofsaaklik gegaan oor die beëindiging van die Driehoek-Ooreenkoms; die doel van die opleiding van geestelike werkkragte deur die N.G. Kerk; respek vir kerklidmaatskap en moontlike sendingwerk in Owambo.

Op/..........

Op 23 November 1972 word weereens samesprekinge gevoer en by dié geleentheid was die destydse Scriba Synodi, ds. P.C. van Rooyen en ds. G.J.P. Kriel (Voorsitter van die SSK) teenwoordig. Van die kant van ELK en ELOK was ook ander broeders saam met die Biskop en Preses teenwoordig. Die samesprekinge het in die kantore van VELKSWA plaasgevind.

Al die verwyte en beskuldigings teen die N.G. Kerk oor die Driehoek-Ooreenkoms; kerklidmaatskap en sendingmotiewe was weereens teenwoordig. Oor sendingwerk in Owambo het die Biskop gesê:

> "Owambo is 'n baie groot land en daar is baie mense. Ongeveer die helfte van die bevolking behoort aan ELOK. Daar is egter nog baie werk in Owambo en ek het nie die reg om te sê dat die N.G. Kerk nie ook daar mag sendingwerk doen nie. Daar is reeds verskeie ander kerke. Dit staan die N.G. Kerk vry om te begin, solank as hulle net sendingwerk doen en nie sektewerk nie" - bedoelende om die heidene te bearbei en nie oor te gaan tot proselietemakery nie. (Volledige verslag oor die oorsprong van die Sending in Owambo vind u in my verslag aan die Sendingbeplanningsvergadering 1 en 2 Maart 1973).

Die belangrikste uitvloeisel van die vergadering was miskien die formele besluit van die gespreksgenote dat die N.G. Kerk, ELK en ELOK, asook die Dogterkerk wat nog as gevolg van die sendingwerk van die N.G. Kerk totstand sal kom, gereeld met mekaar in gesprek sal tree en elk van die kerke sal 3 verteenwoordigers in die gesprek hê; die gespreksgenote sal die vergaderings in persoonlike hoedanigheid bywoon en nie as amptelike kerklike verteenwoordigers nie; jaarliks sal 'n Voorsitter en Sekretaris aangewys word en aan hulle word volmag gegee om wanneer nodig, vergaderings byeen te roep. U Sekretaris is tot eerste Voorsitter van die vergadering benoem met Preses dr. L. de Vries van ELK, wat intussen hierdie amp by Pastor Diehl oorgeneem het, as eerste Sekretaris.

4.2 <u>Vergadering 28 Februarie 1973</u>:

Hierdie vergadering word met spesiale toestemming,

van die N.G. Kerk bygewoon. Die N.G. Kerk verteenwoordiging sluit o.a. Prof. C.W.H. Boshoff, Dr. Kosie Gericke, Dr. J.J. Kritzinger en Ds. D.S. Snyman, in.

Die doel van die vergadering was om as voorloper te dien vir die Sendingbeplanningsvergadering van die N.G. Kerk wat die daaropvolgende dae gehou sou word en om te bepaal tot watter mate samewerking tussen die N.G. Kerk en VELKSWA moontlik is ten spyte van verskille, veral ten opsigte van sendingwerk in Owambo, Plaaslike Sending en die inskakeling van die N.G. Kerk by die reeds bestaande aksies van VELKSWA.

As basis van bespreking is 'n stuk vooraf aan die aanwesiges uitgestuur nl. "Raakpunte tussen VELKSWA en die N.G. Kerk".

Die gesprek wou egter nie vlot nie en het hoofsaaklik bestaan uit 'n konfrontasie tussen Dr. Gericke en Pastor Maasdorp oor die "politieke-konsekwensies" van die Evangelie. Miskien is die volgende opmerking van Pastor Maasdorp van belang:

> "Ons is van mening dat die N.G. Kerk met sy samewerkingspraatjies te maklik oor die diepgaande kerkregtelike-teologiese-politieke en ander verskille wat daar tussen u en ons bestaan, heenstap."

Verder het Pastor Maasdorp die amptelike antwoord van VELKSWA oor samewerking met die N.G. Kerk, in geskrewe vorm uitgereik. Hierin word dan tot die volgende slotsom gekom:

> "Die VELKSWA-kerke stel belang in ekumeniese samewerking waar gesê word om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig aan almal ongeag kleur, ras, volk, kultuur en taal, om hulle vir Christus te win. Die VELKSWA-kerke stel belang in ekumeniese samewerking waar gesoek word om die Evangelie van Jesus Christus te aktualiseer as 'n getuienis teen onreg, verdrukking en die ontsê van die Godgegewe menswaardigheid aan alle mense, en om 'n getuie te wees van die waarheid, vrede en liefde waar een die ander aanvaar so asof Jesus Christus in elke medemens aanvaar word."

4.3 Vergadering 8 Junie 1974:

Die Tema van die samekoms was: "Die getuienis van die Kerk van Jesus Christus in hierdie wêreld. 'n Referaat is deur ds. P.C. van Rooyen gelewer oor die "Horisontale Roeping van die Kerk," terwyl dr. de Vries "Die Vertikale Dimensie van die Kerk", behandel het.

Spoedig het die besprekings maar weereens gegaan om die N.G. Kerk se sendingmotiewe; die opheffing van die Driehoek-Ooreenkoms; Staat/Kerk-verhouding, die aktualisering van die Evangelie - "die Evangelie in praktyk word te maklik deur die Witman as politiek gesien" - asook Kerklidmaatskap.

Die tema van die volgende vergadering sal wees: Die Teologiese gronde v die indeling in etniese groepe binne die N.G. Kerke (Moeder- Dogterkerke-verhouding) en die aksentuering van VELKSWA van die eenheid binne één Kerk. (Die datum van die volgende vergadering is nog nie belê nie, maar indien dit voor die vergadering van die SSK val, sal aan u mondelings verslag gedoen word.)

4.4 Eenrigting-inisiatief:

Dit is opvallend dat die inisiatief vir elke samespreking en vergadering tussen die N.G. Kerk in SWA/VELKSWA sedert 1972 geheel-en-al uitgegaan het van die kant van die N.G. K[illegible] en by name, u Sekretaris. Elke keer was die reaksie tot saamkom baie bemoedigend, hoewel mens tog soms die gevoel kry asof VELKSWA net die samekomste wil uitbuit om "nog 'n hou teen die "Boere-kerk" in te kry. Van 'n soeke na ware ekumene was daar van die kant van VELKSWA geen sprake nie.

Die pad van die ekumene is seker 'n moeisame pad, maar dit word nog veel moeiliker wanneer die strewe na ware ekumene voortdurend net van die een kant kom.

5/ Ander Kontakte ........

ANDER KONTAKTE:

'n Verslag oor ekumeniese kontak en samewerking met VELKSWA sal nie volledig wees, indien nie ook melding gemaak word van die informele kontakte en ander gesprekke wat buite "Gesprek" om gedurende die afgelope jaar plaasgevind het nie.

5.1 Uukwaluudhi-gesprek - 28 November 1974:

Met die indiensstelling van Evangelis Hamunjela op 28 November 1974 was verskeie Kabinetslede van Owambo, asook pastore van ELOK en Rev. Peter Kalangula van die Owambo Free Church, teenwoordig. Voordat die verrigtinge begin nader Pastor Ndjova, Minister van Opvoeding en Onderwys, u Sekretaris ten aanhore van al die omstanders en sê dat hy namens 'n groep "Evangeliese Pastore" praat en vra wat die moontlikheid is dat hulle as groep na die N.G. Kerk kan oorstap. Hoe groot die groep is en wie hulle almal is, wou hy nie sê nie, behalwe dat hulle "'n groot groep" is en dat hy "amptelik deur hulle versoek is" om u Sekretaris in dié verband te spreek.

Pastor Ndjova is daarop gewys dat hy en sy medestanders kerkskeuring in ELOK kan veroorsaak en of hulle al hierdie saak met Biskop Auala of hul Kerkbestuur bespreek het. Hierop was die antwoord kort en saaklik: "Biskop Auala, wie is hy? Hy weet nie meer wat in sy eie land aangaan nie. Hy is voortdurend net in die Buiteland besig om kwaad te stook. Daar is geen sin in om met hom of die Kerkbestuur te praat nie."

Hy het verder bevestig dat hulle wel kerkskeuring op die oog het. Hy is oortuig dat ELOK so ver op die pad van die "Politieke-Evangelie" geloop het, dat hervorming van binne-uit nie meer moontlik is nie. Dit word vir die "Evangeliese-Pastore" onmoontlik om langer in ELOK te bly. Hulle soek 'n ander kerklike tuiste. Die N.G. Kerk in Owambo verkondig Christus en hulle sal graag by die N.G. Kerk wil aansluiting vind.

Wat die lidmate wat hulle mag volg, betref: "Nouja, as 'n koei voortdurend haar kalwers skop, moet sy nie verbaas wees as hulle aan ander koeie begin suip nie."

Hierop/......

Hierop het u Sekretaris geantwoord:"'n Mens mag nooit ligtelik van kerkskeuring praat nie. Ek sien ELOK soos 'n boom wat deur die Finse-Sending baie jare gelede in Owambo geplant is. Hierdie boom se wortels is in Christus geanker. In Christus het hy gegroei en sterker geword. Uiteindelik het dit die grootste kerkboom in SWA geword.

Gedurende die laaste klompie jare het politieke winde oor Afrika begin waai. Sedert 1969 waai hierdie winde in stormsterkte deur ELOK. Die takke van die ELOK-boom het heen en weer geskud en sommige takke het gevaarlik begin buig. Nou word julle bang om langer in hierdie boom te bly. Julle wil nou uitspring. Julle sien net die storms en hoor die politieke-winde waai, maar julle vergeet dat dit maar net die blare en die takke is wat so raas. Die ELOK-boom se wortels en stam is sterk. Die ou Finne het dit goed in Christus gelê. Christus is ook die fondament van ELOK.

Daarom: moenie uitspring nie! Die winde sal nie vir altyd waai nie. Ons ken vir Afrika: Die politieke storme het nog nooit in 'n land langer as tien jaar gewaai nie. En as die storm gaan lê en die wind is stil, wat word dán van die gehawende ELOK-boom? Wie moet hom dán weer help opbou? Wie moet dán die koers aandui as al die sogenaamde "Evangeliese-Pastore" padgegee het? En buitendien moet u onthou: Hierdie winde waai nie net deur ELOK nie, dit waai deur al die kerke heen - ook die N.G. Kerk voel die winde."

Hierop is geantwoord: "U kan maklik praat want u staan nie elke dag tussen die vure wat in ELOK brand nie. Die kerkbestuur van ELOK is besig om ons Kerk die afgrond in te lei en verwag u nou van ons om saam met hulle die afgrond af te stort?"

U Sekretaris het die broeders daarop gewys dat daar wel 'n tyd in die geskiedenis van 'n kerk kom dat skeuring die enigste uitweg is, maar voor daardie dag moet daar eers weer honderd keer gedink en seker gemaak word dat daar geen/ander uitweg is nie en dat die motiewe agter so 'n skeuring om die Eer van God gaan, en nie ander by-motiewe nie.

Die/.......

Die gesprek is afgesluit deur aan Pastor Ndjova te sê: "Ek het gehoor wat u gesê het. Gaan dink weer na oor wat ek gesê het en later praat ons weer verder."

(Hierdie hele gesprek was deur ds. N.S. Paulus getolk sodat daar nie enige misverstand kon wees nie).

Dit moet verder ook vermeld word dat ek die indruk gekry het dat baie van die gedagtes van Pastor Ndjova en sy sogenaamde "Evangeliese-Pastore" ook leef in die harte van verskeie Kavango-pastore van ELOK, hoewel dit nie so skerp uitgedruk word nie.

2. Uukwaluudhi-gesprek 3 Februarie 1975:

Op hierdie datum het u Sekretaris weer 'n besoek aan Ev. Paulus Hamunjela gebring waar hy ondermeer ingewag was deur Pastor Amakutwa (die opsiener van die westelike deel van ELOK en lid van die Kerkbestuur); Pastor Haufiku, asook nog 'n paar ander pastore en evangeliste van ELOK.

Pastor Amakutwa was Voorsitter van die vergadering en vanaf die begin was al die ou probleme maar weer aan die orde: Wat is die ware motief agter die sendingwerk van die N.G. Kerk; respek vir kerklidmaatskap en ontsteltenis oor lidmate van ELOK wat aansoek gedoen het om aansluiting by die N.G. Kerk (64 persone binne 2 maande in die Uukwaluudhi); verwyte oor eenheid en broederskap wat deur die N.G. Kerk vernietig is as gevolg van die opsegging van die Driehoek-Ooreenkoms.

Na lange besprekinge vra u Sekretaris aan pastor Amakutwa "U praat van eenheid en broederskap, maar is dit waar dat u op 9 Mei 1973 'n vergadering van besigheidsmanne in die Ongandjera toegespreek het en 'n beroep op hulle gedoen het om saam te staan en te organiseer sodat geen enkele persoon wat aan die N.G. Kerk behoort ooit in Owambo sal kan koop of verkoop nie? Hierdie boikot teen die N.G. Kerk het misluk, maar is dit waar dat u dit probeer doen het?"

Op 'n baie ongemaklike wyse is die vraag omseil, maar dit was duidelik dat daar "'n groot skrik" oor die vergadering gekom het en die Voorsitter, pastor Amakutwa het die vergadering met haas beëindig en ds. Paulus, ev. Hamunjela en u Sekretaris

6. PERSOONLIKE VLAK:

Op persoonlike vlak is die gesprekke met lede van VELKSWA gewoonlik baie hartlik. Nie alleen kan die Sekretaris daarvan getuig nie, maar ook byna al ons Sendelinge. Veral in die Kavango heers daar 'n besondere gees van hartlikheid tussen die pastore van ELOK en ons sendeling en evangeliste. So het die opsiener oor die Kavango, pastor Sirongo, asook pastor Moremi van Rundu, die bevestiging van ds. K. du Preez bygewoon en ons Sending kwalik geneem "dat julle ons so laat in kennis gestel het, anders kon ons vragmotors gereël het sodat baie van ons lidmate ook die verrigtinge op Takuasa kan bywoon."

7. OPMERKINGS:

7.1. Dit mag 'n subjektiewe aanvoeling wees, maar dit wil my tog voorkom asof VELKSWA in die laaste tyd nie meer veel belangstel kontak met die N.G. Kerk in SWA nie.

Militante jong swart kerkleiers tree almeer in VELKSWA op die voorgrond en die atmosfeer word almeer: "Miskien het die tyd aangebreek wat ons moet sê, laat ons, die Swart Kerke, ons eie weg opgaan" (VID, VELKSWA Informasie Maart 1975).

7.2. Die Teologiese Seminari, Paulinium van VELKSWA te Otjimbingwe stel as inrigting belang in nouer kontak met Orumana se dosente en studente. Dit is miskien 'n moontlikheid wat verdere ondersoek regverdig, hoewel hier met die allergrootste versigtigheid beweeg moet word.

7.3 Almeer stemme gaan ook vanuit N.G.-geledere op wat vra: Waarom al die gesukkel? Los VELKSWA uit en laat ons ons eie paadjie loop: Wat is die sin in gesprekke met 'n Kerk wat openlik die politieke-pad gekies het.

7.4 Persoonlik is ek van mening dat as daar nie nou spoedig gang en rigting in "Gesprek" kom nie, sal ook hierdie laaste kontak-punt gevaar loop om te verdwyn.

Aanbevelings/......

8. AANBEVELINGS:

8.1. Die SSK neem met spyt kennis van die weinig vordering wat gemaak is in di.. :kumeniese gesprekke met VELKSWA.

8.2. Die SSK neem kennis van die gesprekke in die Uukwaluudhi en keur die optrede van die Sekretaris goed.

8.3. Die belanghebbendes ontvang opdrag om nog eens pogings aan te wend en te soe: na weë waardeur ware ekumensiese bande met VELKSWA gesmee kan word.

8.4. Die Sekretaris ontvang opdrag om weereens die volgende vergadering van die SSK. met 'n verslag te bedien, waarna die SSK. sal besin oor voortgesette pogings tot ekumeniese kontak met VELKSWA.

ENDUM:

Die deurlees van bostaande verslag mag die indruk geskep word asof ..ene vir die SSK net gaan om VE..KSWA. Hierdie kontakte is in die ..ige tydsgewrig miskien die bel..ngrikste, maar is hoegenaamd nie die ..ste ekumeniese kontakte waarby die SSK betrokke is nie. Só is .. die informele kontakte wat do..lbewus opgebou word met die Metho..e Kerk, Anglikaanse Kerk, "Congregational", Owambo Free Church ..nkele ander.

.. is daar die formele "Skakelkomitee" tussen die N.G. Kerk in SWA en N.G. Sendingkerk in S.A.(Ring van SWA) wat ook gedurende die afge.. ..aar totstand gekom het en .. potensiaal besit om 'n belangrike ..sie in die toekoms te vervul.

.. is verder ook die ooreenkoms.. met die AES (SAGM); die samewerking ..ie interkerklike Dorothea-Sending ens.

..elangwekkende boodskap is ook via ds. Dana Minnaar aan u Sekretaris ..dra vanaf Rev. Peter Kalangula van die Owambo Free Church. Rev. ..ngula steek voelers uit om te probeer vasstel wat die moontlikhede ..t die N.G. Kerk predikante vir die Owambo Free Church te Orumana ..oplei. Die enigste voorwaarde wat hy glo stel is om in die laaste ..taal van opleiding geleentheid gegun word om die predikante van sy ..te oriënteer ten opsigte va.. ..ie liturgiese gebruike in die Owambo Church. Hierdie versoek is nog nie opgevolg nie, en die erns ..van kan op hierdie stadium nog nie bepaal word nie.

HOEK SENDINGSEKRETARIS ..............

## SUMMARY

In this study the history of the Dutch Reformed Mission Church in South West Africa is traced back from the foundation of the Dutch Reformed Church in South West Africa, from a separate Dutch Reformed Church for South West Africa in 1960 (predominantly for Coloured church members), until the establishment of the Uniting Reformed Church (URC) in Namibia as a regional synod of the Dutch Reformed Church in Southern Africa in 1997. This history, especially the theological reflections on it, is important for various reasons, both from a church history point of view and canonical law viewpoint.

## GOAL

It is important for the author of this study, who was closely involved in the weal and woe of the so-called "for Church" (the separate Dutch Reformed Church which was established for the Coloured community including the Bastards in the then South West Africa) in retrospect to try to understand its troubled history. Simultaneously, a first attempt is made to look critically at the motifs, the relevant factors and the developments which accompanied this history. The goal is to create a better understanding of the concepts and realities of "church" and "mission" within a reformed context.

## METHODOLOGY

The study material was obtained by studying various archival records, for example relevant agendas of church councils, presbytery and synods. The historical analysis of records will be supplemented with canonical and theological reflections of the mission and church terms which, for years, were the norm in the mind and church practice of the Dutch Reformed Church. The Confession of Belhar, which was a spontaneous reaction of the Dutch Reformed Mission Church to the theological apartheid thoughts of the Dutch Reformed Church which eventually led to the establishment of the Uniting Reformed Church in Southern Africa, also played a significant role in Namibia in uniting the former separate Dutch Reformed Mission Church and the Evangelical Reformed Church in Africa. This alternative vision with regard to the Church and the church unit defines this study.

## CONTENT

| | |
|---|---|
| Chapter one: | Goal, methodology and structure |
| Chapter two: | Background to the establishment of separate churches for Coloured and Bastards |
| Chapter three: | Foundation of the Dutch Reformed Church for South West Africa in detail |

Chapter four: Further canonical developments until the establishment of the Uniting Reformed Church

Chapter five: The united church within the Dutch Reformed Church family and the establishment of the Uniting Reformed Church in Namibia as a regional synod of the Uniting Reformed Church in South West Africa.

## MOST IMPORTANT FOCUS POINTS AND FINDINGS

1. The praiseworthy trilateral agreement between the Dutch Reformed Church and the Rhenish and Finnish Missions in South West Africa which promoted ecumenical co-operation, was abolished unilaterally by the Dutch Reformed Church when it became clear that it was an agreement of convenience through which the Dutch Reformed Church wanted to abuse its financial contributions to promote its own ethnic and ideological motifs in the ecumene.

2. The entire process surrounding the establishment of the Dutch Reformed Church for South West Africa in addition to noble, reformed mission motifs, was determined by the unevangelical, unreformed thinking patterns of "separateness".

3. The ecumenical relationship between the so-called "mother and daughter churches" was left in the hands of the so-called mission councils on purpose.

4. The establishment and manipulation of the Evangelical Reformed Church in Africa as a separate "black" Dutch Reformed Church in South West Africa was another conscious resultant product of the apartheid thinking in the Dutch Reformed Church.

5. That this history of ideological separateness had to come to an end, was nothing more than an inevitable consequence of Reformed canonical principles, as included in the Belhar Confession of the Dutch Reformed Mission Church, and the resulting announcement of a status confessionis against apartheid as practised by Church and State.

6. The establishment of a new church, the Uniting Reformed Church in Southern Africa, on the basis of Belhar, inevitably was a consequence of the newly professed church unity, reconciliation and justice.

7. To indicate how impossible it is to cling to an unreformed, ideological view of the spirit, the unity and the mission of the church of Jesus Christ, a view that is not based on the simple truth of the Word of God.

## OPSOMMING

In dié studie word die geskiedenis van die N.G. Sendingkerk in SWA nagegaan vanaf die stigting deur die N.G. Kerk in SWA van 'n afsonderlike N.G. Kerk vir SWA in 1960 (oorwegend vir kleurlinglidmate) tot en met die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) in Namibië as 'n streeksinode van die VGK in Suider-Afrika, in 1997. Dié geskiedenis en veral die teologiese refleksie daarvan is om verskeie redes kerkhistories en kerkregtelik belangrik.

## DOEL

Dit is belangrik vir die outeur van hierdie studie wat persoonlik noú betrokke was by die wel en weë van die sogenaamde "vir Kerk" (die afsonderlike N.G. Kerk wat vir die kleurlinggemeenskap insluitend die Bastergemeenskap in die destydse Suidwes-Afrika tot stand gekom het) om terugskouend die veelbewoë geskiedenis te probeer verstaan. Terselfdertyd word 'n eerste poging gewaag om die motiewe, die tersaaklike faktore en die ontwikkelinge wat met dié geskiedenis gepaard gegaan het, krities te peil. Die doel om deur die kerkhistoriese- en kerkregtelike refleksie 'n bydrae tot 'n beter begrip van die konsepte en realiteite "kerk" en "sending" binne gereformeerde verband te lewer.

## METODIEK

Die studiemateriaal is verkry deur die bestudering van verskeie argivale bronne, byvoorbeeld relevante notules van kerkrade, ringe en sinode. Die historiese analise van bronne word egter aangevul met kerkregtelike en teologiese refleksie rondom die sending- en kerkbegrippe wat vir jare normatief was in die N.G. Kerk se denke en kerklike praktyk. Die Belydenis van Belhar, wat in die N.G. Sendingkerk ontstaan het en uiteindelik gelei het tot die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, het ook in Namibië'n deurslaggewende rol in die vereniging van die vroeëre afsonderlike N.G. Sendingkerk en Evangelies-Gereformeerde Kerk in Afrika, in die VGK gespeel. Dié alternatiewe visie ten opsigte van die Kerk en kerkeenheid is bepalend in dié studie.

## INHOUD

| | |
|---|---|
| Hoofstuk een: | Doel, metodiek en struktuur |
| Hoofstuk twee: | Agtergrond in die totstandkoming van 'n afsonderlike kerk vir Kleurlinge en Basters |
| Hoofstuk drie: | Indiepte bespreking van die stigting van die N.G. Kerk vir SWA |
| Hoofstuk vier: | Verder kerkregtelike ontwikkelinge tot en met die ontstaan van die VGK |
| Hoofstuk vyf: | Die eenwordende kerk binne die N.G. Kerk-familie en totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Namibië as 'n streeksinode van die VGK in Suidwes-Afrika. |

## BELANGRIKE FOKUSPUNTE EN BEVINDINGE

1. Die prysenswaardige trilaterale ooreenkoms tussen die N.G. Kerk en die Rynse en Finse Sending in SWA wat ekumeniese samewerking bevorder het, is eensydig deur die N.G Kerk opgehef toe dit duidelik geword het dat dit 'n gerieflikheidsooreenkoms was waardeur die N.G. Kerk sy finansiële bydraes wou misbruik om sy eie etniese en ander ideologiese motiewe in die "ekumene" te laat slaag.

2. Die hele proses rondom die stigting van die N.G Kerk vir SWA was eweneens, naas edele, gereformeerde sendingmotiewe, bepaal deur die onevangeliese, ongereformeerde denkpatrone van "afsonderlikheid".

3. Die ekumeniese betrekking tussen die sogenaamde "moeder- en dogterkerke" was deurgaans doelbewus in die hande van sogenaamde "sendingrade" geplaas.

4. Die totstandkoming en manipulering van die EGKA as afsonderlike "swart" N.G. Kerk in SWA was 'n verdere duidelike en konsekwente vrug van apartheidsdenke in die N.G Kerk.

5. Dat hierdie ideologiese geskiedenis tot 'n einde moés kom, is niks anders nie as 'n noodwendige gevolg van Gereformeerde kerkregtelike beginsels, soos uiteindelik konsekwent vervat in die Belhar-belydenis van die N.G Sendingkerk en die resulterende afkondiging van 'n Status Confessionis teenoor apartheid in kerk en staat.

6. Die stigting van 'n nuwe kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, op die basis van Belhar, was eweneens 'n noodwendige gevolg van die nuwe belydenis rondom kerkeenheid, versoening en geregtigheid.

7. Om aan te toon hoe onmoontlik dit is om vas te hou aan 'n ongereformeerde, ideologiese siening van die wese, die eenheid en die sending van die kerk van Jesus Christus, 'n siening wat nie op die eenvoudige waarheid van die Woord van God gebaseer is nie.

**TIEN SLEUTELWOORDE**

1. Sending
2. Namibië
3. Gereformeerd
4. Kerkvereniging
5. Onderhandel
6. Ekumenies
7. Kerkreg
8. Apartheid
9. Belydenis
10. Skriftuurlik

? Library
Signature Not Verified
Digitally signed by Library
DN: cn=Library, o=UWC, ou=LICT, c=ZA
Date: 2005.11.01 10:54:15 Z